

Hoofstuk 1 – Navorsingsontwerp

1.1 Inleiding

Die gekose genre vir hierdie navorsing is Suid-Afrikaanse letterkundige tydskrifte. 'n Letterkundige tydskrif is 'n veelsydige genre met 'n diverse aard, omdat dit uit verskeie subgenres soos artikels, poësie, kortverhale en dramas bestaan.

Die rede waarom daar na slegs enkele tydskrifte uit elke era (die 1960's, 1980's en 2000's) gekyk word, is om tendense in die dokumentontwerp van die gekose letterkundige tydskrifte uit die onderskeie eras vas te stel, en dit met mekaar te vergelyk. Sodoende kan daar bepaal word of die parameters van dokumentontwerp oor veertig jaar heen verskuif het en, indien wel, in watter mate hierdie verskuiwing plaasgevind het.

Dokumentontwerp is 'n betreklik nuwe rigting binne die toegepaste taalstudie. Karin Schriver, 'n bekende skrywer en navorser op hierdie terrein, beskryf dokumentontwerp ("Document Design") as 'n wyse waarop tekste geskep word, deur gebruikmaking van woorde en grafika, om aan 'n sekere doel te voldoen (1997:10). Hierdie doel word bepaal deur:

- (i) die boodskap wat die skrywer wil oordra,
- (ii) die metode van oordrag (die tipe dokument), en
- (iii) die gehoor aan wie die boodskap oorgedra moet word.

Tekste word dus geskep met spesifieke oogmerke, wat in ooreenstemmende tipes tekste of genres soortgelyk mag wees, in gedagte. Die algemene definisie vir "genre" is die klassifikasie of indeling van letterkunde in sekere kategorieë. Hierdie indeling word gemaak volgens ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie letterkundige

tipes. Elke genresoort besit sy eie eienskappe, patrone en konvensies (Peck & Coyle 1993:1–2).

Daar word geen waardeoordele oor die letterkundige tydskrifte uitgespreek nie, en die keuse van materiaal was ook nie gegrond op die “kwaliteit” van die inhoud nie. Die redes vir die keuse van die navorsingsmateriaal word in 1.6 bespreek.

1.2 Motivering

Daar het in die 1930’s en 1940’s groot navorsingsbelangstelling in letterkundige tydskrifte geheers. In 1933 het A.M. Uys ’n tesis oor “Die Hollandse letterkundige tydskrifte aan die Kaap tussen 1875 en 1900 as kultuur-historiese beeld van Suid-Afrika, met besondere verwysing na die letterkundige” aan die Universiteit van Kaapstad voltooi. In 1939 het P.J.J. Dry ’n tesis met die titel “*Ons Klyntji: sy historiese agtergrond, sy ontstaan, sy betekenis vir ons kultuur*” aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat voltooi. In 1945 het W.G. Combrinck ’n tesis oor “Die Hollandse en Afrikaanse letterkundige tydskrifte van Suid-Afrika, 1824–1940” aan die Universiteit van die Witwatersrand ingedien. Hierdie belangstelling het egter hierna gekwyn tot en met 1991, toe J.H. Venter ’n doktorsale proefskrif, getiteld “*Standpunte as barometer van die Afrikaanse geesteslewe: 1945–1986*” aan die Universiteit van Suid-Afrika geregistreer het. Hierdie navorsing is egter nooit voltooi nie, en vandag bestaan ’n groot leemte op die terrein van navorsing oor letterkundige tydskrifte. Daar is nog geen navorsing oor die dokumentontwerp van letterkundige tydskrifte gedoen nie, en om dié rede kan hierdie studie as baanbrekend beskou word.

1.3 Probleemstellings

1. Die gebrek aan navorsing en navorsingspublikasies van ’n oorsigtelike aard oor veral Afrikaanse letterkundige tydskrifte (soos vermeld in die Motivering (1.2) van die studie).

[University of Pretoria etd – Rall, S \(2005\)](#)

2. Die feit dat dokumentontwerp, wat 'n relatief jong wetenskap is, tot dusver hoofsaaklik toegepas is op openbare inligtingsdokumente soos voorligtingsbiljette, produkhandleidings, ensovoort; en dat weining nog gedoen is om die rol van dokumentontwerp in publikasies van 'n meer akademiese aard aan te toon.

1.4 Doelstellings

Die doel van hierdie studie is om veranderende tendense in die dokumentontwerp van Suid-Afrikaanse letterkundige tydskrifte van die 1960's, 1980's en 2000's na te vors. Aspekte wat ondersoek word, is:

1. Watter **genre**-konvensies kan vasgestel word vir die letterkundige tydskrif en in watter mate voldoen die gekose tydskrifte aan hierdie genre-konvensies?
2. In watter mate verskil die **inhoud** (subgenres en bydraende skrywers) van die verskillende tydskrifreeke uit dieselfde eras (of stem hulle ooreen)? Watter veranderinge of verskuiwings ten opsigte van die inhoud van die letterkundige tydskrifreeke het oor die drie eras heen plaasgevind?
3. In watter mate verskil die **struktuur** (intern en ekstern) van die verskillende tydskrifreeke uit dieselfde eras (of stem dit ooreen)? Watter veranderinge of verskuiwings ten opsigte van die struktuur van die letterkundige tydskrifreeke het oor die drie eras heen plaasgevind?
4. In watter mate verskil die **styl** van die verskillende tydskrifreeke uit dieselfde eras (of stem dit ooreen)? Watter veranderinge of verskuiwings ten opsigte van die styl van die letterkundige tydskrifreeke het oor die drie eras heen plaasgevind? En laastens:
5. In watter mate verskil die **uitleg** van die verskillende tydskrifreeke uit dieselfde eras (of stem dit ooreen)? Watter veranderinge of verskuiwings wat die uitleg van die letterkundige tydskrifreeke betref, het oor die drie eras heen plaasgevind?

1.5 Navorsingsmetodologie en afbakening

Kwalitatiewe navorsing word gedoen deur 'n meta-analise van die dokumentontwerp van verskillende tydskrifreekses uit die 1960's, 1980's en 2000's. As gevolg van die groot omvang van hierdie studie kan daar nie in fyn besonderhede op 'n omvattende wyse na die inhoud van elke teks in elke tydskrif gekyk word nie. Om hierdie rede word die tekste oorhoofs in verskillende subgenres ingedeel. Volledigheidsomthelwe word al die verskillende skrywersname of aliasse van bydraers tot verskillende subgenres in die tydskrifte opgeneem.

Jan Renkema, 'n bekende Nederlandse taalkundige en taalbeheersingskonde, se CCC-model (vir die ontleding van tekste) word as teoretiese raamwerk gebruik, maar omdat dit hoofsaaklik ontwerp is om kort tekste te ontleed, word dit vir die doeleindes van hierdie studie vir die analise van letterkundige tydskrifte aangepas.

1.6 Navorsingsmateriaal

Die gekose tydskrifte moes aan 'n aantal kriteria voldoen. Eerstens moes die tydskrifte binne een van die voorafbepaalde eras val, tweedens moes die tydskrifte verkieslik 'n kort lewensduur gehad het (omdat letterkundige tydskrifte met 'n kort lewensduur gewoonlik onafhanklike "wegbreek"-publikasies was wat met 'n spesifieke doel voor oë gestig is, en doodgeloop het nadat daardie doel bereik is), en derdens (en waarskynlik die belangrikste rede) moes die tydskrifte beskikbaar wees. Naas die meer eksperimentele tydskrifte word die tydskrifte *Standpunte* en *Tydskrif vir Letterkunde* as kontrolemaatstaf gebruik omdat beide gevestigde tydskrifte oor talle dekades heen was (en is) – insluitende die 1960's, die 1980's en die 2000's.

Vir die era 1960–1970 word *Sestiger*, *Kol*, *Wurm* en *Standpunte* nagevors. Vir die tydperk 1980–1990 word daar na *Spado*, *Graffier*, *Stet* en *Standpunte* gekyk en vir 2000 en daarna word daar gekyk na *Driepootpot*, *PENorent*, *seepdoos SOAPBOX*,

Tydskrif vir Letterkunde en *Spilpunt*. Sedert voltooiing van hierdie studie (in Julie 2004) het die nuwe uitgawes van *Spilpunt* (1(2)) en *Tydskrif vir Letterkunde* (41(2)) verskyn. Dit is dus nie in hierdie studie ingesluit nie.

1.7 Navorsingsontplooiing

In hoofstuk 2 word 'n teoretiese omskrywing van begrip of term "dokumentontwerp" gegee. Dit word gevolg deur 'n beskrywing van Jan Renkema se CCC-model (vir ontleding van tekste) en dié model word dan aangepas vir toepassing op die kwalitatiewe navorsingsmetode wat in hierdie studie gebruik word. Dit word gevolg deur 'n omskrywing van terme wat in dié model en hierdie studie gebruik word.

In hoofstuk 3, 4 en 5 word die inhoud, struktuur, styl en uitleg van die onderskeie tydskrifte van die onderskeie eras geanaliseer, ontleed en met mekaar vergelyk.

Hoofstuk 3 fokus op die tydskrifte van die 1960's, naamlik *Sestiger*, *Kol*, *Wurm* en *Standpunte*; hoofstuk 4 op die tydskifte van die 1980's, naamlik *Spado*, *Graffier*, *Stet* en *Standpunte*; en hoofstuk 5 op die tydskifte van die 2000's, naamlik *Driepootpot*, *PENorent*, *seepdoos SOAPBOX*, *Tydskrif vir Letterkunde* en *Spilpunt*.

Hoofstuk 6 bevat die afleidings en gevolgtrekkings wat berus op die navorsingsbevindinge wat in die voorafgaande hoofstukke uiteengesit is. Vergelykings word getref tussen die genre-konvensies, inhoud, struktuur, styl en uitleg van die tydskrifreeks van die verskillende eras en moontlike verklarings word gegee vir die veranderinge en ooreenkomste wat waargeneem is.

Hoofstuk 2 – Teoretiese onderbou en terminologie

Document design fuses art and science (Schraver 1997:11)

2.1 Dokumentontwerp

Volgens Karin Schraver is dokumentontwerp die wyse waarop tekste geskep word, deur van woorde en grafika gebruik te maak, om aan 'n sekere doel te voldoen (1997:10). Hierdie doel word bepaal deur:

- (i) die boodskap wat die skrywer wil oordra,
- (ii) die metode van oordrag (die tipe dokument), en
- (iii) die gehoor aan wie die boodskap oorgedra moet word, dus die leser.

Volgens Schraver moet skrywers en grafiese ontwerpers lesers se behoeftes baie ernstiger opneem as hulle dokumentontwerp wat werklik effektief is, wil toepas (1997:3).

Schraver beklemtoon die feit dat dokumentontwerp al die prosesse van die ontwerp van 'n dokument beïnvloed, en nie slegs as afronding en/of formatering gesien moet word nie. Goeie dokumentontwerp verg deeglike beplanning om die verbale en visuele elemente in 'n teks op so 'n manier te gebruik dat daar in die doel van die teks geslaag word (1997:5–6). Sy beskryf dokumentontwerp as "...the act of bringing together prose, graphics (including illustration and photography), and typography for purposes of instruction, information, or persuasion. Good document design enables people to use the text in ways that serve their interests and needs" (1997:10–11).

Vir die doel van hierdie studie word Jan Renkema se CCC-model (wat in die laat negentigerjare ontwikkel is) gebruik om die gekose dokumente te ontleed.

Die volgende vyf aspekte van dokumentontwerp word vervolgens geïdentifiseer en ontleed: genre, inhoud, struktuur, styl en uitleg.

2.2 Jan Renkema se CCC-model

Renkema het die CCC-model ontwikkel sodat die kwaliteit van 'n spesifieke teks bepaal kan word deur dit aan sekere kriteria te meet. Hierdie 15 ykpunte word gebruik vanuit die perspektief van die dokumentontwerp. Die "correspondentie", "consistentie" en "correctheid" van die teks word bepaal deur te kyk na die "tekstsoort" (genre), inhoud, "opbouw" (struktuur), "formulering" (styl) en "presentatie" (uitleg) van die teks. Volgens Renkema is dié 15 kriteriapunte gerangskik volgens belangrikheid, waar punt 1 die belangrikste, en punt 15 die mins belangrike kriteriapunt is (Renkema & Kloet 2000:25).

Tabel 2.1: Renkema se CCC-model (Renkema & Kloet 2000:26)

	<i>Correspondentie</i>	<i>Consistentie</i>	<i>Correctheid</i>
<i>a. Tekstsoort</i>	1. geschiktheid	2. genrezuiverheid	3. toepassing generegels
<i>b. Inhoud</i>	4. voldoende informatie	5. ooreenstemming tussen feiten	6. juistheid van gegevens
<i>c. Opbouw</i>	7. voldoende samenhang	8. consequente opbouw	9. correcte verbindingswoorden
<i>d. Formulering</i>	10. gepaste formulering	11. eenheid van stijl	12. correcte zinsbouw en woordkeus
<i>e. Presentatie</i>	13. gepaste presentatie	14. afstemming tekst en vormgeving	15. correcte spelling en interpunctie

Die "correspondentie"-kolom dui op die ooreenstemming tussen die teks en die doel wat die outeur(s) of, in hierdie geval, redakteur(s) in gedagte gehad het met publikasie van die teks (dit wil sê die letterkundige tydskrif). Dit het ook te make met die verwagting van die leser, die volledigheid van die inhoud, die gebruikersvriendelikheid van die struktuur, die gepastheid van die styl en formulering en die funksionaliteit van die uitleg (Renkema & Kloet 2000:25–29).

Die "consistentie"-kolom dui op die konsekwentheid van die vyf onderskeie elemente in dokumentontwerp van die letterkundige tydskrifte wat ondersoek word. Dit sal duidelik na vore tree met die vergelyking tussen die verskillende tydskrifte van dieselfde tydskrifreeks, die vergelyking tussen die verskillende tydskrifreekse van dieselfde era en die vergelyking tussen die verskillende tydskrifreekse van die verskillende eras (Renkema & Kloet 2000:25–29).

Die "correctheid"-kolom dui op die stiptelike navolging van die reëls met betrekking tot genrekonvensies, feitelike korrektheid, die gebruik van spesifieke verbindingswoorde, korrekte sinsbou en woordkeuses en die korrekte gebruik van spelling en leestekens (Renkema & Kloet 2000:25–29). As gevolg van die kwalitatiewe aard van hierdie studie (kyk 1.5) kan daar ongelukkig nie in besonderhede na die korrektheid van die genre, inhoud, struktuur, styl en uitleg van elke teks in elke tydskrif gekyk word nie. Daarom pas ek graag Renkema se model vir my navorsingsmetodiek aan deur die "correctheid"-kolom weg te laat.

Tabel 2.2: Aanpassing van Renkema se CCC-model

	<i>1. Korrespondensie</i>	<i>2. Konsekwentheid</i>
<i>A. Genre</i>	A1. geskiktheid	A2. genresuiwerheid
<i>B. Inhoud</i>	B1. voldoende inligting	B2. ooreenstemming tussen feite
<i>C. Struktuur</i>	C1. voldoende samehang	C2. konsekwente struktuur
<i>D. Styl</i>	D1. gepaste formulering	D2. deurloopenheid van styl
<i>E. Uitleg</i>	E1. gepaste aanbieding	E2. gepastheid van uitleg vir die genre

2.3 Genre

Die algemene definisie vir genre is die klassifikasie of indeling van letterkunde in sekere kategorieë. Hierdie indelings word gemaak volgens ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie letterkundige tipes. Elke genresoort besit sy eie eienskappe, patrone en konvensies (Peck & Coyle 1993:1–2).

Volgens Joan Hambidge (1992:148) word genre "... in die breedste sin van die woord ook gebruik om verskillende kunsvorme aan te dui...". Van Gorp *et al.* verwys na "... een aantal teksttypes en strategieën van tekstvorming binne het literaire systeem die veeleer op psychosociale en funksionele gronde moet onderskeiden word en die het tradisionele genresisteam doorkruis ... Zo manifesteer sich 'genres' als b.v. arbeidersliteratuur, vrouwenliteratuur, jeugliteratuur op grond van skrywer of geïntendeerde publiek" (1991:160).

Peck & Coyle voer verder aan dat elke letterkundige werk nie alleen oor 'n generiese konteks beskik nie, maar ook 'n historiese konteks besit. Hierdie historiese konteks dui op 'n bepaalde historiese era waarin skrywers dikwels dieselfde kwessies aanspreek en meestal oor gemeenskaplike waardes beskik (1993:2). Abrams bevestig hierdie siening deur die volgende stelling: "By structuralist critics a genre is conceived as a set of constitutive conventions and codes, altering from age to age, but shared by a kind of implicit contract between writer and reader. These codes make possible the writing of a particular literary text, though the writer may play against, as well as with, the prevailing generic conventions" (1999:109).

Hierdie genrekonvensies dui dus op 'n tipe verstandhouding tussen die skrywer en die lesers. Van Gorp *et al.* noem dit 'n "genrebewustzijn". Hy beskryf dit as "... een soort kader waarin men teksten schrijft en leest, of nog: een verwachtingshorizon die opgeroepen wordt door formele, inhoudelijke en pragmatische gegevens" (1991:160). Van Gorp *et al.* vervolg verder dat die "genrebewustzijn" 'n dinamiese konsep is en dat tekstipes dikwels verander, groei en "evolueer" (1991:160).

Genres is dus nie staties nie, en volgens Van der Zalm (2001:100) was daar nog nooit werklik algehele ooreenstemming oor die indeling van genres nie. Uit die invalshoek wat in hierdie studie gebruik word, word die letterkundige tydskrif as genre ondersoek. Die onderskeie tekstipes wat in die tydskrifte voorkom (soos artikels, dramas, fragmente uit romans/novelles, kortverhale, kunswerke, onderhoud, poësie, en vertalings) word as subgenres geklassifiseer.

Punt A1 kruis-tabuleer die genre van die teks en korrespondensie of ooreenstemming sodat die geskiktheid van die genretipe vasgestel kan word. In die geval van hierdie studie, sal die letterkundige tydskrif ondersoek word as geskikte genre vir die publikasie van letterkundige inhoud. Hier sal gekyk word na die doel en teikengehoor van die letterkundige tydskrif en die eienskappe van dié medium.

Punt A2 gaan oor die genresuiwerheid van die teks. Hoe vergelyk die konvensies wat in punt A1 vasgestel is onderling tussen die verskillende tydskrifreekses, en eras?

2.4 Inhoud

Punt B1 het te make met die hoeveelheid en kwaliteit van die inligting wat aan die leser gebied word. As gevolg van die aard van hierdie studie (kyk 1.5) kan daar ongelukkig nie in besonderhede na die inhoud van elke teks in elke tydskrif gekyk word nie. Daarom word die tekste oorhoofs ingedeel in verskillende subgenres of tekstipes. Hierdie subgenres sluit aforismes, artikels, briewe, dramas, foto's, kortverhale, kunswerke, onderhouds, poësie, strokiesprente, fragmente uit romans/nouvelles en vertalings in. Die bydraende outeurs van die genre en onderskeie subgenres word ook aangeteken vir vergelykingsdoeleindes in punt B2.

Punt B2 dui op die ooreenstemming tussen die feite. Die verskillende subgenres (tekstipes) wat in die onderskeie tydskrifte (genres) voorkom, sal met mekaar vergelyk word om die volledigheid van die inligting in elke tydskrifreekses, verskillende tydskrifreekses van elke era en verskillende eras se tydskrifreekses te bepaal. Die bydraende outeurs, die genres en onderskeie subgenres word ook op dieselfde wyse met mekaar vergelyk om sodoende 'n idee te vorm van watter outeurs watter subgenres en genres verkies het. Daar word ondersoek watter subgenres in watter tydskrifte voorkom en in watter verhouding hulle tot mekaar voorkom.

2.5 Struktuur

Die term "struktuur" word meestal verklaar as die bou, samestelling of rangskikking van sekere stof of materiaal. Meine (1949:717) beskryf dit as "...the arrangement of the parts in a whole, manner of organization..." en deur Fowler & Fowler (1960:329) word dit soos volg beskryf: "Way in which thing holds together, the supporting framework or essential parts...".

Van Gorp *et al.* (1991:384) definieer die term soos volg: "Struktuur is het geheel van relaties tussen elementen van een tekst." 'n Siening meer gerig op die kunste is dié van prof. A.P. Grové. Hy voel "...die struktuur slaan op die organisasie van beide stof en taal op so 'n wyse dat die gevolg artistiek bevredigend is" (Grové 1963:39).

Punt C1 dui op die interne en eksterne struktuur van die tydskrifte. Weereens is dit onmoontlik om die struktuur van elke teks in die tydskrifte te ontleed, daarom word daar globaal na elke reeks tydskrifte gekyk om die struktuur vas te stel.

2.5.1 Interne struktuur

Die "interne struktuur" van 'n teks dui op die beginsels wat geïmplementeer word om die teks te orden. Hieronder val liniêre ordening (met aspekte soos alfabetiese, tematiese of chronologiese orde), en hiërargiese ordening (Carstens 2000b:26).

(a) *Liniêre ordening*

(i) Alfabetiese ordening

Hierdie tipe interne struktuur behels dat die onderskeie elemente volgens die alfabet ("die volgorde van die ABC") georden word (Odendal & Gouws 2000:40).

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

(ii) Tematiese ordening

Hierdie tipe interne struktuur behels dat die verskillende elemente volgens hul onderskeie onderwerpe georden word (Odendal & Gouws 2000:1148).

(iii) Chronologiese ordening

Hierdie tipe interne struktuur behels dat die onderskeie elemente volgens "tydsorde" georden word (Odendal & Gouws 2000:128).

(b) *Hiërargiese ordening*

Hierdie tipe interne struktuur behels dat die onderskeie elemente "mekaar in rang opvolg". Elke element is "ondergeskik aan die een bo hom" (Odendal & Gouws 2000:389).

(c) *Willekeurige of onreëlmatige ordening*

Hierdie tipe interne struktuur behels dat die onderskeie elemente nie liniêr of hiërargies georden is nie, en dat daar ook geen ander vaste patroon of struktuur in die ordening van materiaal vasgestel kan word nie.

2.5.2 Eksterne struktuur

Die term "eksterne struktuur" dui op die verskillende linguistiese hulpmiddele waarmee die teks georden of verdeel kan word in verskillende afdelings, sodat dit 'n logiese geheel kan vorm. Hierdie onderdele sluit onder andere die volgende in: hoofopskrifte en subopskrifte, inhoudsopgawes, redakteursbriewe en administratiewe inligting (Carstens 2000b:26).

In punt C2 word die konsekwentheid van die struktuur (intern en ekstern) tussen die verskillende tydskrifreekses van elke era en van die verskillende eras met mekaar vergelyk.

2.6 Styl

“Styl kan in absolute essensie opgevat word as die wesentliche essensie van die kuns” (Grové 1963:91).

Woordeboeke beskryf die term “styl” soos volg: “...trant, wyse van skryf, skilder, bou ... eenheid van vormgewing in ’n kunswerk, kenmerkende vorm, wyse van uitdrukking van ’n bepaalde kunstenaar, skool of tydperk...” (Odendal & Gouws 2000:1115) en “...wyse of manier waarop jy jou in geskifte uitdruk, skryfwyse ... harmoniese eenheid in vormgewing...” (Terblanche & Odendaal 1966:1066).

Abrams (1999:303) het die volgende te sê oor styl: “Style has traditionally been defined as the manner of linguistic expression in prose or verse – as how speakers or writers say whatever it is they say. The style specific to a particular work or writer, or else distinctive of a type of writings, has been analyzed in such terms as the rhetorical situation and aim ...; characteristic diction, or choice of words; type of sentence structure and syntax; and density and kinds of figurative language.”

Ook volgens Carstens (2000a:41) word styl bepaal deur inherente aspekte soos woordeskat, sinsbou en struktuur. Ander faktore wat ’n groot invloed op die styl van ’n dokument uitoefen, is die tema van die teks, doel van die teks, die teikengehoor en die genre.

Van Gorp *et al.* (1991:380) sluit hierby aan wanneer hy styl definieer:

“Karakteristieke manier waarop iemand zich in taal (proza of poëzie) uitdrukt (persoonlijke stijl). Deze uitdrukingswijze kan ieder denkbaar aspect van de taal omvatten: zowel woordkeuze, het gebruik van stijlfiguren of beeldspraak, zinsbouw en compositie, als tonaliteit en gevoelswaarde. Dit begrip van persoonlijke stijl kan verruimd worden tot de manier waarop groepen van mensen, i.c. schrijvers, zich uitdrukken (b.v. de stijl van Tachtig) of zelfs hele volken (idiomatologie; b.v. het

verskil tussen een Franse en een Duitse stijl). Verder word het begrip ook gebruikt voor de eigen uitdrukkingswijze van een bepaalde periode (periodestijl, b.v. barokstijl) of een genre (genrestijl, b.v. briefstijl)."

Punt D1 dui op die styl van die tydskrifte. Daar word na elke reeks tydskrifte as geheel gekyk om die styl, en die gepastheid daarvan, vas te stel.

In punt D2 word die konsekwentheid van die styl tussen die verskillende tydskrifreëse van elke era en van die tydskrifreëse van verskillende eras met mekaar vergelyk.

2.7 Uitleg

Die term "uitleg" dui op die opmaak van 'n bladsy of dokument deur gebruik te maak van 'n rekenaar met 'n tafelbladuitlegprogram of konvensionele metodes met ligtafels en so meer. Terblanche & Odendaal (1966:1160) definieer die term as: "...vertolking, uiteensetting, beplanning...".

Campbell (1984:36) beskryf "uitleg" as: "...the task of assembling all the different elements – the photographs, artwork, text and so on, to be prepared for eventual printing".

Punt E1 dui op die uitleg van die tydskrifte. Daar word na elke reeks tydskrifte as geheel gekyk om die uitleg, en die funksionaliteit daarvan, vas te stel.

In punt E2 word die konsekwentheid van die uitleg tussen die verskillende tydskrifreëse van elke era en van die tydskrifreëse van die verskillende eras met mekaar vergelyk. Die gepastheid van die uitleg vir die genre word bepaal, en daar word ook gekyk na die verandering en progressie van die ontwerp en uitleg van era tot era, en hoe tegnologie bygedra het tot die optimalisering van vorm ten opsigte van funksie.

2.7.1 Tipografie

Die term “tipografie” kan gedefinieer word as “... die kuns van druk of afdruk met los, saamgevoegde lettertipes of letters...” (Terblanche & Odendaal 1966:1114) en ook as “[t]he art, general design and appearance of printed matter using type” (Campbell 1984:179). Volgens Carstens (2000b:42) speel tipografie en ruimte ’n baie belangrike rol in die volgende eienskappe van ’n dokument:

- die aard (bv. formeel of informeel),
- die struktuur (bv. die hiërargie),
- die genre/subgenre (bv. ’n resensie of lesersbrief),
- die manier waarop die teks gelees word (bv. van bo na onder of van links na regs),
- die manier waarop die teks gebruik moet word (bv. moet dit gehou of weggegooi word), en
- die uitlig van belangrike elemente met behulp van tipografie en ruimte (bv. sekere prente, foto’s en woorde).

Aspekte wat in gedagte gehou moet word by die tipografiese ontwerp is die volgende: leesbaarheid, beklemtoningstegnieke, opskrifhiërargieë, lettertipe (*serif* of *sans serif*), lettergrootte, gewig, wydte, skuinste, hoofletters of kleinletters, spasiëring van letters en woorde, lynspasiëring, kolomwydte, of die teks links of regs moet oplyn en of dit aan weerskante geblok (“justified”) moet word, ensovoorts (Keyes 1993:638).

2.7.2 Wit spasie of tipografiese wit

Wit spasie dui op die hoeveelheid wit spasie op die bladsy wat nie met teks of grafika gevul is nie. Dit is dus die skoon, oop gedeeltes op die bladsy. Wit spasie dien ’n belangrike doel ten opsigte van die balans en ruimtelike oriëntasie van die dokument.

[University of Pretoria etd – Rall, S \(2005\)](#)

(a) *Horisontale spasiëring*

Volgens Keyes (1993:643) verwys horisontale spasiëring na "...the modular increments of line spacing which create relative proximity, separation and chunking, where larger multiples separate higher levels of a content structure and smaller multiples separate lower levels."

(b) *Vertikale spasiëring*

Vertikale spasiëring word soos volg gedefinieer: "...the various vertical alignments which create separate columns or locations within columns; for example, the left margin positions of hung (outdented) heads, text columns, outdented and indented text" (Keyes 1993:643).

2.7.3 Swart-en-wit-ontwerp

In die boek *Black and white and two-color design* spreek Lesa Sawata die volgende mening oor swart-en-wit-ontwerp uit: "While reduced-color design is often less expensive to produce ... it is as miraculously adaptable as the proverbial little black dress; it can be the gamut of style, from restrained elegance to comic-strip boldness. With well-thought-out design, even pieces created on a copying machine can look innovative, rather than cheap and dirty" (1999:5).

(a) *Gryse*

Swart-en-wit-ontwerp impliseer gryse. Gryse is skakerings van swart. Die grys se graad of persentasie van donkerte en kontras dra by tot die beklemtoning en variasie in 'n dokument. Gryse word baie effektief gebruik in swart-en-wit-ontwerp; swart-en-wit foto's bestaan uiteraard slegs uit skakerings van grys. Gryse is dikwels 'n funksionele manier om sekere stukke inligting in 'n teks met mekaar in verband te bring, soos in tabelle en grafieke (Groff 1990:48).

- (b) [University of Pretoria etd – Rall, S \(2005\)](#)
Tipografiese tonale digtheid ("Typographic tonal density")

Volgens Elizabeth Keyes verwys "typographic tonal density" na "...the relative blackness or shades of grey of type on the page. It describes the way we perceptually group individual character strokes, letters, words, or lines of type to form an overall gray-tone varying from light to dark" (Keyes 1993:664).

2.7.4 Kleurontwerp

Die gebruik van kleur voeg 'n hele nuwe dimensie by ontwerp. 'n Maklike manier om na 'n kleur te kyk, is deur middel van die kleurwiel. Analoë kleure is langs mekaar gesitueer en kleure wat oorkant mekaar voorkom, staan bekend as komplementêre kleure. Kleure word as warm of koud geklassifiseer. Kleure soos geel, rooi en oranje is warm terwyl kleure soos groen, blou en pers as koud gesien word (Groff 1990:54).

Die gebruik van kleur word beïnvloed deur kleurtoon, -waarde, -versadigingsgraad, helderheid, posisie op die kleurwiel, vorige assosiasies, agtergrond, aangrensende kleure, oppervlak, ouderdom van teikengroep, moontlike kleurblindheid van lesers, ensovoorts (Keyes 1993:638).

2.8 Die Internet

Odendal & Gouws (2000:467) beskryf die term "Internet" as: "Versamelnaam vir al die funksies wat binne die web vervat word, insluitende funksies soos elektroniese pos (e-pos), geselsgroepe en nuusgroepe, asook enige ander dienste en inligting wat elektronies aan gebruikers beskikbaar gestel word."

Volgens Meyer & Baber (1995:21) is die Internet "[a] system of linked computer networks that facilitates data communication services, often referred to as the

'information highway'. An international packet-switching network supported mostly by universities, research centers, and government agencies."

2.8.1 Die web

Die term "web" word deur Odendal & Gouws (2000:1354) gedefinieer as: "’n Wêreldwye elektroniese netwerk van rekenaars wat met mekaar gekoppel is deur middel van sentrale Internet-diensverskaffers. Sulke diensverskaffers huisves elektroniese data en stel dit beskikbaar aan enige gebruiker wat met ’n rekenaar [en modem] inskakel en inligting vra".

2.8.2 Elektroniese tydskrif (E-tydskrif)

Dit is ’n tydskrif of publikasie wat nie soos die tradisionele tydskrif in harde kopie beskikbaar is nie, maar wat elektronies op die Internet beskikbaar is. Enige gebruiker met ’n rekenaar, modem en toegang tot die web kan dit direk van die skerm af lees, of die bladsye uitdruk om ’n harde kopie te bekom.

Hoofstuk 3 – Tydskrifte van '60

Een feit moet ons aanvaar: die skrywer skryf nie vooruit nie, maar vanuit. Hy kies nie self sy materiaal nie, sy tyd doen dit vir hom. Hy bepaal nie sy eie geestesgesteldheid nie, sy omgewing doen dit vir hom.

(Barnard, *Sestiger* 1(3):27)

3.1 Inleiding

Die jare sestig is gekenmerk deur verandering. Die Sestigters deurbreek taboes deur te skryf oor dinge soos seks, godsdiens, politiek, rasseverhoudings in Suid-Afrika tydens die apartheidsjare en die omstrede publikasiewet (Suid-Afrika 1974 nr. 42).

Dis egter nie net in die tematiek waar verandering plaasgevind het nie, maar ook in die skryfstyl. Die Sestigters het weggebreek van die ou geïkonneerde vorme, hulle "verset teen die konvensionele en die gevestigde" (Lindenberg 1998:295), nuut gedink en grootliks geëksperimenteer.

In hierdie hoofstuk word daar na vier literêre tydskrifte van die jare sestig gekyk: *Sestiger*, *Wurm* en *Kol* as die afwykings/uitsonderings, met geselekteerde nommers van *Standpunte* as die konvensie/reël.

Volgens Kannemeyer (1983:242) dien *Sestiger* en *Kol* "albei 'n tydjie lank as podium vir nuwe tendensies in die letterkunde", terwyl *Wurm* een van die eerste "werklike avant-garde-tydskrifte [is wat] naas skeppende bydraes [ook] kort beskouinge wat veral teen die sensuurbedeling gemik is..." publiseer. *Standpunte*, aan die ander kant, word deur Kannemeyer beskryf as een van die "belangrikste spesifiek-literêre blaaië" (1983:243).

3.2 Biografiese inligting van geselekteerde tydskrifte

3.2.1 Biografiese gegewens van *Sestiger*

Aan die begin van die sestigerjare was daar 'n groot behoefte onder sommige van die Sestigters om hulle eie publikasie op die been te bring aangesien probleme ondervind is om hulle werk in reeds gevestigde literêre tydskrifte, soos *Standpunte*, gepubliseer te kry. Chris Barnard en Bartho Smit het probeer om borge vir so 'n publikasie te vind, maar toe hulle nie daarin slaag nie, nader hulle vir Abel Coetzee van *Tydskrif vir Letterkunde*. Hy stem in om 'n nuwe reeks onder die vaandel van *Tydskrif vir Letterkunde* uit te bring, en so ontstaan die tydskrif '60: *Tydskrif vir Letterkunde*. Laasgenoemde loop egter na die eerste nommer dood omdat daar gevrees word vir die staking van staatsteun vir *Tydskrif vir Letterkunde*. Die rede hiervoor is dat daar maar min vertroue in die jonger skrywers op die redaksie van '60 was. Dit lei daartoe dat die toekomstige redaksie van *Sestiger* alle bande met *Tydskrif vir Letterkunde* verbreek (Kannemeyer 1983:238–9).

Dié debakel het natuurlik baie dekking in die dagblaaie ontvang, en daarom vind die skrywers hierdie keer maklik borge vir hulle nuwe publikasie. Abel Coetzee van *Tydskrif vir Letterkunde* dreig hulle egter met 'n hofbevel indien hulle die naam '60 sou gebruik, en daar word toe op die naam *Sestiger* besluit. Bartho Smit, wat destyds 'n uitgewer by Afrikaanse Pers-Boekhandel was, sou as hoofredakteur optree. Druk is egter op Afrikaanse Pers-Boekhandel uitgeoefen en Smit moes homself "amptelik" aan *Sestiger* onttrek (Kannemeyer 1983:239).

Gevolglik is sy naam nie by die redaksielys van die publikasie gevoeg nie, en is die redaksie saamgestel uit die volgende persone: Chris Barnard, André P. Brink, Abraham H. de Vries, Etienne Leroux, Koos Meij, Jan Rabie, Adam Small en Dolf van Niekerk. Vanaf die derde uitgawe het André P. Brink die redaksionele versorging van die blad oorgeneem.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Sestiger was 'n onafhanklike kwartaalblad wat elke Februarie, Mei, Augustus en November verskyn het vanaf November 1963 tot Augustus 1965. Daar is agt nommers gepubliseer.

Die stigtingsdoel van *Sestiger* word opgesom deur Bartho Smit wanneer hy in die inleiding tot die eerste nommer die volgende stelling maak: "Die dae toe die skrywer sy nuwe tema of gedagte in die uitgekristalleerde vorm kon giet, is verby. Die mens en sy bestaan het vir ons so vloeiend en onomlynbaar geword dat hulle net nie meer in die tradisionele vorme wil inpas nie" (Smit, *Sestiger* 1(1):1).

Volgens André P. Brink (*Sestiger* 2(3):3) sou *Sestiger* teen Augustus 1965 in sy stigtingsdoel geslaag het. Dit was om aan "nuwe" skrywers van meestal eksperimentele werk 'n spreekbuis te verskaf en om die "doelstellinge van Sestig" aan die algemene publiek bekend te maak. Omdat die stigterslede van die begin af ooreengekom het dat geen vaste tydperk vir die publikasie vasgestel sou word nie en omdat *Sestiger* se uitgewer, Unie-Boekhandel (Edms) Bpk., deur die Perskor-groep oorgeneem is, is die publikasie gestaak.



Figuur 3.1

Dié voorblad, ontwerp deur Marcus Achleitner, word in al agt uitgawes van *Sestiger* gebruik.

3.2.2 Biografiese gegewens van *Wurm*

Die kontroversiële literêre tydskrif *Wurm* het in Junie 1966 onder redakteurskap van P.A. de Waal Venter die lig gesien. Twaalf uitgawes word gepubliseer tot die tydskrif in Februarie 1970 gestaak word.

Volgens De Waal Venter was tye met die ontstaan van *Wurm* so "stormagtig" (*Wurm* 2:3) dat een van die blad se adviseurs anoniem moes bly en altwee adviseurs na die eerste uitgawe van dié tydskrif uit die redaksie moes bedank. "Gewone man" of, soos dit later sou blyk, Laurentius van der Walt, en Phil du Plessis moes hulself altwee aan *Wurm* se bedrywighede onttrek.

Vanaf uitgawe twee (Aug. 1966) het Jeanne Goosen en Menno Stenvert as die nuwe letterkundige adviseurs aan die werk gespring. Met publikasie van *Wurm* 3 (Sept. 1966) het 'n kunsadviseur, slegs bekend as Marcia, haar by die span aangesluit.


Die redaksionele span van vier verdubbel egter tot agt in die volgende nommer (*Wurm* 4, Des. 1966). Marié Blomerus aanvaar verantwoordelikheid vir die sirkulasie en advertensies, Stephan Bouwer vir die finansies, Erla Louw maak die bandopnames en L.A. Bezuidenhout word reklamevertegenwoordiger.

Vanaf *Wurm* 5 (1967) word die redaksie waargeneem deur Marié Blomerus en Phil du Plessis. In *Wurm* 6 (Aug. 1967) beklee Casper Schmidt die pos van produksie-assistent. Met die publikasie van *Wurm* 7 (Nov. 1967) sluit Hugo Neirinckx by hulle aan as Vlaamse gasredakteur.

In Julie 1968 (*Wurm* 9) word die redaksie van *Wurm* verder uitgebrei as Peter Wilhelm hom by Blomerus en Du Plessis aansluit, met Neirinckx wat steeds as Vlaamse gasredakteur waarneem. Hierdie werksverhouding gaan voort tot en met *Wurm* 12 (Feb. 1970). Dit is die laaste uitgawe van *Wurm*, en baie skaars omdat dit

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

gepubliseer is as "...a private limited edition not intended for circulation to the general public..." (*Wurm* 12:3).



Figuur 3.2
Wurm 8 (Mrt. 1968)
se voorblad is dié
kunswerk van Wopko
Jensma. Dieselfde
voorblad is ook vir
Wurm 9 en 10
gebruik.

3.2.3 Biografiese gegewens van *Kol*

Die literêre tydskrif *Kol* bestaan vanaf Augustus 1968 tot Desember 1969. Gedurende hierdie tydperk word 10 nommers gepubliseer.

Die stigtingsredaksie het bestaan uit die volgende persone: P.G. du Plessis, Louis Eksteen, John Miles, Chris Barnard en Bartho Smit. Vanaf die tweede nommer word Louis Eksteen vervang deur Marthinus van Schoor. Die redaksie bly dan so tot en met die negende uitgawe in Oktober 1969. Geen redaksielys word in die laaste uitgawe, Desember 1969, verstrek nie.

Kol is vir die duur van sy bestaan gedruk deur die Potchefstroom Herald Drukkery (Edms.) Bpk.



Figuur 3.3
Dié voorblad van *Kol*
(Sept./Okt. 1968) word
opgemaak uit 'n skets
van Elza Botha.

3.2.4 Biografiese gegewens van *Standpunte*

Standpunte is in 1945 deur N.P. van Wyk Louw, W.E.G. Louw en H.A. Mulder in Kaapstad gestig. Dit verskyn tot en met 1953 kwartaalliks, en vanaf 1954 tot met sy sluiting in 1986 tweemaandeliks. Meer biografiese gegewens oor *Standpunte* (veral die debakel oor die redaksie en gevolglike sluiting in die tagtigerjare) volg in hoofstuk 4.

Geselekteerde nommers van *Standpunte*, as gevestigde tydskrif in die jare 1961 tot 1970, word in hierdie studie ingesluit as aanduiding van die konvensie/reël van dié tydperk. Ses uitgawes van *Standpunte* is jaarliks gepubliseer, en die keuse vir insluiting het geval op die derde nommer van elke jaargang (van 1961 tot 1970), wat meestal in Februarie verskyn het.


Die reeksnommers is dus vervolgens: nommer 33 [14(3), Feb. 1961]; nommer 38–39 [15(2 en 3), Des. 1961 – Feb. 1962]; nommer 45 [16(3), Feb. 1963];

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

nommer 51 [17(3), Feb. 1964]; nommer 57 [18(3), Feb. 1965]; nommer 63 [19(3), Feb. 1966]; nommer 69 [20(3), Feb. 1967]; nommer 75 [21(3), Feb. 1968]; nommer 81 [22(3), Feb. 1969] en nommer 87 [23(3), Feb. 1970].

Die redaksieledede van *Standpunte* tydens publikasie van nommer 33 (1961) was: N.P. van Wyk Louw, W.E.G Louw, D.J. Opperman, Jan Greshoff, Rob Antonissen, A.P. Grové, Karel Joncheere, F.J. le Roux (tegnies) en G.H. Durrant. Met publikasie van nommer 38–39 (1962) word G.H. Durrant vervang deur C.J.D. Harvey.

Die redaksie bly vervolgens dieselfde vir nommer 45 (1963) en 51 (1964), en in nommer 57 (1965) het André P. Brink by die redaksie aangesluit. In nommer 63 (1966) is die redaksie steeds dieselfde as die vorige jaar, maar T.T. Cloete en Ernst van Heerden is deel van die redaksie vanaf nommer 69 (1967), asook vir nommers 75 (1968), 81 (1969) en 87 (1970).



Figuur 3.4
Standpunte se voorblaaie bevat 'n opgawe van die inhoud soos hier gesien kan word by nommer 75, 21(3), Feb. 1968.

3.3 Algemene en biografiese vergelyking

In die eerste plek is *Sestiger*, *Wurm* en *Kol* gestig omdat daar 'n sekere behoefte by die skrywers van Sestig bestaan het. Hierdie behoefte kon nie deur reeds bestaande literêre publikasies, soos *Standpunte*, vervul word nie.

Kannemeyer wys daarop dat N.P. van Wyk Louw in die eerste nommer van *Standpunte* die volgende aanspraak gemaak het: “[*Standpunte* is nie gestig] om 'n standpunt te propageer nie, maar om die vrye bespreking van die grondslae van ... (literêre en verwante) aktiwiteite in Suid-Afrika moontlik te maak.” Kannemeyer vervolg egter verder: “Met die vernuwung van die Afrikaanse literatuur in die sestigerjare verrig *Standpunte* nie meer die sterk leidende funksie wat dit in sy eerste tydperk gehad het nie, [en] vind die werk van die Sestigters nie in dieselfde mate neerslag in die blad nie...” (Kannemeyer 1978:274). Daar moes dus nuwe media geskep word om aan die behoeftes van die Sestigters te voldoen, soos dit uit die volgende stellings blyk:

“Maar watter kans het die skrywer ‘van ons eeu’ om sy publiek te bereik as sy werk bekend gestel word deur kritici wat dit nog steeds toets aan standarde en vormvereistes waaraan hy nie meer wil voldoen nie en wat hy miskien selfs doelbewus in sy werk probeer vermy het?” (Red., *Sestiger* 1(1):2).

“Dit is noodsaaklik dat elke nuwe geslag vir homself instrumente ontwerp om sy omgewing te ondersoek en bearbei. Die nuwe letterkundiges het 'n nuwe analiseerder nodig om aan te pas by die spesifieke probleme van hulle tyd” (Red., *Wurm* 3:8).

“Jy kan tog nie ontken dat daar 'n réde is waarom só 'n tydskrif met só 'n redaksie en só 'n beleid, of gebrek aan 'n beleid, nou juis moes ontstaan nie” (Breytenbach, *Kol* 1(1):10).

Hoewel al drie hierdie tydskrifte uiteenlopende (of geen) stigtingsverklarings gehad het (nie), was die werk wat in dié drie publikasies voorgekom het, meestal ooreenstemmend wat die skrywers, die vorm en die styl betref (kyk later in hoofstuk). Net so ook het die vorm en styl van dié van die vorige generasies se werk verskil. 'n Verdere aspek wat die feit van hierdie "behoefte" steun, is dat dié tydskrifte almal 'n baie kort lewensduur gehad het. Wanneer daardie "behoefte" vervul is, word die tydskrif gestaak:

"[Daar is] besluit ... dat ons nou in 'n hoë mate verwesenlik het wat ons beoog het: heelwat 'jongeres' het aan die skryf gekom; ander literêre blaaië het hul deure vir nuwer werk begin oopmaak; ons het die geleentheid gehad om ons standpunt te stel ... Ons wil ons lesers dus hiermee in kennis stel dat met die volgende ... uitgawe die blad gestaak sal word" (Red., *Sestiger* 2(3):3).

"The editors regret that this must be the final issue of *Wurm*. The reason for this is twofold: financial and temporal. A new decade calls for new applications, elsewhere" (Red., *Wurm* 12:3).

In die laaste uitgawe van *Kol* word geen aanduiding of rede gegee waarom die publikasie juis toe gestaak is nie. Daar staan bloot op die voorblad "KOEBAAI" en in *KOLmentaar*: "Hiermee het Kol sy kol gesien" (*Kol* 1(10):32).

3.4 Die letterkundige tydskrif as genre (A1)

As deel van hierdie studie word die tydskrif, as geskikte genre vir die publikasie van letterkundige inhoud, ondersoek. In sy boek *Genre, frames and writing in research settings* beskryf Brian Paltridge die sistemiese benadering tot die analise van genres. "The systemic perspective on genre ... [is] influenced by meaning being grounded in the context of culture and context of situation of particular communicative events," volgens Paltridge (1997:23). Met ander woorde: kultuur en retoriese konteks speel 'n

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

groot rol in die analise van genre, en uiteraard word die aard van letterkunde as sodanig grootliks bepaal deur die taal en kultuur waarin en waaruit dit ontstaan. Die lesers (en skrywers) van Suid-Afrikaanse letterkundige tydskrifte is mense met 'n voorliefde vir die kunste wat veral voortspruit uit Suid-Afrikaanse kultuur. Hoewel die lesers van *Standpunte* en *Tydskrif vir Letterkunde* waarskynlik meer konserwatief of behoudend en akademies ingestel was, voed *Sestiger*, *Wurm* en *Kol* in die sestigerjare (hoofstuk 3); *Spado*, *Graffier* en *Stet* in die tagtigerjare (hoofstuk 4) en *Drie-pootpot*, *PENorent*, *seepdoos SOAPBOX* en *Spilpunt* in die tweeduisends (hoofstuk 5) weer die meer liberale en "oopkop" gedeelte van die letterkundige gemeenskap.

Paltridge (1997:106) meen verder dat "...[t]he interactional characteristics of a genre may include specific author/s and audience/s of the text, a particular channel of communication and, at a certain level of abstraction, a particular 'topic', and social stock of knowledge. The communicative event, furthermore, occurs in a particular social and cultural setting and has a particular communicative function." Soos reeds in 3.3 (en later in 4.3 en 5.3) aangetoon word, is elkeen van die onderskeie letterkundige tydskrifte met 'n sekere doel voor oë gestig (soos dit uit hul stigtingsverklarings blyk). Daar was gewoonlik 'n sekere behoefte onder die bydraende skrywers, asook die lesers, wat gelei het tot die ontstaan van die letterkundige tydskrif. Die doel wat die redakteurs/skrywers in gedagte gehad het met die publikasie van die letterkundige tydskrif hou direk verband met die teikengehoor van dié genre.

Bhatia sluit hierby aan deur sy siening dat verskeie elemente, soos die inhoud, vorm, teikengehoor en medium of kanaal wat gebruik word, die aard van die genre kan beïnvloed. 'n Genre word egter primêr uitgeken deur die doel van die kommunikasie (Bhatia 1993:13). Hy voer verder aan dat "...[t]his shared set of communicative purpose(s) shapes the genre and gives it an internal structure... each genre is an instance of a successful achievement of a specific communicative purpose using conventionalized knowledge of linguistic and discursal resources..." (1993:13,16). Enige gegewe dokument beskik dus oor inherente eienskappe wat hom eien tot 'n spesifieke genre.

Letterkundige tydskrifte word deur die volgende genre-konvensies gekenmerk:

- Die inhoud is van 'n letterkundige aard.
- Die tydskrif verskyn gewoonlik ten minste twee keer per jaar.
- 'n Tydskrif beskik oor verskeie fisiese eienskappe wat dit van ander gedrukte media soos koerante of boeke onderskei:
 - Die belangrikste hiervan is waarskynlik die papier waarop die dokument gedruk is. Koerante word gedruk op koerantpapier (48g) terwyl letterkundige tydskrifte op 'n swaarder tipe papier gedruk word. Dit word meestal op papier met die dikte van gewone tikpapier (80g) gedruk.
 - Tweedens is die fisiese grootte van die dokument insiggewend. Tydskrifte is baie selde groter as A4, en die meeste tydskrifte wat in hierdie navorsing gebruik is, is inderdaad in A4- of A5-grootte.
 - Derdens beskik tydskrifte gewoonlik oor 'n afsonderlike buiteblad van dikker papier, en selfs al is dit nie die geval nie, is tydskrifte altyd gerugbind met gom, krammetjies of garing.

In hoofstuk 6, nommer 6.2 (A2) sal aangedui word in watter mate die verskillende tydskrifte in hierdie studie wel aan bogenoemde genre-konvensies voldoen.

Vervolgens moet bepaal word waarom 'n tydskrif die ideale medium of kanaal vir die publikasie van letterkundige inhoud is. Die volgende redes word aangevoer:

- 'n Tydskrif bied aan skrywers meer publikasiegeleenthede omdat dit meer gereeld verskyn as 'n boek of bundel.
- Skrywers kan hulle werk in 'n tydskrif publiseer en dit dan as toetssteen voor publikasie in 'n bundel gebruik.
- 'n Tydskrif verskaf 'n mondstuk vir die nuwe generasie, en debatvoering binne 'n sekere vakgebied kan effektief in 'n tydskrif geskied.
- Daar is 'n onmiddellikheid verbonde aan die publikasie van 'n tydskrif.
- Tydskrifte beskik oor die vryheid om meer eksperimenteel van aard te wees as boeke of bundels wat meestal aan streng publikasie-vereistes moet voldoen.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

- Tydskrifte word ook dikwels gebruik as reklamemedium vir die uitgewer self, soos die advertensies van Nasionale Boekhandel Beperk in *Standpunte* en dié van Taurus in *Stet*.
- Tydskrifte is 'n baie diverse medium waarin verskeie tekstipes soos artikels, dramas, fragmente uit romans/novelles, kortverhale, kunswerke, onderhoude, poësie en vertalings voorkom. Hierdie onderskeie tekstipes word as subgenres geklassifiseer.
- Tydskrifte beskik oor 'n langer "raklewe" of lewensduur as koerante.

Die letterkundige tydskrifte wat in hierdie studie bestudeer word, word dikwels "little magazines" genoem. Dit is letterkundige tydskrifte wat 'n beperkte drukoplaag en verspreiding het, meestal werk van ongepubliseerde en onbekende skrywers publiseer, en vervolgens nie bydraers betaal vir hulle bydraes nie. In die sestiger-, sewentiger- en tagtigerjare van die twintigste eeu is "little magazines" gestig as mondstuk vir jong skrywers wat teen sensuur ingestel was en (om hierdie en ander redes) nie hulle werk in die tydskrifte van die "literêre establishment" (soos *Standpunte* en *Tydskrif vir Letterkunde*) gepubliseer kon (of wou) kry nie.

3.5 Inhoud (B1)

3.5.1 Inhoud van *Sestiger*

Die inhoud van *Sestiger* (wat uit Afrikaanse en Engelse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Chris Barnard, Johan Bekker, Breyten Breytenbach, André P. Brink, Abraham H. de Vries, J.P.A. du Preez, J.C. Kannemeyer, Etienne Leroux, N.P. van Wyk Louw, Koos Meij, Eben Meiring, F.A.M. Mulock-Houwer, Israel Pinshaw, Jan Rabie, Louw Rabie, Mario Schiess, Bartho Smit en Dolf van Niekerk.
- 'n **Drama** deur Hennie Aucamp.

- **Fragmente uit romans, nouvelles en/of reisverhale** deur Chris Barnard, Breyten Breytenbach, André P. Brink, Etienne Leroux en Anton Prinsloo.
- **Kortverhale** deur Marc Achleitner, Carol Aldridge, Hennie Aucamp, Robert Ball, Chris Barnard, Breyten Breytenbach, Abraham H. de Vries, D.M. Greeff, J. v.d. V. le Roux, Ena Marais, Earl Martin, Hendrik Mattheus, Koos Meij, Johan Nel, Michael Oberholzer, P.L., Jan Rabie, Jan Scholtz, Adam Small, P. Jaco Smit, Dolf van Niekerk en De Waal Venter.
- **Poësie** deur Marié Blomerus, Petra Bonthuys, D.P.M. Botes, Stephan Bouwer, Breyten Breytenbach, André P. Brink, Chris Coetzee, Morné Coetzer, Marcus de Jong, Phil du Plessis, F.I. Durand, Louis Eksteen, Pieter Fourie, Johan D.U. Geldenhuys, Jeanne Goosen, Max Greyling, Jeanneg, Wopko Jensma, Ingrid Jonker, Wilhelm Knobel, Joan Lötter, Ena Marais, Koos Meij, Reon Meij, Elna M. Nel, Jaco Nel, Burgert Roberts, Erwin Rode, Marnus Roothman, C.F. Rudolph, N. Sauer, Jan Spies, Lina Spies, Menno Stenvert, Willem P. van der Merwe, Vincent van der Westhuizen, De Waal Venter en Pieter Venter.
- **Vertaalde poësie** deur D.P.M. Botes.

3.5.2 Inhoud van *Wurm*

Die inhoud van *Wurm* (wat uit Afrikaanse, Engelse, Franse, Vlaamse en Nederlandse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Stephan Bouwer, P.P. Brits, Charl J.F. Celliers, Douwe de Jong, W.A. de Klerk, Paul de Vree, Phil du Plessis, P.S. Groenewald, Wessel J. Groenewald, Peter Horn, W.D. Maxwell-Mahon, Jan Rabie, Casper Schmidt, Phillip Steyn, Wilma Stockenström, Laurentius van der Walt, Eddie van Vliet, De Waal Venter, Dawn Volsteadt en Julien Weverberg.
- **Dramas** deur Phil du Plessis, Walter Saunders, Wilma Stockenström en Peter Wilhelm.
- **'n Drama van 'n skrywer buite Suid-Afrika** deur Eric Pijnaken.
- **Kortverhale** deur Marié Blomerus, Phil du Plessis, Jeanne Goosen, Geoffrey

Haresnape, Peter Horn, Wilhelm Knobel, Joan Lötter, Chris Pelser, R. Prinsloo, Olga Strauss, De Waal Venter, Peter Wilhelm en Charles Wilson.

- **Kortverhale van skrywers buite Suid-Afrika** deur Sinclair Beiles, Fred de Swert, Jan Jacob Herman, Liam O’Gallagher, James Silver en Carel Weissner.
- **Kunswerke** deur Walter Battiss, Wilna Breedt, Lila Beukes, Phil du Plessis, Wopko Jensma en Katozi Mitzuda.
- **Onderhoude** deur David Botes en De Waal Venter met N.P. van Wyk Louw; Phil du Plessis met Walter Battiss; Phil du Plessis met S.J. Pretorius; Phil du Plessis met Cecily Sash; Phil du Plessis met Coenie Rudolph; Marié Blomerus met Elize Botha.
- **Poësie** deur Lionel Abrahams, Charles Alfonso, Carel Aucamp, D. Barnard, Eva Bezwoda, Marié Blomerus, D.P.M. Botes, Petra Bonthuys, Stephan Bouwer, Sue Boyd, W. Crane, Jennifer Davids, Cees de Jongh, Arie de Raadt, André de Wet, Phil du Plessis, Pieter du Plessis, David Farrell, Annette Fell, H. Fincham, David Friedland, Jeanne Goosen, Stephen Gray, D.M. Greeff, Wessel J. Groenewald, Peter Horn, Leslie-Ann Humphries, Wopko Jensma, Desmond Jones, Wilhelm Knobel, Glanville le Sueur, Bernard Levinson, C.A. Liebenberg, N.A. Liebenberg, Rodger Loveday, Michael Macnamara, Nasso Mavrakis, Ruth Miller, Mart Poelswaan, Wessel J. Pretorius, R. Prinsloo, Peter Rodda, P.H. Roodt, Robert Royston, Walter Saunders, Casper Schmidt, Helen Segal, Sarel Smit, C.P. Steenkamp, Menno Stenvert, Wilma Stockenström, Mark Swift, David Tribe, David van Biljon, Ernst van Graan, J.H. van Rensburg, De Waal Venter, Hewitt Visser, Egbert von Bart, Alexander von Rudloff, Martin Walker, Lola Watters, Bode Wegerif en Peter Wilhelm.
- **Poësie van digters buite Suid-Afrika** deur Sinclair Beiles, Gerard Belart, Edsard Berger, Jozef Bierkens, Marcel Bogaerts, Helen Bonou, Martin Booth, Bonnie Bremser, Wim Chaffart, John Cotton, Richard Chiofolo, Dirk Christiaens, George Chrysovitsanos, Nico de Neef, Fred de Swert, George Dowden, Phillip Drummond, Reinaldo Ferreira, Jacinto Fombona-Pachano, Allen Ginsberg, Gilbert Goos, Marcus Grapes, Robin Hannelore, Kenneth O. Hanson, Olympia

Karagiorga, Carlos Leene, Hugo Neirinckx, Eric Pijnaken, Charles Plymell, Carlos Reyes, Annie Rooney, Greet en Rik Schuyesmans van Loo, Martin Steingesser, Barend Toerien (’n Suid-Afrikaanse digter in die VSA), Nikos Tselepidis, Leopold M. v.d. Brande, Jiri Valoch, Julien Vangansbeke, Jan Vanriet, Eddy van Vliet, Herwig Verleyen, Ignaas Veys en Bernie V. Winebaum.

- **Vertalings** deur Marié Blomerus, Stephan Bouwer, Wilhelm Knobel, Uys Krige, L.J. Roux, De Waal Venter en Christine Viljoen.
- **Visueel-konkrete poësie** deur André de Wet, Leon van Essche, Paul van Vree en Ivo Vroom.

3.5.3 Inhoud van *Kol*

Die inhoud van *Kol* (wat uit Afrikaanse, Engelse en Nederlandse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Chris Barnard, Breyten Breytenbach, André P. Brink, A.J. Coetzee, Léon Coetzee, Theunis Combrinck, J. Croucamp, Douwe de Jong, Marcus de Jong, P.G. du Plessis, Etienne Leroux, John Miles, Piet Muller, Ben Piek, Adam Small, Bartho Smit, Dempsie van der Merwe en Marthinus van Schoor.
- **Dramas** deur P.G. du Plessis, George Louw en Bartho Smit.
- **Fragmente uit romans** deur Chris Barnard en Henk Rall.
- **Kortverhale** deur Hennie Aucamp, Theunis Combrinck, Jan Cremer, Abraham H. de Vries, Dian Joubert, John Miles, Thijs Nel, Wena van der Merwe, Pieter Venter en Greta Viljoen.
- ’n **Onderhoud** deur Martinus van Schoor met Frans Marnitz.
- **Poësie** deur Breyten Breytenbach, Hans G.W. du Plessis, P. Duffett, Walter Friedrich, Jeanne Goosen, Marlise Joubert, N.P. van Wyk Louw, Johan Nel, Ian Raper, Casper Schmidt, Adam Small, Bartho Smit, Lina Spies, Ernst van Heerden en Pieter Venter.

3.5.4 Inhoud van *Standpunte*

Die inhoud van *Standpunte* (wat uit Afrikaanse, Engelse en Nederlandse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Dawie, Andries Alberts, Rob Antonissen, D. Bax, D.R. Beeton, Elize Botha, Jan Bouws, T.J. Buning, T.T. Cloete, A.J. Coetzee, P.C. Coetzee, Louis Combrink, P.J. Conradie, J.J. Degenaar, G. Dekker, L. Dekker, J.C.M.D. du Plessis, P.G. du Plessis, S.I.M. du Plessis, H. du Randt, Pierre H. Dubois, L.C. Eksteen, H.B. Giliomee, C.J. Greshoff, P. du P. Grobler, P.S. Groenewald, D.C. Hauptfleisch, Robin Lee, E. Lindenberg, N.P. van Wyk Louw, J.P. Malan, Eugène Marais, M. Nienaber-Luitingh, F.F. Odendal, D.J. Opperman, Erwin Plant, Johan H.L.S. Potgieter, Rena Pretorius, S.J. Pretorius, M. Schmidt-Ihms, M.G. Scholtz, Merwe Scholtz, L.F. Schulze, H.J. Schutte, R. Schutte, T.A. Smailes, J.L. Steyn, S. Strydom, H.W. Truter, P.P. van der Merwe, P.D. van der Walt, Ernst van Heerden, W. van Heerden, F.A. van Jaarsveld, F.I.J. van Rensburg, C.A. van Rooy, A. van Selms, A.J. Venter, J.A. Verhage, Rialette Wiehahn en Anthony Woodward.
- 'n **Drama** deur W.H.D. Manson.
- **Kortverhale** deur Abraham H. de Vries, Henriëtte Grove, Werner Krueger en Valerie H. Lewis.
- **Poësie** deur Perseus Adams, Rina Badenhorst, Pirow Bekker, Stephan Boucher, Sheila Cussons, Hester Dreyer, Louis Eksteen, Elisabeth Eybers, Pieter Fourie, W.H. Gardner, Johan D.U. Geldenhuys, Jeanne Goosen, D.M. Greeff, C.J. Greshoff, C.J.D. Harvey, R.T. Jones, Héléne Kesting, Tariantjie Klein, Wilhelm Knobel, D.W. Kruger, N.P. van Wyk Louw, Estelle Maré, D.M. Middleton, John Miles, Adèle Naude, S.V. Petersen, Freda Plekker, S.J. Pretorius, R. Prinsloo, Susan Roets, Anna Rudolph, Adam Small, Lillian Smit, J.C. Steyn, Barend J. Toerien, H.W. Truter, T. Tyfield, Judith van der Merwe, Peet van der Merwe, Thomas A. van Dyk, Ernst van Heerden, S.E. van Zyl, A.J.J. Visser, M.M. Walters en George Weideman.

3.6 Vergelyking van inhoud (B2)


Verskeie ooreenkomste en verskille kom voor wat die inhoud en bydraende skrywers van *Sestiger*, *Wurm*, *Kol* en *Standpunte* betref. Akademiese en/of aktuele artikels, kortverhale en poësie is subgenres wat in al vier tydskrifte voorkom. Dramas verskyn in *Sestiger*, *Wurm* en *Kol*; kunswerke kom slegs in *Wurm* voor; onderhoude kom slegs in *Kol* en *Wurm* voor; uittreksels of fragmente uit romans of novelles of reisverhale kom slegs in *Kol* en *Sestiger* voor; en vertalings slegs in *Sestiger* en *Wurm*.




Dit is verder interessant om die **getal bydraende skrywers** van elke subgenre in die vier tydskrifte te ondersoek:

Tabel 3.1: Getal bydraende skrywers tot verskillende subgenres in die '60's

Subgenre	<i>Sestiger</i>	<i>Wurm</i>	<i>Kol</i>	<i>Standpunte</i>
Artikels	18	19	18	61
Dramas	1	5	3	0
Fragmente uit romans/nouvelles	5	0	2	2
Kortverhale	22	19	11	4
Kunswerke	0	6	0	0
Onderhoude	0	6	1	0
Poësie	38	112	15	45
Vertalings	0	7	0	0

Vervolgens word grafiese voorstellings gegee van die **getal bydraende skrywers** van die drie grootste subgenres (artikels, poësie en kortverhale) en die persentasie waarin hulle in *Sestiger*, *Wurm*, *Kol* en *Standpunte* voorkom.





Hieruit kan afgelei word dat *Sestiger* en *Kol* veel meer omvattend was met ongeveer gelyke persentasies bydraers van artikels, kortverhale en poësie. *Wurm* het by verre die meeste poësie gepubliseer, met presies gelyke persentasies bydraers van artikels en kortverhale. *Standpunte* neig egter definitief meer na die formele/akademiese kant toe met die meeste artikelbydraers, daarna poësie en slegs vier persent kortverhale.

Die inhoud van *Sestiger* word uit Afrikaanse en Engelse bydraes opgemaak, maar die redaksionele bydraes word slegs in Afrikaans aangebied. *Wurm* bestaan uit Afrikaanse, Engelse, Franse, Vlaamse en Nederlandse bydraes, en die redaksionele bydraes word in Afrikaans en Engels aangebied. *Kol* se inhoud word weer slegs uit Afrikaanse, Engelse en Nederlandse bydraes opgemaak, en die redaksionele bydraes word slegs in Afrikaans aangebied. *Standpunte* se inhoud word ook uit Afrikaanse, Engelse en Nederlandse bydraes opgemaak, met die redaksionele bydraes in Afrikaans.

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat *Sestiger*, *Kol* en *Standpunte* hoofsaaklik 'n Afrikaanse Suid-Afrikaanse (en moontlik selfs Nederlandse) teikengehoor gehad het terwyl *Wurm* 'n wyer teikengehoor bereik het met inhoud in verskeie tale en redaksionele inhoud in sowel Afrikaans as Engels.

Kyk **Aanhangsel A** vir 'n verdere uiteensetting van *Sestiger*, *Wurm*, *Kol* en *Standpunte* se inhoud wat die bydraende skrywers, die subgenres waarin hulle geskryf het, en ook waar hulle werk gepubliseer is, betref.

3.7 Struktuur (C1)

3.7.1 Struktuur van *Sestiger*

Die interne struktuur van *Sestiger* kan as willekeurig of onreëlmatig (kyk 2.5.1 c) beskryf word.

Die eksterne struktuur kan soos volg beskryf word: Die eerste bladsy in elke uitgawe bestaan uit die titel, *Sestiger*, bo aan, gevolg deur die datum, jaargang en nommer, gevolg deur die lys van redaksielede, gevolg deur die inhoudsopgawe met administratiewe inligting onder aan die bladsy (kyk Figuur 3.5).

Die res van die inhoud word soos volg georden: die outeur (van die teks) se naam word bo aan die bladsy geplaas, met die titel van die teks daaronder, gevolg deur die teks self (kyk Figuur 3.9).

3.7.2 Struktuur van *Wurm*

Soos in die geval van *Sestiger* kan die interne struktuur van sommige uitgawes van *Wurm* (1, 2, 3 en 5) ook as willekeurig of onreëlmatig (kyk 2.5.1 c) beskryf word. In *Wurm* 4, 6, 7, 8, 9, 10, 11 en 12 word daar egter van 'n tematiese ordeningsbeginsel (kyk 2.5.1 a) gebruik gemaak (kyk Figuur 3.6).

inhoud/contents	page/bladsy
DIE LETTERKUNDE VAN BEHOUD :	
W.A. de Klerk	1
POETRY :	
Peter Horn	14
Michael Macnamara	16
David Farrell	24
Eva Bezwoda	26
Glanville Lesueur	28
Lola Watter	29
André de Wet	31
David Friedland	32
Nasso Mavrakis	33
PROSA :	
Jeanne Goosen	37
Illustrasie : Lila Beukes	
PROSE :	
Peter Wilhelm	41
BUIITE S.A./OUTSIDE S.A. :	
Jacinto Fombona-Pachano (vertaal deur Uys Krige)	43
Eric Pijnaken	54
Eddy van Vliet	56
Fred de Swert	58
Leopold M. v.d. Brande	60
Dirk Christiaens	63
Martin Booth	68
George Dowden	69
Phillip Drummond	72
John Cotton	74
EENBEDRYF : Die Katlagters : Wilma Stockenström	77
POESIE :	
D.P.M. Botes	89
Phil du Plessis	92
Wopko Jensma	94
Wessel Groenewald	97
Cees de Jongh	98
Wilma Stockenström	99
Wilhelm Knobel	102
Casper Schmidt	104
Wessel Pretorius	105
P.H. Roodt	107
NASKRIFTE EN ONDESKRIFTE :	
Peter Rodda	112
H. Fincham	113
P.S. Groenewald	114
Eddy van Vliet	117
Peter Wilhelm	119
Tydskrifte Ontvang	120
Peter Horn	121
STOFOMSLAG :	
Wopko Jensma	

Figuur 3.6
Die inhoudsopgawe van *Wurm* 9 (Jul. 1968). Hier kan mens duidelik die tematiese ordeningsbeginsel waarneem.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Wat die eksterne struktuur van *Wurm* betref, kan die volgende vermeld word: Die eerste bladsy bevat die nommer, jaargang en datum van die uitgawe, administratiewe inligting oor die redaksie, die adres, prys en wyse waarop bydraes aangestuurd moet word. Die tweede bladsy bevat die inhoudsopgawe. Hierdie afdeling word soms genummer, soms met bladsyverwysings aangebied en soms (soos reeds genoem) tematies georden. Op die derde bladsy begin die redaksionele kommentaar. Daar word egter alreeds in die derde nommer afgewyk van dié eksterne struktuur.

Wurm 3 open met 'n gedig van Jeanne Goosen, waarna die blad se administratiewe inligting volg en dan die inhoudsopgawe. "Donners" is 'n samestelling van kritiese paragrawe deur De Waal Venter. Dit was 'n gereelde rubriek/artikel in die eerste, tweede en derde uitgawe van *Wurm*.

Wurm 4 skop af met 'n gesprek of onderhoud tussen De Waal Venter, Dawid Botes en N.P. van Wyk Louw. Die inhoudsopgawe verskyn eerste (eers op p.15), met die administratiewe inligtingsblad tweede (op p.16). Geen redaksionele kommentaar kom in hierdie uitgawe voor nie.

In *Wurm* 5 word die patroon van nommer 1–3 herstel met die redaksie, adres waarheen bydraes gestuur moet word, prys vir intekening en kopieregbesonderhede wat op p.1 verskyn. Geen datum of jaarganginligting word egter verstrekk nie. Die inhoudsopgawe (wat op p.2 voorkom) word vir die eerste keer tweetalig aangebied met die opskrif wat lui: "Inhoud/Contents". Die redaksionele kommentaar verskuif na die agterkant van die tydskrif en verskyn onder 'n nuwe titel, "Naskrifte en onderskrifte".

Vanaf *Wurm* 6 tot en met *Wurm* 12 beslaan die titel, redaksie en datum die eerste bladsy, die administratiewe inligting skuif oor na die volgende bladsy en daarna volg die inhoudsopgawe. In *Wurm* 12 is daar 'n addisionele bladsy tussen die administratiewe inligtingsblad en die inhoudsopgawe ingevoeg, waar Phil du Plessis om

verskoning vra vir die "motley condition" van die blad. Daar word ook aangedui dat hierdie 'n private, beperkte uitgawe is, dat Hugo Neirinckx steeds Vlaamse gasredakteur is, en daar verskyn 'n erratum.

Soos reeds genoem, verskyn die redaksionele kommentaar vir die eerste drie uitgawes aan die voorkant van die blad. Vanaf nommer vyf tot elf verskuif dit egter na die agterkant van die tydskrif in 'n rubriek genaamd "Naskrifte en Onderskrifte". Ander skrywers/lesers word ook in die "Korrespondensie"-rubriek die geleentheid gegun om hul opinies te lug. Hier word kommentaar wat aan die redaksie gestuur is, gepubliseer.

Vanaf *Wurm 7* is 'n lys van "Tydskrifte ontvang" 'n gereelde onderafdeling van "Naskrifte en Onderskrifte" en "Korrespondensie". Hier word al die tydskrifte wat aan *Wurm* se redaksie gestuur word, met hul adresbesonderhede, gelys.

Wurm 12, as "private limited edition" wat ook die laaste uitgawe was, verdien spesiale aandag. Soos met al die ander uitgawes is die bladsye getik en ingebind (kyk 3.11.2). Drie stukke ('n kortverhaal en twee dramas) is egter op groter bladsye getik en is gevou sodat dit inpas. Op die laaste paar bladsye van die laaste uitgawe van *Wurm* vind mens 'n interessante verskynsel.

Terugskouend vanaf 1970 op die sestigerjare, dryf Phil du Plessis die spot met verskeie mense of groepe. 'n Mens kan maar self aflei wat die doel en betekenis van elke voorstelling is. Eerstens is daar 'n velletjie toiletpapier vasgekram, met die onderskrif "Hulde aan die Sestigters". Tweedens is daar 'n stukkie skuurpapier vasgekram, met die onderskrif "Hulde aan *Standpunte*". Derdens is daar 'n plastieksakkie wat 'n *Crepe de Chine* bevat, met die onderskrif "Hulde aan André Brink", en laastens 'n swart kol, met 'n spuitkan gespuitsverf, met die onderskrif "In memoriam". Hierdie bladsye dien ook as redaksionele kommentaar.

Die inhoud van *Wurm* word glad nie op 'n vasgestelde manier op die bladsy georden nie. Soms verskyn die outeur se naam langs die titel van die stuk, en soms word die naam van die outeur eers aan die einde van die werk aangedui (kyk Figuur 3.10).

3.7.3 Struktuur van *Kol*

Soos in die geval van *Sestiger* en *Wurm* kan die interne struktuur van *Kol* ook as willekeurig of onreëlmatig (kyk 2.5.1 c) beskryf word.

Die eksterne struktuur van *Kol* kan soos volg beskryf word: Die binnevoorblad bevat die logo, administratiewe inligting oor die redaksie, adres, prys, bydraes en drukkerbesonderhede, die nommer, jaargang en datum, asook die inhoudsopgawe (kyk Figuur 3.7).

Die res van die inhoud word soos volg georden: die outeur se naam word bo aan die bladsy geplaas, met die titel van die werk daaronder, gevolg deur die werk self. Daar is geen voorwoord nie. Redaksionele kommentaar kom egter aan die agterkant van die tydskrif voor in 'n rubriek genaamd "KOLmentaar". In hierdie rubriek word ander skrywers/lesers ook die geleentheid gegun om hul opinies te lug. Op die laaste bladsy van nommer 1 (Aug. 1968) en 2 (Sept./Okt. 1968) verskyn 'n komiese bladsy genaamd "Graprubriek", waarin uitsprake van skrywers of uittreksels uit publikasies aangehaal word. In nommer 3 (Okt./Nov. 1968) word daar egter hiervan afgewyk deurdat daar 'n klein satiriese drama in die plek daarvan verskyn. In nommer 4 (Nov./Des. 1968) verskyn "KOL-KOL" op die laaste bladsy. Hier word word 'n paar "wyse" sêdinge kwytergemaak. In uitgawe 5 (Jan./Feb. 1969) verval die komiese blad heeltemal, maar in nommer 6 (Feb./Mrt. 1969) is "KOL-KOL" weer terug. In die sewende uitgawe (Mei 1969) word 'n resensie van die Engelse vertaling van *Raka*, wat in die *Sunday Tribune* van 12 Januarie 1969 verskyn het, in *Kol* gepubliseer onder die titel "KOLiek". Dit word gevolg deur "KOL-KOL". Nommer 8 (Jun. 1969), 9 (Okt. 1969) en 10 (Des. 1969) bevat geen komiese blad nie.

KOL

Verskyn tien keer per jaar.

Redaksie: Chris Barnard, P. G. du Plessis, John Miles, Bartho Smit, Marthinus van Schoor.

Medewerkers: Hennie Aucamp, A. J. Coetzee, Richard Daneel, Abraham H. de Vries, Etienne Leroux, Johan Nel, Ian Raper, Anna Vorster en ander.

Adres: per Boekhandel De Jong (Edms.) Bpk., Posbus 31422, Braamfontein, Transvaal.

Prys: per jaargang (tien uitgawes) R3.50, los nommers 45c.
Vir Europa: Hfl. 17,50 en Bfr. 250./Hfl. 2,75 en Bfr. 45 onderskeidelik.

Intekenings en los nommers: by vooruitbetaling, aan die bostaande adres of aan ander boekhandels. In Europa: N.v. Uitgeverij Nijgh & Van Ditmar, Badhuisweg 232, 's-Gravenhage, Nederland, of die boekhandel.

Bydraes: aan Posbus 31422, Braamfontein, Transvaal. By ongevraagde bydraes moet 'n gefrankeerde en geadresseerde koevert vir antwoord ingesluit word.

Druk: Potchefstroom Herald Drukkery (Edms.) Bpk., Posbus 156, Olënlaan 11, Potchefstroom.

Jaargang 1, nommer 5, Januarie-Februarie 1969

Marlise Joubert: Vier gedigte 1

Léon Coetzee: *Oop of toe (Of: Tussen veertig en vyftig)* 5

Chris Barnard: *Fragment uit 'n versaakte roman (1964)* 10

Pieter Venter: Twee gedigte 22

John Miles: Drie verhale 24

Teuna Combrinck: *Ou-Drie Basel as skryfster* 29

Kolmentaar 31

Figuur 3.7

Die binnevoorblad van *Kol* (Jan./Feb. 1969) bevat die logo, administratiewe inligting oor die redaksie, adres, prys, bydraes en drukkerybesonderhede, die nommer, jaargang en datum, asook 'n beknopte inhoudsopgawe.

3.7.4 Struktuur van *Standpunte*

Die interne struktuur van *Standpunte* kan ook, soos in die geval van *Sestiger*, *Wurm* en *Kol*, as willekeurig of onreëlmatig (kyk 2.5.1 c) beskryf word.

Die eksterne struktuur van die geselekteerde nommers van *Standpunte* sien soos volg daaruit: Die eerste bladsy bevat gewoonlik 'n advertensie van een of ander aard – meestal adverteer Nasionale Boekhandel Beperk boeke wat by die uitgewery verskyn het of herdruk is. Ander adverteerders sluit Shell, BP en Sanlam in.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Die agterkant van hierdie advertensieblad is blanko, met die inhoudsopgawe op die derde bladsy in die tydskrif. Hier verskyn die naam, *Standpunte*, die redaksielys, jaargang en nommer, datum, nommer van die reeks en die inhoudsopgawe. Onder die inhoudsopgawe is die besonderhede oor die aanstuur van bydraes, inligting oor die wyse van intekening en die prys, en uitgewersbesonderhede (kyk Figuur 3.8).

Die res van die inhoud word soos volg georden: die titel van die werk word bo aan die bladsy geplaas, gevolg deur die teks self, met die outeur se naam onder die teks. Voetnote verskyn onder aan meeste van die bladsye (kyk Figuur 3.14 en 3.15).

Daar is geen voorwoord nie. Redaksionele kommentaar en aankondigings kom egter aan die agterkant van die tydskrif voor in 'n rubriek genaamd "Aantekeninge". Uit die ondersoek van die geselekteerde uitgawes van *Standpunte* blyk die struktuur eenvorming te wees vir die tydperk 1960 tot 1970.

STANDPUNTE	
REDAKSIE :	
<i>N. P. van Wyk Louw · W. E. G. Louw · D. J. Opperman · Jan Greshoff Rob. Antonissen · A. P. Grové · Karel Jonckheere · F. J. le Roux (tegnies) C. J. D. Harvey · André P. Brink · T. T. Cloete · Ernst van Heerden</i>	
Jaargang XXI Nr. 3	Februarie 1968
75	
INHOUD	
Terug na die natuur	<i>Abraham H. de Vries</i> 1
'n Artistieke geheel	<i>M. G. Scholtz</i> 7
Poems	<i>C. J. D. Harvey</i> 14
Gedig	<i>R. Prinsloo</i> 15
Op 'n dwaalspoor deur dwaalstories – 1	<i>H. du Randt</i> 16
Two poems	<i>Lillian Smit</i> 24
Die eiening van Rousseau	<i>E. Lindenberg</i> 25
The snakes of wind	<i>Werner Krueger</i> 29
'n Monografie oor Maurice van Esche	<i>J. C. M. D. du Plessis</i> 30
Die totstandkoming van 'n simbool	<i>P. P. van der Merwe</i> 34
The hound of God	<i>D. W. Kruger</i> 49
Apocrypha	<i>M. M. Walters</i> 51
A note on some mythical elements in Lawrence's Women in love	<i>T. A. Smailes</i> 55
Twee „Nederlandse“ iteratiewe in Afrikaans	<i>D. C. Hauptfleisch</i> 59
Aantekeninge	64

Stuur alle Afrikaanse bydraes aan prof. A. P. Grové, Standpunte, Universiteit van Pretoria, of prof. N. P. van Wyk Louw, Standpunte, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg. Afrikaanse boeke ter resensie moet direk aan prof. A. P. Grové gestuur word.
English contributions and English books for review should be sent to Prof. C. J. D. Harvey, 10, Binnekering Road, Dalsig, Stellenbosch.
Intekengeld per jaargang in S.Afrika en S.W.A.: R3.60. Buiteland: R4.20.
Standpunte word uitgegee deur Nasionale Boekhandel Beperk, Posbus 122, Farrow.

Figuur 3.8

'n Willekeurige of onreëlmatige ordeningsbeginsel (kyk 2.5.1 c) is duidelike sigbaar by die titel-/inhoudbladsy van *Standpunte* 75 [21(3), 1968].

3.8 Vergelyking van struktuur (C2)

Die interne struktuur van *Sestiger*, *Wurm*, *Kol* en *Standpunte* is merendeels gelyksoortig wat die keuse van willekeurige of onreëlmatige ordening aanbetref. Hierdie tipe interne struktuur behels dat die verskillende elemente nie liniêr of hiërargies georden is nie, en dat daar ook geen ander vaste patroon of struktuur in die ordening van materiaal vasgestel kan word nie. In *Wurm* 4, 6, 7, 8, 9, 10, 11 en 12 word daar egter van 'n tematiese ordeningsbeginsel gebruik gemaak. Hierdie tipe interne struktuur behels dat die verskillende elemente volgens onderwerp georden word (kyk 2.5.1 a). Die rede waarom die redakteurs van *Wurm* juis dié ordeningsbeginsel gebruik het, is waarskynlik omdat *Wurm* oor die algemeen uit meer bladsye, en oor meer bydraende skrywers per uitgawe beskik het as *Sestiger*, *Kol* en *Standpunte* (kyk 3.6). Die tematiese ordeningsbeginsel was dus instrumenteel in die logiese uiteensetting van die tydskrif.

Wat die eksterne struktuur van *Sestiger*, *Wurm*, *Kol* en *Standpunte* betref, vind mens ook verskeie verskille en ooreenkomste. *Sestiger* en *Wurm* se eerste bladsy bevat administratiewe inligting oor die datum, jaargang, nommer, redaksie, prys, ens. In *Kol* se geval verskyn dié inligting op die binnevoorblad, en by *Standpunte* op die derde bladsy. In *Sestiger*, *Kol* en *Standpunte* word die inhoud ook op hierdie bladsy aangedui. *Wurm* se inhoud word egter op 'n aparte bladsy aangedui, waarskynlik weereens as gevolg van die veel omvangryker aard van *Wurm* se inhoud. *Standpunte* is die enigste van die vier tydskrifte wat advertensies bevat, waarskynlik omdat die blad deur Nasionale Boekhandel Beperk gesubsidieer is, en Nasionale Boekhandel op dié manier "waarde" vir hul subsidie kon kry.

Die hoeveelheid redaksionele kommentaar wat in die onderskeie tydskrifte voorkom, is ook insiggewend. In *Sestiger* bevat elke uitgawe (met die uitsondering van nommer 4) een, twee en selfs drie redakteursbriewe. *Wurm* se redaksionele kommentaar (later "Naskrifte en Onderskrifte") bestaan dikwels uit korrespondensie wat gevoer is

tussen die redakteurs en ander kunstenaars (binne- en buitelands), onderhoude, kort opstelle, 'n satiriese skets in *Wurm* 11, ensovoorts. *Kol* se "KOLmentaar" word opge- maak uit kort opmerkings wat soms uit 'n reeks enkelsinne met hul onderskeie opskrifte bestaan. In hierdie rubriek word ander skrywers of lesers ook die geleent- heid gebied om hul opinies te lug. En in *Standpunte* is die redaksionele kommentaar (soos in *Kol*) ook maar skraps, met "Aantekeninge" op die laaste bladsy(e) van som- mige nommers. In verhouding met die omvang van die onderskeie tydskrifte kan mens duidelik aflei dat die redakteurs van *Sestiger* die grootste hoeveelheid redak- sionele kommentaar gepubliseer het.

3.9 Styl (D1)

3.9.1 Styl van *Sestiger*

In die eerste uitgawe van *Sestiger* stel Bartho Smit die tydskrif bekend as "... 'n groeps poging van die 'jonger' skrywers (of 'middeljariges' soos een van ons ou jon- geres verkies om hulle te noem) om die regte klimaat en begrip vir hulle werk en strewe te skep. En hiermee word nie bedoel begrip vir *gewaagdhede* of *ondermy- nende* temas nie, maar slegs vir die probleme, hoofsaaklik vormprobleme, waarmee die ernstige skrywer van elke nuwe generasie maar altyd weer te doen kry" (*Sestiger* 1(1):1).

Volgens Smit is "[d]it ... immers een van die oogmerke van SESTIGER om aan die jonger Afrikaanse skrywers die geleentheid te gee om van mekaar te verskil en menings te wissel." Hy voer verder aan dat *Sestiger* graag "enersyds ... 'n venster oop[maak] op die rigtings en strominge van ons eie tyd, en andersyds ... jonger skrywers die geleentheid ... bied om helderheid te kry oor wat en waarheen hulle wil en moet" (*Sestiger* 1(1):2).

3.9.2 Styl van *Wurm*

Volgens De Waal Venter bied *Wurm* aan "...digters en skrywers, letterkundiges en kritici, belangstellendes en leke die geleentheid ... om onbeswaard hul mening te lug oor sake rakende die literêre lewe. Elkeen het natuurlik sy eie skryfstyl, sy eie manier van stelling, sommige word verontwaardig, selfs venynig, ander skryf gedigte of verhale, ander raak vervul met 'n gloed van bewondering vir 'n gelewerde prestasie. *Wurm* is 'n onafhanklike blad. Niemand subsidieer *Wurm* nie, niemand hou 'n wakende oog oor *Wurm* nie, behalwe die redaksie van *Wurm*. En die redaksie van *Wurm* raadpleeg hulle eie gewete oor wat gesê word in die blad ... die redaksie van *Wurm*, net soos die medewerkers aan *Wurm*, is nie 'n haatdraende klomp beeldstormers net vir die lekkerte daarvan nie, hulle is mense wat die Afrikaanse letterkunde na aan die hart dra, en juis daarom soms baie skerp optree teen dinge wat hulle ongesond vind" (*Wurm* 1:3).

Oor die redaksionele styl van *Wurm* word die volgende genoem: "Dit is die beleid van hierdie redaksie om die mening van enigiemand te plaas wat hom oor die letterkunde wil uitspreek. Daar bestaan 'n neiging by letterkundige tydskrifte om net die tipe stof te plaas wat aan die redakteur se besondere smaak voldoen. Hierdie neiging wil die redaksie graag vermy en *Wurm* 'n mondstuk probeer maak van enigiemand wat hom wil uitspreek oor die Suid-Afrikaanse literêre wêreld" (Venter, *Wurm* 2:3).

3.9.3 Styl van *Kol*

In die eerste uitgawe van *Kol* (Aug. 1968:31) verskyn die volgende redaksionele stellings omtrent die styl van dié tydskrif: "Die tydskrif *Kol* verskyn sonder credo en wil beslis nie net 'n spreekbuis vir 'n bepaalde groep of rigting wees nie. Dit wil eenvoudig ruimte bied vir nuwe Afrikaanse letterkunde van erkende, maar veral ook van aspirant-skrywers. Verder beoog dit die publikasie van – liefste: kort en kernagtige – kommentaar op sake van die Suid-Afrikaanse kultuur in sy wydste sin..."

Volgens John Miles "... sal *KoI* in groot mate van ander letterkundige tydskrifte verskil en beloop om voortdurend 'n sensitiewe vinger op die pols van ons land se kultuurlewe te hou. Die blad sal hom nie blind staar teen, en beperk tot akademiese beskouings nie, maar uiteenlopende en selfs botsende standpunte toelaat. Aspekte van Afrikaanse denke, letterkunde, beeldende kunste, teater, radio, musiek, argitektuur en die filmbedryf sal onder die loep geneem word deur kenners op onderskeie terreine. Behalwe kommentaar sal *KoI* ook heelwat skeppende werk publiseer ... en wil veral sy lesers op hoogte hou met die jongste en nog ongepubliseerde werk van ons mees vooraanstaande skrywers" (Persverklaring 1968).

3.9.4 Styl van *Standpunte*

Volgens 'n kennisgewing wat in 1957 in *Standpunte* 11(5-6) verskyn het, was "*Standpunte* ... 'n betroubare spieël van ons letterkundige en geestelike lewe. Bydraes oor kuns, musiek, argitektuur, teologie, wysbegeerte en ander geesteswetenskappe word gereeld daarin opgeneem."

Henriette Roos beskryf *Standpunte* as 'n tydskrif wat "... meer as veertig jaar die toonaangewendste akademies-literêre tydskrif sou wees..." (1998:37), en Kannemeyer beskryf *Standpunte* as een van die "belangrikste spesifiek-literêre blaaie" (1988:243), maar noem ook dat dit "... toenemend deur 'n dor akademiese ingesteldheid en 'n gemis aan daadwerklike leiding of inisiatief bedreig" word (1978:274-275). Barend Toerien ondersteun hierdie siening wanneer hy *Standpunte* in die rubriek "Boekpraatjies" in *Die Burger* as "...vervelig en onlekker vir dié van ons wat nie aan universiteite se Afrikaanse departemente betrokke is nie" (1986), beskryf. Toerien vervolg verder: "Tog het die blad oor sy veertig jaar se bestaan baie bereik en 'n hoë literêre standaard nagestreef en behou. Maar dit het so vervelig geword: 'n letterkundige blad vir letterkundiges."

3.10 Vergelyking van styl (D2)

Die retoriese situasie (genre) van *Sestiger*, *Wurm*, *Kol* en *Standpunte* is dieselfde aangesien al vier publikasies letterkundige tydskrifte is. Die teikengehoor kom ooreen, want enigeen wat 'n liefhebber van Afrikaans en die kunste is (hetsy liberaal of behoudend), sou daarin belangstel om hierdie publikasies te bekom. Die doel verskil egter: *Sestiger*, *Wurm* en *Kol* wou 'n alternatiewe opsie aan kunstenaars te bied vir die publikasie van hul werk. Hulle wou aan enigeen ("digters en skrywers, letterkundiges en kritici, belangstellendes en leke"; Venter, *Wurm 1*, 1965: 3), die geleentheid bied om hul sê te sê. Die redakteurs het kommentaar oor verskeie aspekte van Suid-Afrika se kultuurskat gepubliseer en hul ook skerp uitgespreek oor aktuele sake wat hul as problematies beskou het.

Dit is duidelik dat *Sestiger*, *Wurm* en *Kol* in die konteks van die tydperk waarin hul gepubliseer is, gesien kan word as "rebelse wegbreek-publikasies". Hulle wou wegbreek van die norm, wat destyds deur *Standpunte* gestel is. Om hierdie rede verskil *Sestiger*, *Wurm* en *Kol* se redaksionele styl ook drasties van *Standpunte* s'n. Die redakteurs van *Sestiger*, *Wurm* en *Kol* wou aan die kunstenaars van die jare sestig vrye teuels gee om hul kuns te beoefen in watter styl hulle ook al verkies het. Die *Sestigers* wou nie langer vasgedruk wees in die geïkoneerde vorme van die vorige eras nie, hulle wou nie beperk wees deur die sensuurwette nie, en hulle wou nie gekritiseer word deur kritici wat vasgehou het aan die beginsels van Dertig, Veertig en Vyftig nie. Daarom het die *Sestigers* wegbreek van die beperkte visie van die reeds bestaande norme (wat in stand gehou is deur *Standpunte*), en 'n nuwe generasie publikasies op die been gebring.

Standpunte, aan die ander kant, was formeel, akademies en behoudend. Die redakteurs het die sensuurwette eerbiedig en eerder gefokus op bydraes van gehalte as om 'n wye spektrum van opinies te publiseer. Teenoor die *Sestigers*, wat nie gebonde wou wees aan reëls en regulasies nie, was die keurders van *Standpunte* baie streng en eng.

3.11 Uitleg (E1)

3.11.1 Uitleg van *Sestiger*

Sestiger is in A5-formaat gebind en die uitleg is baie eenvoudig. Die tydskrif is hoofsaaklik in swart-en-wit gedruk; slegs die buiteblaaie is in kleur gedruk. Geen foto's of illustrasies kom in *Sestiger* voor nie. Die getal bladsye per nommer wissel tussen 52 en 76. Dieselfde buiteblad (ontwerp deur Marcus Achleitner) word deurgaans gebruik (kyk Figuur 3.1).


Die uitleg van die titel/inhoudbladsy is altyd eenvormig. Dit bestaan uit die titel, *Sestiger*, bo aan, gevolg deur die datum, jaargang en nommer, gevolg deur die redaksielys, gevolg deur die inhoudsopgawe met administratiewe inligting onder aan die bladsy (soos beskryf in 3.9.1). Die lettertipe is 'n *serif*. Die administratiewe inligting (soos datum, uitgawe, jaargang, redaksielede, ensovoorts) is in 'n lettergrootte van 8 pt. geset en die inhoudsopgawe in 10 pt. Die titels van die onderskeie bydraes is kursief gedruk (kyk Figuur 3.5).

In die eerste uitgawe is die uitleg en tipografie van die onderskeie werke soos volg: Die outeur se naam verskyn bo aan die bladsy in 'n 10 pt. *serif*, gekursiveer. Die titel van die stuk verskyn daaronder, ook in 'n 10 pt. *serif*, maar in hoofletters en nie kursief nie. Dan volg die teks self in 'n 10 pt. *serif*, met die teks dwarsoor die bladsy sodat dit aan weerskante geblok is. Dit lyk asof die lynspasiëring moontlik een en 'n halwe lyn kan wees. Die paragrawe word aangedui met 'n indentasie van ongeveer 7 mm.

Daar word dus deurgaans van 'n *serif* gebruik gemaak en die hiërargie van die opskrifte word deur die gebruik van kursivering en hoofletters aangedui. Horisontale spasieëring (kyk 2.7.2 a) speel hier ook 'n rol, waar die hoeveelheid spatie tussen die titel en die teks omtrent dubbel die grootte van die spatie tussen die outeur en die

titel is. Die titel neem dus 'n hoër hiërgie as die naam van die outeur aan (kyk Figuur 3.9). Elke nuwe werk begin op 'n nuwe bladsy, behalwe sommige van die gedigte. Daar kan egter altyd duidelik onderskei word wie die outeur van dié spesifieke werk is. Soms in van die aktuele en/of akademiese artikels word die paragrawe geskei deur drie asteriske, soms deur subopskrifte en soms met numering.

In die tweede nommer (1(2)) lyk die uitleg meestal dieselfde. Daar is net een klein verandering: die titels van die onderskeie werke verskyn nou in 'n 10 pt. *sans serif*, in hoofletters en nie in kursief nie. Vanaf die vierde nommer (1(4)) word die opskrifte (meestal die titels) in 'n 12 pt. *sans serif*, in hoofletters en nie gekursiveer nie, gedruk. Hier verander eerstens die lettertipe (vanaf *serif* na *sans serif*) en daarna die lettergrootte (vanaf 10 pt. na 12 pt.). Die hiërgiese verskille tussen die opskrifte word sodoende duideliker, en die leesbaarheid beter.



Figuur 3.9
’n Tipiese bladsy uit *Sestiger* wat die uitleg duidelik aantoon. Hierdie spesifieke artikel verskyn in *Sestiger* 1(3) van Mei 1964.

In die sesde uitgawe (2(2)) tree daar weereens 'n verandering in. Die opskrifte bly 12 pt., maar verander terug na die *serif*. Die teks self se 10 pt. *serif* word effens vergroot (moontlik na 11 pt.) en die lynspasiëring word verklein sodat die reëls nader aan mekaar sit. Die tipografiese tonale digtheid (kyk 2.7.3 b) word sodoende verhoog. Hierdie uitleg word behou tot en met die laaste uitgawe (2(4)).

3.11.2 Uitleg van *Wurm*


Wurm is gebind in 'n formaat wat effe kleiner is as 'n A4 (w=202 mm x h=266 mm). Die blaaië is getik, afgerol en dan met krammetjies gebind. *Wurm* 1, 2 en 12 se voorblaaië is met die hand vervaardig. *Wurm* 3 tot 11 se drukwerk is deur Jakaranda-pers in Pretoria behartig.

Slegs in *Wurm* 3 lyk die tipografie heelwat anders as in die ander nommers. Dit is waarskynlik as gevolg van die aanstelling van Marcia, die kunsadviseur, en die drukkerij, Jakaranda-pers. Die opskrifte word groter en word gedruk in 'n *sans serif*, wat kontras skep met die res van die teks, wat in 12 pt. *serif* geset is. Die horisontale spasiëring (kyk 2.7.2 a) varieer ook meer, wat die hiërargiese verskille tussen die opskrifte en die res van die teks duideliker maak, en sodoende die lees vergemaklik.

Die tydskrif is hoofsaaklik in swart-en-wit; slegs die buiteblaaië, en enkele bladsye hier en daar in sommige uitgawes, bevat kleur. Daar is byvoorbeeld 'n bladsy in *Wurm* 5, net voor 'n kortverhaal van Marié Blomerus, waarop slegs 'n rooi kol geverf is. Dit is aansluitend by die verhaal wat handel oor 'n walvis wat lewendig opgekerf word. In *Wurm* 6 is die tydskrif versier met 'n rubberstempel wat deur Walter Battiss gemaak is. Afdrukke in pers ink kom op verskeie plekke in dié nommer voor. *Wurm* 8 bevat 'n syskermdruk van Walter Battiss. Hierdie treffende uitbeelding, genaamd "Antinoïs", is blou en bruin.

Foto's van Lawrence Ferlinghetti (*Wurm* 3), N.P. Van Wyk Louw (*Wurm* 4) en D.P.M. Botes (*Wurm* 5) kom voor. Verskeie afdrucke van sketse en kunswerke kom ook in *Wurm* voor. Dit is egter betreurenswaardig dat die kunstenaars nie altyd genoem word nie, en vele kunswerke dus anoniem gepubliseer is. Daar is ook baie voorbeelde van visueel-konkrete poësie.

Die buiteblaaie van *Wurm* bestaan meestal uit 'n kunswerk van een of ander aard. *Wurm* 1 se voorblad is 'n afdruck van 'n linoosnee deur De Waal Venter, genaamd "Organiese masjien". *Wurm* 2 se voorblad toon 'n afdruck van nog 'n linoosnee deur De Waal Venter, genaamd "Sekere plek". Nog 'n kunswerk van De Waal Venter maak die voorblad van *Wurm* 3 op. *Wurm* 4 se buitebladmotief is "une autre histoire d'o" deur Paul van Vree. *Wurm* 5, 6, en 7 se buiteblaaie bestaan slegs uit die naam en die



Figuur 3.10
'n Tipiese bladsy uit *Wurm* wat die uitleg duidelik aantoon. Hierdie stuk prosa kom uit *Wurm* 11 (Apr. 1969).

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

nommer gedruk op verskillende kleure karton. *Wurm* 8, 9 en 10 se voorblad is 'n kunswerk van Wopko Jensma in wisselende kleure en nommers met elke uitgawe (kyk Figuur 3.2). *Wurm* 11 het 'n baie treffende voorblad in rooi en goud. Daar is egter geen aanduiding van wie die kunstenaar was nie. *Wurm* 12 se voorblad bestaan eenvoudig uit rooi karton wat met swart spuitkanverf gespuit is, en waarop met die hand geskryf staan "Wurm 12". Phil du Plessis sê egter binne die blad: "I apologize for the motley appearance of this edition. The preparation of the stencils did not take place under my personal supervision" (*Wurm* 12:3).

Die uitleg van die literêre werke is glad nie eenvormig of deurlopend dieselfde nie: Alles (vanaf *Wurm* 1 tot 11) is getik in 'n 12 pt. *serif* (kyk Figuur 3.10). Variasie kom voor in *Wurm* 12, waar sommige stukke in 'n *serif* getik is en sommige in 'n *sans serif*. Die outeur se naam verskyn meestal bo aan die bladsy, maar soms eers aan die einde van die werk. Dit is soms in hoofletters, soms in kleinletters, soms onderstreep. Die titel van die stuk verskyn daaronder. Die teks lyn aan die linkerkant op en die lynspasiëring is meestal dubbel. Die groter lynspasiëring verlaag die tipografiese tonale digtheid (kyk 2.7.3 b) en verbeter die leesbaarheid van die teks.

Daar word soms van indentasie gebruik gemaak om die verskillende paragrawe aan te dui. In *Wurm* 1, 3 en 5 is daar slegs aan die een kant van die bladsy teks. In *Wurm* 2, 4, 6, 7, 8, 9, 10 11 en 12 is die teks aan albei kante van die bladsy gedruk. Die aantal bladsye per nommer van *Wurm* is ook geensins eenvormig nie. Dit wissel tussen 48 en 128 bladsye.

3.11.3 Uitleg van *Kol*

Soos *Sestiger*, is *Kol* gedruk en gebind in A5-formaat en die uitleg is baie eenvoudig. Die tydskrif is hoofsaaklik in swart-en-wit, slegs die buiteblaaie is gedruk in kleur. Geen foto's kom in *Kol* voor nie, maar daar is wel een illustrasie ("Ons Graprubriek" in *Kol* 1(1):32).

Nog 'n aspek waarin *Kol* van *Sestiger* en *Wurm* verskil, is die feit dat daar in *Kol* soms met ander lettertipes (as net die gewone *serif* en *sans serif*), en met verskillende lettergroottes en tipografie geëksperimenteer word ("Ons Graprubriek" in 1(2):32; "Uit ons sprokie-skat" in 1(3):32 en "KOL-KOL" in 1(6):32).

Kol bestaan uit 'n vaste getal bladsye, naamlik 32 per uitgawe.


Verdere variasie kom by *Kol* se buiteblaaie voor. 'n Opsomming van die inhoud of name van die skrywers wie se werk in die blad verskyn, word soms op die voorblad gedruk, soos by nommers 1 (Aug. 1968), 3 (Okt./Nov. 1968), 8 (Jun. 1969) en 10 (Des. 1969). Nommer 2 (Sept./Okt. 1968) se buiteblad word opgemaak uit 'n skets van Elza Botha (kyk Figuur 3.3). Nommer 4 (Nov./Des. 1968) bestaan uit 'n collage van die letters K, O en L. Op nommer 5 (Jan./Feb. 1969) is 'n skets van 'n skyfskiet-teiken met 'n kol in die middel. Nommer 6 (Feb./Mrt. 1969) se voorblad bestaan uit 'n skets van Anna Vorster. Op *Kol* van Mei 1969 (nommer 7) se voorblad is 'n skets van "Die Professor en die Prikkelpop" deur Len Lindeque. Nommer 9 (Okt. 1969) se voorblad is skoon, met slegs die titel, nommer en jaargang op die voorblad. Op nommer 10 (Des. 1969), die laaste nommer, verskyn die woord "Koebaai" baie prominent.

Die uitleg van elke titel/inhoudbladsy is ook eenvormig. Dit bestaan uit die logo, administratiewe inligting oor die redaksie, adres, prys, bydraes en drukkerbesonderhede, die nommer, jaargang en datum, asook die inhoudsopgawe. Die lettertipe is 'n *serif* en die lettergrootte 10 pt. Die titels van die onderskeie werke is kursief gedruk (kyk Figuur 3.7).

Die uitleg en tipografie van die literêre werke is deurlopend dieselfde: Die outeur se naam verskyn bo aan die bladsy in 'n 10 pt. *serif*, in vetdruk met 'n indentasie van ongeveer 9 mm. Die titel van die stuk verskyn daaronder: ook in 'n 10 pt. *serif*, maar in kursief en met dieselfde indentasie. Dan volg die teks self in 'n 10 pt. *serif*,

met die teks dwarsoor die bladsy sodat dit aan weerskante geblok is. Daar word dus deurgaans van 'n *serif* gebruik gemaak en die hiërgie van die opskrifte word deur die gebruik van kursivering en vetdruk aangedui.

Die lynspasiëring is enkel, en daar word glad nie van indentasie gebruik gemaak om die verskillende paragrawe aan te dui nie. In die aktuele en/of akademiese artikels word die paragrawe dikwels geskei deur 'n kol aan die linkerkant van die bladsy (kyk Figuur 3.11). As gevolg van die enkelspasiëring en omdat die paragrawe nie deur middel van 'n lynbreuk of indentasie aangedui word nie, is die tipografiese tonale digtheid (kyk 2.7.3 b) van die artikels in *Kol* baie hoog, wat die leesbaarheid bemoeilik.



Figuur 3.11
'n Tipiese bladsy uit *Kol* nommer 3 van jaargang 1 (Okt./Nov. 1968). In die aktuele en/of akademiese artikels word die paragrawe dikwels geskei deur 'n kol aan die linkerkant van die bladsy.

3.11.4 Uitleg van *Standpunte*

Standpunte is ook gebind in A5-formaat en (soos by *Sestiger* en *Kol*) is die uitleg nie net baie eenvoudig nie, maar ook hoofsaaklik eenvormig oor die tydperk 1960 tot 1970. Die waarskynlikste rede vir die eenvormige uitleg is dat dieselfde persoon, F.J. le Roux, die tegniese versorging van die blad vir dié tydperk behartig het. 'n Ander moontlike rede is dat *Standpunte* veel meer formeel en akademies van aard was, en dat die eenvormige uitleg bygedra het tot die status en geloofwaardigheid van die blad. Die tydskrif is in swart-en-wit gedruk en slegs die buiteblaaie bevat kleur.

Verskeie swart-en-wit foto's kom in die geselekteerde nommers van *Standpunte* voor, soos nommer 75 (1968) en nommer 81 (1969). Die aantal bladsye per nommer wissel tussen 62 en 70.

Ongelukkig was meeste van die uitgawes van *Standpunte* wat in die biblioteek beskikbaar was vir navorsing, ingebind in volumes sonder dat die buiteblaaie ingesluit is. Dit is dus onmoontlik om uitlatings oor die buiteblaaie te maak. By die nommers waar die buiteblaaie egter beskikbaar was, nommer 33 (1961), nommer 69 (1967) en nommer 75 (1968), is die ontwerp van die buiteblaaie ooreenstemmend. Dit bestaan uit die titel "STAND-PUNTE" (afgekap tussen "Stand" en "punte") in hoofletters op die boonste gedeelte van die blad, in kleur op 'n wit agtergrond. Die onderste gedeelte bestaan uit 'n blok (van dieselfde kleur as bogenoemde titel) met 'n opname van die inhoud van die blad in vet swart *serif* teks van ongeveer 14 pt.-grootte. Die titel van die werk word in vetdruk geskryf, met die outeur se naam in vetdruk en kursief. Die verskillende tekste word onderskei deur 'n kolletjie (*bullet*). Onder die inhoudsopgawe verskyn die woorde "NUWE ... REEKS" in hoofletters, *serif* en ongeveer 14 pt., met die nommer van die spesifieke tydskrif in die reeks ongeveer drie maal so groot (kyk Figuur 3.4).

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Die formaat van die inhoudsopgawes van *Standpunte* lyk eenders vanaf 1960 tot 1968. Dit sluit die volgende nommers in: 33, 38–39, 45, 51, 57, 63, 69 en 75 (kyk Figuur 3.12). Die lettertipe wat deurgaans gebruik word, is 'n *serif* en die teks is aan weerskante geblok. Die titel van die tydskrif, "STANDPUNTE", verskyn in hoofletters, gesentreer, bo aan die blad. Hieronder verskyn die woord "REDAKSIE", ook in hoofletters en gesentreer, met die name van die lede van die redaksie, in 10 pt. kleinletters en gekursiveer, daaronder. Onder die redaksie is daar 'n streep dwarsoor die bladsy getrek, met die jaargang, jaarnommer en datum daaronder. Hierdie besonderhede verskyn ook in 'n 10 pt. *serif*, in kleinletters.

Vervolgens is die reeksnommer van die tydskrif redelik groot en gesentreer, en daaronder volg die woord "INHOUD", 10 pt. in hoofletters en gesentreer. Daaronder verskyn die inhoudsopgawe van die tydskrif. Dit is geblok en ingedeel in drie kolomme. Eerstens word die titel van die teks gelys; dit is in gewone druk geset en lyn op aan die linkerkant van die kolom. In die tweede kolom volg die naam van die outeur. Dit is kursief en lyn op aan die regterkant van die kolom.

Die bladsynommer volg in gewone teks in die derde kolom, wat oplyn met die regterkant van die bladsy. Die inhoudsopgawe word ook afgesluit met 'n streep wat dwarsoor die bladsy loop. Onder die inhoudopgawe verskyn die besonderhede vir die aanstuur van bydraes (in Afrikaans en Engels), inligting oor die wyse van intekening, die prys, en besonderhede oor die uitgewer, alles in 10 pt. *serif*, gewone druk.

Vanaf 1969 tree daar egter 'n verandering in die uitleg van *Standpunte* in (kyk Figuur 3.13). Die verandering wat in die inhoudsopgawes (nommer 81 en 87) aangebring is, is soos volg: Die lettertipe wat deurgaans gebruik word, is steeds 'n *serif*, maar die teks is nie meer aan weerskante geblok nie; dit lyn slegs aan die linkerkant van die bladsy op. Die titel van die tydskrif, "Standpunte", en die reeksnommer verskyn nou in kleinletters (nie meer hoofletters nie), en lyn links op (is nie meer gesentreer nie) bo aan die blad. Hieronder verskyn die jaargang en nommer en die datum met 'n

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

streep daaronder wat dwarsoor die bladsy loop. Vervolgens verskyn die woord

“REDAKSIE” steeds in hoofletters, nie meer gesentreer nie maar links opgelyn, met die name van die lede van die redaksie in 10 pt. gewone druk in kleinletters (nie meer gekursiveer nie) langsaan (nie meer daaronder nie). Onder die redaksie is daar weer ‘n streep dwarsoor die bladsy getrek. Hieronder verskyn die inhoudsopgawe van die tydskrif. Die woord “Inhoud” verskyn nou in gewone kleinletters links bo aan die inhoudsopgawe. Daaronder word die titels van die tekste gelys; dit is in gewone druk geset en lyn op aan die linkerkant van die kolom. Tweedens volg die name van die outeurs. Dit is kursief en word van die titel geskei deur ‘n kommapunt. Die bladsynommers volg die name van die outeurs op in gewone druk. Dit lyn ook aan die linkerkant op en word van die outeurs se name geskei deur ‘n spasie. Die inhoudsopgawe word weer afgesluit met ‘n streep wat dwarsoor die bladsy loop.

STANDPUNTE	
REDAKSIE :	
<i>N. P. van Wyk Louw · W. E. G. Louw · D. J. Opperman · Jan Greshoff Rob. Antonissen · A. P. Grové · Karel Jonckheere · F. J. le Roux (tegnies) C. J. D. Harvey · André P. Brink · T. T. Cloete · Ernst van Heerden</i>	
Jaargang XXI Nr. 3	Februarie 1968
75	
INHOUD	
Terug na die natuur	<i>Abraham H. de Vries</i> 1
'n Artistieke geheel	<i>M. G. Scholtz</i> 7
Poems	<i>C. J. D. Harvey</i> 14
Gedig	<i>R. Prinsloo</i> 15
Op 'n dwaalspoor deur dwaalstories – I	<i>H. du Randt</i> 16
Two poems	<i>Lillian Smit</i> 24
Die eiening van Rousseau	<i>E. Lindenberg</i> 25
The snakes of wind	<i>Werner Krueger</i> 29
'n Monografie oor Maurice van Essche	<i>J. C. M. D. du Plessis</i> 30
Die totstandkoming van 'n simbool	<i>P. P. van der Merwe</i> 34
The hound of God	<i>D. W. Kruger</i> 49
Apocrypha	<i>M. M. Walters</i> 51
A note on some mythical elements in Lawrence's Women in love	<i>T. A. Smailes</i> 55
Twee „Nederlandse” iteratiewe in Afrikaans	<i>D. C. Hauptfleisch</i> 59
Aantekeninge	64

Stuur alle Afrikaanse bydraes aan prof. A. P. Grové, Standpunte, Universiteit van Pretoria, of prof. N. P. van Wyk Louw, Standpunte, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg. Afrikaanse boeke ter resensie moet direk aan prof. A. P. Grové gestuur word.
English contributions and English books for review should be sent to Prof. C. J. D. Harvey, 10 Binnekering Road, Dalsig, Stellenbosch.
Intekengeld per jaargang in S. Afrika en S.W.A.: R3.60. Buiteland: R4.20.
Standpunte word uitgegee deur Nasionale Boekhandel Bepker, Posbus 122, Parow.

Figuur 3.12

Die formaat van die inhoudsopgawes van *Standpunte* lyk eenders vanaf 1960 tot 1968.

Standpunte 81	
Jaargang XXII Nr. 3	Februarie 1969
REDAKSIE : N. P. van Wyk Louw; W. E. G. Louw; D. J. Opperman; Jan Greshoff; Rob Antonissen; A. P. Grové; Karel Jonckheere; F. J. le Roux (tegnies); C. J. D. Harvey; André P. Brink; T. T. Cloete; Ernst van Heerden	
Inhoud	
Die Apostroef in „Awater”; <i>Ernst van Heerden</i>	1
Gedigte; <i>Wilhelm Knobel</i>	4
Proust as symbolist novelist; <i>C. J. Greshoff</i>	5
Twee gedigte; <i>J. C. Steyn</i>	16
Betekenis van die roman in een moderne wêreld; <i>Pierre Dubois</i>	17
Die Hertzog-monument; <i>G. Dekker</i>	29
Slak; <i>Judith van der Merwe</i>	31
Gedigte; <i>S. E. van Zyl</i>	32
Die simboliek in „Ballade van die Gryslan”; <i>S. J. Pretorius</i>	33
Pomegranate; <i>Perseus Adams</i>	38
„Onoorkoomlike besware” teen kontemporêre geskiedenis; <i>H. B. Giliomee</i>	40
Was ek Abdool; <i>Tarientjie Kleyn</i>	52
Maud Sumner: 'n monografie; <i>J. C. M. D. du Plessis</i>	53
Uit die Nederlandse letterkundige tydskrifte; <i>H. du Randt</i>	58
Van die redaksie	62

Stuur alle Afrikaanse bydraes aan prof. A. P. Grové, Standpunte, Universiteit van Pretoria, of prof. N. P. van Wyk Louw, Standpunte, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg. Afrikaanse boeke ter resensie moet direk aan prof. A. P. Grové gestuur word.
English contributions and English books for review should be sent to Prof. C. J. D. Harvey, 10 Binnekering Road, Dalsig, Stellenbosch.
Intekengeld per jaargang in S. Afrika en S.W.A.: R3.60. Buiteland: R4.20.
Standpunte word uitgegee deur Nasionale Boekhandel Bepker, Posbus 122, Parow.

Nasionale Handelsdrukkery Bpk, Elsievier

Figuur 3.13

Vanaf 1969 tree daar ‘n verandering in die uitleg van *Standpunte* in.

Onder die inhoudopgawe is die besonderhede vir die aanstuur van bydraes (in Afrikaans en Engels), inligting oor die wyse van intekening, die prys, en besonderhede oor die uitgewer, alles in 'n gewone 10 pt. *serif*. Die uitleg van hierdie gedeelte lyk steeds dieselfde as in die vorige uitgawes. 'n Streep wat dwarsoor die bladsy loop, sluit dié gedeelte af en hieronder volg die drukkerbesonderhede, wat nuut bygevoeg is.

In die nommers wat van 1960 tot 1968 verskyn het, is die uitleg en tipografie van die onderskeie tekste wat gepubliseer is soos volg (kyk Figuur 3.14): Die titel van die teks verskyn bo aan die bladsy in 'n 12 pt. *serif*, in hoofletters en gesentreer. Subopskrifte is geset in 'n 10 pt. *serif* in hoofletters en ook gesentreer. Dan volg die teks



Figuur 3.14
In die nommers wat van 1960 tot 1968 verskyn het, verskyn die titel van die teks bo aan die bladsy in 'n 12 pt. *serif*, in hoofletters en gesentreer.



Figuur 3.15
In die nommers wat van 1969 tot 1970 verskyn het, verskyn die titel van die werk steeds bo aan die bladsy in 'n 12 pt. *serif*, maar dit is nou in kleinletters en lyn links op.

self, aan weerskante geblok en in 'n 10 pt. *serif*. Die lynspasiëring is enkel en aanhalings is ingekeep en verskyn in 'n 8 pt. *serif*. Dit is soms gekursiveer. Horisontale spasiëring (kyk 2.7.2 a) speel nie werklik hier 'n rol nie, maar daar is wel sprake van vertikale spasiëring (kyk 2.7.2 b) met die hoofteks wat aan weerskante geblok is en die inkeping van die aanhalings. Voetnote (8 pt. *serif*) word van die hoofteks geskei deur 'n streep wat dwarsoor die bladsy loop. Die outeur se naam verskyn in 8 pt. hoofletters regs onder aan die werk. Elke nuwe outeur/skrywer se teks begin op 'n nuwe bladsy. In sommige van die aktuele en/of akademiese artikels word die paragrawe geskei deur 'n asterisk, soms deur gewone numering en soms deur Romeinse syfers.

In die nommers wat van 1969 tot 1970 verskyn het, is die uitleg en tipografie van die onderskeie tekste soos volg gewysig (kyk Figuur 3.15): Die titel van die werk verskyn steeds bo aan die bladsy in 'n 12 pt. *serif*, maar dit is nou in kleinletters en lyn links op. Geen onderskeid word tussen die hoofopskrifte en die subopskrifte gemaak nie. Dan volg die teks self, geblok en in 'n 10 pt. *serif*. Die lynspasiëring is enkel en aanhalings is steeds ingekeep en verskyn in 'n 8 pt. *serif*. Dit is soms gekursiveer. Die voetnote is steeds geset in 'n 8 pt. *serif*, maar dit word nie meer met 'n streep van die res van die teks afgesluit nie, maar slegs deur 'n spasie. Die outeur se naam verskyn steeds in 8 pt. hoofletters, maar nou links onder aan die teks.

3.12 Vergelyking van uitleg (E2)

In vergelyking met *Sestiger* se 52–76 bladsye, *Kol* se 32 bladsye, en *Standpunte* se 62–70 bladsye per nommer, is *Wurm* (met 'n getal bladsye wat wissel tussen 48 en 128) nie net die dikste van die drie tydskrifte nie, maar ook fisies die grootste met afmetings van w=202 mm x h=266 mm teenoor *Sestiger*, *Kol* en *Standpunte* se A5-formaat (w=148 mm x h=210 mm). *Wurm* en *Kol* gebruik meestal verskillende voorblaaie vir elke uitgawe terwyl *Sestiger* en *Standpunte* deurgaans van dieselfde

ontwerp vir die voorblad gebruik maak. *Wurm* en *Kol* wou waarskynlik hul publikasies interessant en nuut laat voorkom met elke uitgawe terwyl *Sestiger* en *Standpunte* 'n kenmerkende identiteit wou opbou.

Wat tipografie betref, is *Kol* die waaghalsigste van die vier tydskrifte omdat daar in *Kol* met ander lettertipes as net die gewone *serif* en *sans serif* geëksperimenteer word. *Standpunte* is weer die mees stabiele tydskrif wat uitleg betref, omdat dit volkome eenvormig is vir die tydperk 1960 tot 1968, met slegs klein wysigings in 1969 tot 1970. In *Sestiger*, *Wurm* en *Kol* word die hiërargie van die opskrifte meestal uitgelig deur van kursivering, vetdruk en hoofletters gebruik te maak. In *Standpunte*, *Sestiger* en *Wurm* word die puntgrootte van die opskrifte egter ook verander. Vertikale spasiëring (kyk 2.7.2 b) word veral duidelik in *Standpunte* waargeneem by die inkeping van die aanhalings, maar word wel soms, waar daar van indentasie gebruik gemaak word (soos by *Kol* se opskrifte – kyk Figuur 3.11), ook in die ander tydskrifte waargeneem. Oor die algemeen veroorsaak die tekort aan ruimtelike verandering in die groot blokke aaneenlopende teks egter 'n vermoeienis by die leser.

Die doeltreffende gebruik van wit spasie (kyk 2.7.2) en tipografiese tonale digtheid (2.7.3 b) is in al vier tydskrifte maar skraps. *Wurm* toon egter die doeltreffendste gebruik van wit spasie, meestal as gevolg van sy dubbele lynspasiëring, wat ook die tipografiese tonale digtheid verminder (kyk Figuur 3.10). In *Sestiger* word daar 'n groot stuk tipografiese wit tussen die titel van die werk en die teks self gelaat (kyk Figuur 3.9), wat die leser 'n blaaskans gee voor hy die blok aaneenlopende teks wat in 'n een-en-'n-halwe lynspasiëring geset is, moet aanpak. In *Kol* en *Standpunte* is daar egter geen sprake van 'n blaaskans nie (kyk Figuur 3.11 en Figuur 3.12). Die enkel lynspasiëring, sonder enige indentasies (veral by *Kol*), veroorsaak 'n baie hoë tipografiese tonale digtheid, wat die leesbaarheid van die teks negatief beïnvloed.

3.13 Opsommend

Sestiger, Wurm en *Kol* is al drie gestig met 'n spesifieke doel voor oë, en na daar in hierdie doel geslaag is, is die tydskrifte gestaak. *Standpunte*, aan die ander kant, was in die sestigerjare 'n goed gevestigde tydskrif wat in 1960 reeds 14 jaar lank bestaan het. Die eksperimentele styl van *Sestiger, Wurm* en *Kol* is oorheersend dieselfde as gevolg van die feit dat hulle in die dieselfde era verskyn het, uitgegee is deur skrywers/literatore van dieselfde generasie en hul doelstellings ooreengestem het.

Dit staan egter in skerp kontras met die formele en akademiese styl van *Standpunte*. Hierdie kontras is nie net duidelik in die styl van die tydskrifte nie, maar vind ook uiting in die struktuur en uitleg van die onderskeie tydskrifte.

Wat die inhoud van al vier tydskrifte betref, is daar ooreenkomste wat die bydraende skrywers, subgenres en onderwerpe betref. Daar is egter skrywers soos Rob Antonissen, T.T. Cloete, Sheila Cussons, G. Dekker en Elisabeth Eybers – almal reeds óf gevestigde literatore/skrywers óf van min of meer dieselfe (ouer) generasie – wat slegs werke in die meer akademiese en "behoudende" tydskrif, *Standpunte*, gepubliseer het.

Wat die subgenres betref, bly letterkunde die gemeenskaplike faktor in al vier tydskrifte. Die verhouding waarin hierdie subgenres voorkom, is egter insiggewend wat die fokus van die onderskeie tydskrifte betref, soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk (kyk 3.6) aangedui is.

Hoofstuk 4 – Tydskrifte van '80

Die nuwe duiwe van Sestig het suur geword... die opwinding verby, die vreugde verdamp ... In 'n kritieke tyd waarin die skrywers as gewete van die volk moet dien, as verantwoordelike ondersoekers van ons almal se identiteit en plek en gevoelens teenoor mekaar (as rasse, as mense, as klerke, as mynwerkers), het die groep literêre vakmanne begin ontaard in niks meer as (sê dit, sê dit) selfbemoesieke ingegroeide homoseksuele hofnarre aan 'n vervalde pre-revolusionêre hof nie.

(Le Roux du Toit, *Graffier* 1:4)

4.1 Inleiding

Volgens *Perspektief en Profiel II* het die volgende temas in die tagtigerjare sterk in die werk van die Tagtigers gefigureer: "...die toegespitste verdere verkenning en ontdekking van Suid-Afrika, maar ook Afrika, die homo-erotiek, die belangstelling in twintigste-eeuse ikone soos Marilyn Monroe en James Dean, poësie oor die grensoorlog en binnelandse onrus, 'struggle'- en gevangenispoësie, intellektuele vernufspoësie, die terugkeer by van die digters na 'n tradisioneler digvorm, tekens van feministiese diskoerse, die hoë voorkoms van beeldgedigte, die verskeidenheid Afrikaanse variante wat gebruik word, Kaapse Afrikaans, Griekwa-Afrikaans, Standaardafrikaans, rekenaar-Afrikaans..., die groot mate van 'dialoogvoering' met ander digters, die vermenging van diskoerse en van 'hoë' (elitistiese) en 'lae' kultuuruitinge en die gedagte dat oorspronklikheid moeilik haalbaar is. Veral die laaste paar kenmerke wys ook in die rigting van postmodernistiese trekke wat 'n rol begin speel het" (Ohlhoff 1999:197).

In hierdie hoofstuk word daar na vier literêre tydskrifte van die jare tagtig gekyk: *Spado*, *Graffier* en geselekteerde nommers van *Stet* as die afwykings/uitsonderings, met geselekteerde nommers van *Standpunte* as die konvensie/reël. Volgens Kannemeyer dien *Spado* en *Graffier* as "...podiums vir jonger rigtings in die litera-

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)
tuur”, terwyl *Stet* “...militant teen sensuur en die politiek van die gesagsorde gerig is” (1983:243). Soos reeds in 3.1 genoem, skryf Kannemeyer dat *Standpunte*, aan die ander kant, as een van die “belangrikste spesifiek-literêre blaaië” (1988:243) geklassifiseer kan word.

4.2 Biografiese inligting van geselekteerde tydskrifte

4.2.1 Biografiese gegewens van *Spado*

Drie uitgawes van die letterkundige tydskrif *Spado* het tussen 1980 en 1981 verskyn. Volgens Avril Beukes, hoofredakteur van *Spado*, het sy en Johan van Wyk mekaar in April 1980 ontmoet en besluit om ‘n tydskrif te stig. Dit moes nie “‘n literêre tydskrif” nie, maar eerder “‘n forum vir die jong intellektueel” wees (*Graffier* 1(4):3).

In die eerste uitgawe word geen datum aangedui nie. In ‘n onderhoud met Christo Leach in *Graffier* 1(4) dui Beukes egter aan dat die eerste uitgawe van *Spado* in Julie 1980 gedruk is. Die redaksie bestaan uit: Avril Beukes, Johan van Wyk, Joachim Schönfeldt, Amanda Strydom, Johan Bruwer, Jeff Lok en Neil Goedhals.

Spado 2 verskyn in September 1980 met ‘n verkleinde redaksie, wat bestaan uit Avril Beukes, Amanda Strydom, André le Roux du Toit (André Letoit/Koos Kombuis), Hans Pienaar, Johan Blignaut en Mark Engels.

Die derde uitgawe van *Spado* verskyn in Februarie 1981. Die redaksie het gekrimp tot vier lede: Avril Beukes, André le Roux du Toit, Hans Pienaar en Thys de Wit. In die redaksionele kommentaar beplan die redaksie die insluiting van dramas in die volgende *Spado*, maar voor publikasie van die vierde nommer plaasvind, smelt *Spado* saam met *Graffier*. Oor die samesmelting laat Beukes haar soos volg uit: “Daar is genoeg ooreenstemming tussen *Spado* en *Graffier*. Ek is tevrede. My redes vir die samesmelting was meer prakties – tyd en geld – as in beginsel. Ek glo wel dat



Figuur 4.1
Hierdie voorblad, ontwerp deur Thys de Wit, pryk voor op die laaste uitgawe van *Spado*, voor sy samesmelting met *Graffier* in Augustus 1981.

daar 'n balans geskep kan word, miskien tot *Graffier* se voordeel, deur die samesmelting" (*Graffier* 1(4):3). Avril Beukes sluit by *Graffier* se redaksie aan as verteenwoordiger van *Spado*.

4.2.2 Biografiese gegewens van *Graffier*

Ses uitgawes van die letterkundige tydskrif *Graffier* is tussen 1980 en 1983 gepubliseer. Die eerste uitgawe van *Graffier* het in Augustus 1980 verskyn. Dit is uitgegee deur en het onder beskerming gestaan van die Kaapse Groep, 'n besprekingsgroep wat deur W.E.G. Louw gestig is. In *Graffier* 1(1) word die volgende stelling gemaak: "In die tradisie van *Donga*, *Inset*, *Wurm*, *Taaldoos*, *Spado* en vele ander wil hierdie blad ruimte gee aan die jong skrywer wat óf 'n gly vang aan die literêre establish-

ment, óf weens praktiese redes nie kans sien om 'n jaar te wag voordat sy aanvaarde bydraes uiteindelik in 'n tydskrif soos *Standpunte* verskyn nie" (Red. 1980:2). In 'n brief wat die eerste uitgawe vergesel het, vervolg die redaksie: "Verder is dit duidelik dat gevestigde skrywers by bogenoemde publikasies voorkeur geniet. Daarom, glo ons, bestaan daar 'n behoefte vir 'n tydskrif wat groter onmiddellikheid aan die jong skrywer bied. 'n Tydskrif vir en deur die jong skrywer!" (Sept. 1980). Die redaksie van die eerste uitgawe van *Graffier* (Aug. 1980) het uit die volgende persone bestaan: Etienne van Heerden (redakteur), Louis Krüger (nuusredakteur), Rachelle Greeff (redaksie-sekretaresse), Morlette Lindsay en Henk Zeeman (verspreiders) en Pienaar van Niekerk (grafies). Die Kaapse Groep het die publikasie van die eerste uitgawe geborg. Daar word egter in uitgawe 1 'n oproep gedoen om 'n borg vir die tydskrif te vind.

In die tweede uitgawe (Des. 1980) word die redaksie uitgebrei deur die medewerking van Dawid de Villiers (artikelredakteur), Francois de Jongh (poësiereakteur), Willie van der Merwe (prosareakteur) en Pine Pienaar (intekenredakteur). Rachelle Greeff tree op as taalversorger, Morlette Lindsay en Henk Zeeman is verantwoordelik vir bemerking, Pienaar van Niekerk vir die grafiese element en Corrie van der Poll is die keurkomitee-sameroeper. 'n Gedeelte die publikasiekoste van die tweede uitgawe van *Graffier* word deur Perskor Uitgewery geborg.

In *Graffier* 1(3) (Apr. 1981) bly die redaksie dieselfde as met die vorige uitgawe, behalwe dat Morlette Lindsay vervang word deur Louis Serfontein en foto's geneem word deur Marius Greeff. Die letterkundige tydskrif *Spado* word in April 1981 by *Graffier* ingelyf. Die aankondiging in *Graffier* 1(3) lui soos volg: "*Graffier* en die noordelike tydskrif, *Spado*, het saamgesmelt ... Dit sal beteken dat *Graffier* sy tent-penne sal versit en *Graffier*lesers kan van die volgende uitgawe iets nuuts te wagte wees" (1981:2). Vanaf *Graffier* 3 tot 5 borg Perskor Uitgewery die tydskrif, maar vereenselwig homself nie noodwendig met die inhoud van *Graffier* nie.



Figuur 4.2
 Dié buiteblad van
Graffier 4 (Aug.
 1981) bestaan uit 'n
 kunswerk van Nick
 Curwell.

Graffier 4 verskyn in Augustus 1981. Die redaksie is dieselfde as met die vorige uitgawe, behalwe dat Avril Beukes (van *Spado*) as gasredaktrise optree, en die tipografie deur Doret Ferreira en Anneke Gouws hanteer word.

Met publikasie van *Graffier 5*, (2(1)), verander die dateringstelsel van die nommers vanaf kwartaaliks na seisoenaal. Hierdie uitgawe is in die somer van 1982 gepubliseer. Die redaksie bestaan uit Etienne van Heerden (redakteur), Egmont Sippel, Christo Leach en Avril Beukes (van *Spado*). In uitgawe vyf word aangekondig dat Perskor Uitgewery hom as borg onttrek het, en dat daar dringend na 'n nuwe borg gesoek word.


Graffier 6 het in die lente van 1983 verskyn, met dankbetuigings aan almal wat finansiële bydraes gelewer het, en met die belofte dat (met die hulp van Perskor en Tafelberg as adverteerders), *Graffier* weer gereeld sal verskyn. Dit was egter die

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

laaste uitgawe wat gepubliseer is, waarskynlik omdat die redaksie van *Graffier* nie daarin kon slaag om 'n permanente borg te vind nie. Die redaksie het bestaan uit: Keriesa Botha, Leoni Hofmeyr, Pieter van der Lugt en Etienne van Heerden (redakteur). Die illustrasies is gemaak deur Ellené.

4.2.3 Biografiese gegewens van *Stet*

Die letterkundige tydskrif *Stet* het tussen 1982 en 1992 verskyn. Geselekteerde nommers van *Stet*, wat deur Kannemeyer as "... die belangrikste van [die] 'kleiner' tydskrifte ..." gesien word (1988:243-4), word in hierdie studie ingesluit. Vier uitgawes van *Stet* is per jaargang gepubliseer, maar nie op vaste tye nie.



Figuur 4.3
'n Kunstwerk van
Julien Venter word
gebruik vir die voor-
blad van *Stet* 2(1).

Die keuse vir insluiting het geval op die eerste nommer van elke jaargang vanaf 1982 tot 1990.

Stet het in Oktober 1982 onder redaksie van Gerrit Olivier en Tienie du Plessis (tegniese versorging) die lig gesien. Nommer 2(1) word in Desember 1983 gepubliseer. *Stet* 3(1) verskyn in Februarie 1985, en Ernst Lindenberg tree as gasredakteur op, in samewerking met Tienie du Plessis en Gerrit Olivier. In Mei 1986 volg 'n dubbelnommer van *Stet*, 4(1 en 2), en die redaksie bestaan uit Tienie du Plessis, Gerrit Olivier, Peter John Massyn, Hansie Pienaar, Koos Prinsloo, en Elza Miles as gasredaktrise. Uitgawe 5(1) verskyn in Desember 1987 met Tienie du Plessis, Gerrit Olivier, Hans Pienaar en Elza Miles aan die stuur. En laastens, ongeveer 'n jaar later, verskyn uitgawe 6(1) van *Stet* in Julie 1990. Dit word die "nuwe" *Stet* genoem omdat baie mense gedink het dat *Stet* 'n stille dood gesterf het met die vorige uitgawe. Die redaksie het egter gegroei tot 16 lede met die insluiting van Anton Basson, Heidi Botha, Johan Botha, Sulia Holtzhauzen, Ian Kruger, Richard Kruger, Chané Magnus, Elske Miles, Eduart Overbeek, Koos Prinsloo, Nikodemis van Rensburg, Konrad Welz en Maggi Zietsman.

Stet is deur Taurus Uitgewery geborg, en swyg na die sluiting van Taurus in 1992.


4.2.4 Biografiese gegewens van *Standpunte*

Soos reeds in 3.2.4 genoem, is *Standpunte* in 1945 deur N.P. van Wyk Louw, W.E.G. Louw en H.A. Mulder in Kaapstad gestig. Dit verskyn tot en met 1953 kwartaalliks en vanaf 1954 tot met sy sluiting in 1986, tweemaandeliks.

Groot polemieke het in die tagtigerjare rondom die redaksie van *Standpunte* geheers. Op 8 Oktober 1983 berig *Die Volksblad*: "Meningsverskil het binne die redaksieraad van die literêre tydskrif *Standpunte* na vore getree ná 'n aankondiging deur prof. J.C. Kannemeyer van Wits, redaksiesekretaris of 'eindredakteur', dat hy as sodanig in

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)


Desember opgevolg sal word deur prof. André P. Brink van Rhodes. Etlike redaksie-
lede het ... laat blyk dat hulle nie gelukkig is oor die verklaring nie." André P. Brink
is wel tot die redaksieraad verkies, maar Ernst van Heerden het die rol van eind-
redakteur vir die volgende twee jaar oorgeneem. Op 24 Oktober 1985 berig Deon
Viljoen van *Die Burger* dat Van Heerden, volgens homself, slegs op 'n interim-grond-
slag die eindredakteur van *Standpunte* geword het, en dat hy na twee jaar skryfwerk
het wat vir hom belangriker is. André P. Brink het ingewillig om die eindredakteur-
skap oor te neem. Viljoen vervolg dat "[d]ie sluiting van die tydskrif in 'n stadium
oorweeg [is], maar dat prof. Brink [gevoel het] so 'n stap sou 'n té groot verlies vir
die Afrikaanse letterkunde meebring".



Figuur 4.5 >
Die buiteblaaie van nommer 165
(Jun. 1983), 171 (Jun. 1984),
177 (Jun. 1985) en 183 (Jun.
1986) is gelyksoortig.

< Figuur 4.4

Die buiteblad van nommer
153 (Jun. 1981) bevat 'n
foto van Marlene van
Niekerk en die nommer.



Dit is ironies dat *Standpunte* toe wel gestaak is, en juis as gevolg van Brink se liberale opvattinge. Volgens Jaap Boekkooi van *The Star* was Brink bekend vir sy polemiese sienings oor "...sex, miscegenation, communism, kafferboetieseism, [and] liberalism" (1984).

Ook volgens Theunis Engelbrecht is *Standpunte* gesluit "... nadat prof. André P. Brink in 1986 redakteur geword het en die direksie nie genoeg geneem het met sy politieke standpunte nie" (*Naweek-Volksblad* 1990). Nasionale Boekhandel, wat die tydskrif sedert 1957 geborg het, het sy borgskap onttrek en die verteenwoordigers van die uitgewersmaatskappye Human & Rousseau en Tafelberg, wat die laaste paar jaar by *Standpunte* betrokke was, het uit die direksie bedank (Olivier 1986).

In die laaste nommer van *Standpunte* is die volgende verklaring gegee: "Die Direksie van *Standpunte* maak bekend dat ná die onttrekking van Nasionale Boekhandel as uitgewers van die blad ander moontlikhede vir die voortsetting van die blad ondersoek is. Ongelukkig kon 'n alternatief nie gevind word nie. Die publikasie van *Standpunte* word derhalwe met die Augustus-nummer van 1986 gestaak" (*Standpunte* 184:64).

Geselekteerde nommers van *Standpunte*, as gevestigde tydskrif vir die jare 1981 tot 1986, word in hierdie studie ingesluit as konvensie, net soos ten op sigte van die tydskrifte van die sestigerjare (hoofstuk 3) die geval was. Ses uitgawes van *Standpunte* is jaarliks gepubliseer, en die keuse vir insluiting het geval op die derde nommer van elke jaar (1981 tot 1986), wat meestal in Junie verskyn het. Die reeksnommers is dus vervolgens: nommer 153 [34(3), Jun. 1981]; nommer 159 [35(3), Jun. 1982]; nommer 165 [36(3), Jun. 1983]; nommer 171 [37(3), Jun. 1984]; nommer 177 [38(3), Jun. 1985] en nommer 183 [39(3), Jun. 1986].

Die redaksielede van *Standpunte* tydens publikasie van nommer 153 (1981) was: D.J. Opperman, A.P. Grové, Karel Joncheere, C.J.D. Harvey, T.T. Cloete, Ernst van

Heerden, P.G. du Plessis, Chris Barnard, J.C. Kannemeyer, P.J. Cillié, J.C. Steyn, Fanie Olivier en Marlene van Niekerk. In nommer 159 (1982) sluit R.H. Pheiffer by die redaksie aan. In 1984 (nommer 171) het C.J.D. Harvey weggeval uit die redaksielys en J.M. Coetzee en André P. Brink word deel van die redaksionele span. Die redaksie vir nommer 183 (1986) was A.P. Grové, T.T. Cloete, Ernst van Heerden, P.G. du Plessis, Chris Barnard, J.C. Kannemeyer, J.C. Steyn, Fanie Olivier, Marlene van Niekerk, R.H. Pheiffer, J.M. Coetzee en André P. Brink.

4.3 Algemene en biografiese vergelyking

Soos *Sestiger*, *Wurm* en *Kol* (hoofstuk 3) is *Spado*, *Graffier* en *Stet* gestig omdat daar 'n sekere behoefte onder die skrywers van die era was. Hierdie behoefte kon nie deur reeds bestaande literêre publikasies, soos *Standpunte*, vervul word nie. Die reeds aangehaalde stelling in *Graffier* 1(1) is ter sake: "In die tradisie van *Donga*, *Inset*, *Wurm*, *Taaldoos*, *Spado* en vele ander wil hierdie blad ruimte gee aan die jong skrywer wat óf 'n gly vang aan die literêre establishment, óf weens praktiese redes nie kans sien om 'n jaar te wag voordat sy aanvaarde bydraes uiteindelik in 'n tydskrif soos *Standpunte* verskyn nie" (1980:2). In 'n brief wat die eerste uitgawe van *Graffier* vergesel het, vervolg die redaksie: "Verder is dit duidelik dat gevestigde skrywers by bogenoemde publikasies voorkeur geniet. Daarom, glo ons, bestaan daar 'n behoefte vir 'n tydskrif wat groter onmiddellikheid aan die jong skrywer bied. 'n Tydskrif vir en deur die jong skrywer!" (Sept. 1980). Dit is duidelik dat die redakteurs van hierdie tydskrifte, wat as "little magazines" (kyk 3.4) bekend gestaan het, maar min ooghare gehad het vir die gevestigde tydskrifte, wat hulle die "literêre establishment" gedoop het. Avril Beukes en Johan van Wyk, die stigters van *Spado*, sê: "Ons [was] albei ... moeg vir die streng Suid-Afrikaanse konteks" (*Graffier* 1(4):3). Dan Roodt gaan in *Stet* (Feb. 1986) selfs so ver as om 'n boikot-aksie teen *Standpunte* op te roep (kyk 4.7.4).

Volgens Kannemeyer (1988:459) is 'n verdere gemeenskaplike eienskap van hierdie tydskrifte dat hulle "skerp teen sensuur gekant is en ... fel teen die heersende politieke orde in Suid-Afrika te velde trek. Daarby publiseer die meeste [outeurs] in meer as een van hierdie blaaië (kyk Aanhangsel A) en beperk hulleself nie tot 'n enkele 'lyfblad' nie."

Interessant is dat drie van die vier letterkundige tydskrifte doodgeloop het as gevolg van die onttrekking van uitgewerye as borge. Behalwe *Spado*, wat in *Graffier* opgeneem is (weens tyd en finansiële oorwegings), het *Graffier* in 1983 doodgeloop omdat Perskor Uitgewery as borg onttrek het; *Stet* is in 1992 gestaak omdat Taurus Uitgewery gesluit is en ook *Standpunte* het in 1986 geswyg na Nasionale Boekhandel sy borgskap onttrek het.

4.4 Die letterkundige tydskrif as genre (A1)

Die bespreking in 3.4 (hoofstuk 3) is net so van toepassing op hierdie hoofstuk.

4.5 Inhoud (B1)

4.5.1 Inhoud van *Spado*

Die inhoud van *Spado* (wat uit Afrikaanse en Engelse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Avril Beukes, Marinda Beukes, Johan Bruwer, Theunis Engelbrecht, Étagère, Helena Nogueira, Johan van Wyk en André van Zyl.
- **Foto's** deur Marius Janse van Rensburg.
- **Poësie** deur Sinclair Beilles, Avril Beukes, Johann de Lange, Fanie de Villiers, Amanda de Wet, André le Roux du Toit (Letoit), Theunis Engelbrecht, Anne F.

Grobler, Heidi Pienaar, C.J. Pretorius, Peter Snyders, Stuart Stromin, Amanda Strydom, Etienne van Heerden en Meyer van Rensburg.

- **Kortverhale** deur Erich de Beer, André le Roux du Toit, Elaine Durbach, Theunis Engelbrecht, John Holton, Steve Jacobs, Isabel Lombaard, E.M. Macphail, Andy McDivitt, Hans Pienaar, Amanda Strydom, M.W. van Staden en Lucrecia Vinter.
- **Kunswerke** deur Avril Beukes, Thys de Wit, Steve Lowery en Geoff Naus.
- **Lirieke** deur Brendan Grealy, David Kramer, Roy Macgregor, Geoff Naus en Amanda Strydom.
- 'n **Strokiesprent** deur Thys de Wit.
- **Vertalings** deur Daan Malan.

4.5.2 Inhoud van *Graffier*

Die inhoud van *Graffier* (wat uit Afrikaanse en Engelse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur M.C. Botha, Pieter Claassens, Francois de Jongh, Johann de Lange, David de Villiers, Louis Esterhuizen, Charles Fryer, Joan Hambidge, D.J. Hugo, Daniel Hugo, Louis Krüger, Christo Leach, André Letoit, P.F.P. van Wyk Louw, Eben Meiring, A.D. Pienaar, Pistula, Phillipe-Joseph Salazar, Egmont Sippel, Peter Snyders, H.P. van Coller, Etienne van Heerden, W.A.J. van Rensburg, Johan van Wyk en Irna van Zyl.
- **Briewe** deur Anti-Climax, Johan Beukes, Pieter Claassens, J. Cloete, Ulrich de Balbian, Stephen Devereux, Sandy du Plessis, Michael Gresty, Suenel Holloway, Johanna Johannesburg, Kapokhaantjie, Frik C. Kleinhans, Climax Klooster, André Letoit, P.F.P. van Wyk Louw, Pieter Marais, Naamloos, Fransi Phillips, A.D. Pienaar, Phillip J. Salazar, Eduan Swanepoel, Pieter J. Swanepoel, Johan van Wyk en Koekie Ziervogel.
- 'n **Drama** deur Fransi Phillips.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

- **Kortverhale** deur Avril Beukes, M.C. Botha, J.H. de Klerk, Leon de Kock, Theunis Engelbrecht, Jennifer Ferguson, Elmarie Gillman, Steve Jacobs, Niall Kelley, André Letoit, E.M. Macphail, Pieter Marais, Paul Murray, Hansie Pienaar, Koos Prinsloo, Casper Schmidt, Egmont Sippel, Edwin Swanepoel, Pieter J. Swanepoel, Mansell George Upham, D.Z. van der Bergh, Willie van der Merwe en Etienne van Heerden.
- **Kunswerke** deur Peter Brooks, Nick Curwel, M. Müller, John Pym en Rudi Sennet.
- **Onderhoude** deur Leon Blignaut en Etienne van Heerden met Welma Odendaal; Francois de Jongh met Danie van Niekerk (Tafelberg); Louis Krüger met Gerrie de Melker (Perskor); *Graffier* met André le Roux; Christo Leach met Annesu de Vos; Christo Leach met Avril Beukes; Egmont Sippel met Jakes Gerwel en Jacob van Maerlant met Koos Prinsloo.
- **Poësie** deur Willie Adams, Charlotte Beukes, R.L. Boonzaaier, Elize Brits, Chris Butler, Paul Cilliers, A. Kenneth de Bruin, Jan de Bruyn, Francois de Jongh, Lochner de Kock, Johann D. de Lange, Stephen Devereux, Kobus du Plessis, Phil du Plessis, Rouxnette du Preez, Theunis Engelbrecht, Louis Esterhuizen, Santo Fick, Keith Gottschalk, Amanda Gouws, Rachelle Greeff, Daniel Hugo, Barry Hymer, H.F. Alant Joubert, Marlise Joubert, Gawie Kellerman, Niall Kelley, Ina Koch, Nik Konstandaras, C. Krüger, André le Roux, Marlette le Roux, Christo Leach, André Letoit, Kobus Lombard, Ilse Louw, H. Malan, K. Nepgen, Agostinho Neto, Chris Pelser, A.D. Pienaar, Koos Prinsloo, Carsten Raseh, D.C. Roth, Mark Sater, Casper Schmidt, Elsbe Scholz, Peter Snyders, Wilma Stockenström, Eduan Swanepoel, M.G. Upham, Pieter Uys, Dietloff van der Berg, Gerhard van den Heever, Pieter van der Lugt, Cornelius van der Merwe, Daan van der Merwe, René van der Merwe, Willie van der Merwe, Muda van Eeden, Johan van Wyk, P.F. Wheeler en Henk Zeeman.
- **Strokiesprente** deur André Letoit en P.F.P. van Wyk Louw.
- **Vertalings** deur Wilhelm Liebenberg en Pieter Uys.

4.5.3 Inhoud van *Stet*

Die inhoud van *Stet* (wat uit Afrikaanse, Engelse en Nederlandse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Aforismes** deur Stanislaw Jerzy Lec.
- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Anneli Ahlers, Norman Baines, Cora Burnett-van Tonder, Marianne de Jongh, Leon de Kock, William R. Domeris, Bertie du Plessis, Eduard Fagan, David Goldblatt, Joan Hambidge, Daniel Hugo, Jorrie Joernalis, Leonard Koza, André le Roux, Kalahari Liebenberg, Wilhelm Liebenberg, Truida Lijphart-Bezuidenhout, Anton Lubowski, Njabulo S. Ndebele, Gerrit Olivier, J.C. Philpot, Pienk Vlooi, Frikkie Potgieter, Koos Prinsloo, D.J. Ricci, Dan Roodt, Henriette Roos, O.P. Stoker, W.A.J. van Rensburg, Deon Viljoen, Andrea Vinassa en Hein Willemse.
- **Briewe** deur André P. Brink, C. Coetzee, Marianne de Jongh, Joan Hambidge, Daniel Hugo, Fransi Phillips, Pret Pretorius, Dan Roodt, Spuit - van Greenside, Ernst van Heerden, Neel Verveel en Koekie Ziervogel.
- **Dramas** deur Hennie Aucamp, K. Basson en Lettie Viljoen.
- **Foto's** deur Paul Alberts, Bee Berman, Harold Carlsson, Etienne de Villiers, Marc Edwards, Ivan Giessen, Ivan Muller, Hansie Pienaar en die *Sunday Times*.
- **Fotoverhale** deur Ria Smuts, Johan van Wyk (Die Kabelkarnimfe) en Julien Venter.
- **Fragmente uit romans** deur Theunis Engelbrecht, Christoffel Lessing, Fransi Phillips en Wessel Pretorius.
- **Kortverhale** deur Anton Basson, Arnold Blumer, M.C. Botha, Sonja Broodryk, Lochner de Kock, M. Douwes, Julian Doyle, J.P. du Toit, Ryk Hattingh, Ivan Kovacs, Richard Kruger, André le Roux, André Letoit, David Medalie, Elske Miles, Ralph Nolte, Gerrit Olivier, Hansie Pienaar, Wessel Pretorius, Koos Prinsloo, Alexis Retief, Paul Riekert, Conrad Steenkamp, Alexander Strachan, Pieter J. Swanepoel, Etienne van Heerden, Chris van Wyk, Johan van Wyk, Eben Venter, Rudi Venter, George Weideman en Koekie Ziervogel.

[University of Pretoria etd – Rall, S \(2005\)](#)

- **Kunswerke** deur Ian Bekker, Breyten Breytenbach, Christo Coetzee, Keith Dietrich, Anne Marie Grindrod, Carl Jeppe, Tamsamka Mnyele, Paul Stopforth, Julien Venter en Konrad Welz.
- **Onderhoude** deur *Stet* met J.J. Degenaar en André du Toit.
- **Poësie** deur C.J. Alers, Eugene Botha, Breyten Breytenbach, Daniel Hugo, Rosa Keet, Antjie Krog, Johan Nieuwoudt, Nikodemis, Rina Sherman, Peter Snyders, Wilma Stockenström, Barend J. Toerien, Marlene van Niekerk en Koekie Ziervogel.
- **Strokiesprente** deur Elza, Johnny, Karen Bredenkamp (Konsentrasiekamp), Joe Dog, Daniel du Plessis, Tienie du Plessis, Benz Kotzen, P.F.P. van Wyk Louw, Walter Meyer, Ralph Meyer, Ralph Nolte en Julien Venter.
- **Vertalings** deur Anneli Ahlers, Gerrit Olivier, A. Skikna, Barend J. Toerien, E. van Rensburg en L. Vink.

4.5.4 Inhoud van *Standpunte*

Die inhoud van *Standpunte* (wat uit Afrikaanse, Engelse en Nederlandse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Aforismes** deur Peter Louw.
- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Hennie Aucamp, Frans Beukes, André P. Brink, E.C. Britz, A.J. Coetzee, Ampie Coetzee, P.J. Conradie, Marianne de Jong, L.G. de Stadler, D.P. de Villiers, J.J. Degenaar, W.S.H. du Randt, G.J. Gerwel, Joan Hambidge, D.J. Hugo, Irene Janssen, Koos Kakamas, Truida Lijphart, Charles Malan, M. Nienaber-Luitingh, Gerrit Olivier, Sheila Roberts (lektor by Michigan State University, VSA), Henriette Roos, J. du P. Scholtz, N.J. Snyman, D.F. Spangenberg, Diena-Marie van der Westhuizen, Ernst van Heerden, L.S. Venter, Barbera von Ijzeren, A.J. Werth en Anthony Woodward.
- **Fragmente uit romans** deur M.C. Botha en André P. Brink.
- **Kortverhale** deur Hennie Aucamp, Theunis Engelbrecht en Karel Schoeman.
- 'n **Onderhoud** deur Chris Louw met Vernie February.

[University of Pretoria etd – Rall, S \(2005\)](#)

- **Poësie** deur Hennie Aucamp, Stephan Bouwer, Carol Clark, Hendrik Cornelissen, Jan de Bruyn, Johann D. de Lange, Paul Edmunds, Theunis Engelbrecht, Elisabeth Eybers, Francis Faller, Jennifer Fletcher, Lynette Fourie, J.D.U. Geldenhuys, Jeanne Goosen, Rachelle Greeff, Daniel Hugo, Danie Janse van Vuuren, G.A. Jooste, André Letoit, Peter Louw, Chris Mann, Johann Lodewyk Marais, René Marais, Paula Maud, Albert Nieuwoudt, G.J. Odendaal, S.V. Petersen, Martina Pienaar, Mada Reinecke, P.H. Roodt, Ina Rousseau, Jacobus Paul Roux, Casper Schmidt, H. le R. Slabbert, Wilma Stockenström, Pieter J. Swanepoel, Pieter Uys, Dietloff van den Berg, Marlene van Niekerk en Cas van Rensburg.
- **Vertalings** deur C.J.D. Harvey en Karel Schoeman.

4.6 Vergelyking van inhoud (B2)



Verskeie ooreenkomste en verskille kom voor wat die inhoud en bydraende skrywers van *Spado*, *Graffier*, *Stet* en *Standpunte* betref. Akademiese en/of aktuele artikels, kortverhale, poësie en vertalings is subgenres wat in al vier tydskrifte voorkom. *Stet* en *Standpunte* publiseer aforismes; briewe en dramas verskyn in *Graffier* en *Stet*; foto's in *Spado*, *Graffier* en *Stet*; fotoverhale slegs in *Stet*; fragmente uit romans en/of nouvelles in *Stet* en *Standpunte*; kunswerke in *Spado*, *Graffier* en *Stet*; lirieke slegs in *Spado*; onderhoude in *Graffier*, *Stet* en *Standpunte*; en strokiesprente in *Spado*, *Graffier* en *Stet*.



Dit is verder interessant om die **getal bydraende skrywers** tot elke subgenre in die vier tydskrifte te ondersoek:

Tabel 4.1: Getal bydraende skrywers tot verskillende subgenres in die '80's
 University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Subgenre	Spado	Graffier	Stet	Standpunte
Aforismes	0	0	1	1
Artikels	8	25	32	32
Briewe	0	24	12	0
Dramas	0	1	3	0
Foto's	1	1	9	0
Fotoverhale	0	0	3	0
Fragmente uit romans/novelles	0	0	4	2
Kortverhale	13	23	32	3
Kunswerke	4	5	10	0
Lirieke	5	0	0	0
Onderhoude	0	9	2	1
Poësie	15	63	14	39
Strokiesprente	1	2	11	0
Vertalings	1	2	6	2

Vervolgens grafiese voorstellings van die **getal bydraende skrywers** van die drie grootste subgenres (artikels, poësie en kortverhale) en die persentasie waarin hulle in *Spado*, *Graffier*, *Stet* en *Standpunte* voorkom.





Spado is die mees "gebalanseerde" tydskrif met relatief gelyke persentasies bydraers van artikels, kortverhale en poësie, hoewel daar twintig persent meer bydraers van poësie as artikels voorkom. *Graffier* dra ook 'n meerderheid bydraers van poësie, en gelyke persentasies van kortverhale en artikels. In *Stet* is die bydraers in die subgenres kortverhale en artikels weer oorheersend, met 'n kleiner persentasie bydraers van poësie. En *Standpunte* dra, soos in die sestigerjare (kyk 3.6), steeds slegs vier persent bydraers van kortverhale, maar in die tagtigerjare bevat die tydskrif meer poësiebydraers as artikelbydraers.

Die inhoud van *Spado* en *Graffier* word uit Afrikaanse en Engelse bydraes opgemaak. *Spado* se redaksionele bydraes word in Afrikaans en Engels aangebied, terwyl *Graffier* s'n slegs in Afrikaans is. *Stet* en *Standpunte* bestaan uit Afrikaanse, Engelse en Nederlandse bydraes, en die redaksionele bydraes word ook (soos in *Graffier*) slegs in Afrikaans aangebied.

'n Moontlike verklaring waarom Afrikaans as gekose taal vir die redaksionele bydraes in dié drie tydskrifte gebruik is, is omdat al drie deur Afrikaanse uitgewerye geborg was: *Graffier* deur Perskor Uitgewery; *Stet* deur Taurus Uitgewery en *Standpunte* deur Nasionale Boekhandel.

Kyk **Aanhangsel A** vir 'n verdere uiteensetting van *Spado*, *Graffier*, *Stet* en *Standpunte* se inhoud wat die bydraende skrywers, die subgenres waarin hulle geskryf het, en ook waar hulle werk gepubliseer is, betref.

4.7 Struktuur (C1)

4.7.1 Struktuur van *Spado*

Die interne struktuur van *Spado* kan as willekeurig of onreëlmatig (kyk 2.5.1 c) beskryf word.

p1

CONTENTS -- INHOUD

COULD DO BETTER	e.m. macphail	2
FROM DOG		20
REKENAAR	Theunis Engelbrecht	21
WURMHARSING		24
BEWARE THE DEIZENS...	Sinclair Beiles	25
LIEFDADIG	Fanie de Villiers	25
VERTALINGS VAN DRIE SHAKESPEARE SONNETTE		
	Daan Malan	26
A TOUCH OF FAUSTUS	Stuart Stromin	29
TEL AVIV NOVEMBER 30 1980		32
THE ODDYSSEY OF JOHN S.	Steve Jacobs	34
PUNK MUSIEK IN AMERIKA (1966-68) EN HUIDIGE BRITSE PUNK - 'n vergelyking	Johan van Wyk	41
DIE AFRIKAANSE MUSIEK EN LIRIEK VAN 1980	Theunis Engelbrecht	45
FILM : WOMEN'S OWN		52
DIMENTICARE VENEZIA (TO FORGET VENICE)		56

Voorbladontwerp : Thys de Wit.
Illustrasies : Thys de Wit & Avril Beukes

Figuur 4.6
Die interne struktuur van *Spado* kan as willekeurig of onreëlmatig beskryf word.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Die eksterne struktuur kan soos volg beskryf word: die eerste uitgawe van *Spado* bevat geen datum, nommer of inhoudsopgawe nie, slegs die prys. Die redaksie-adres, redaksielys en waar *Spado* verkoop word, word op bladsy 2 aangedui.

Uitgawe twee (Sept. 1980) bevat 'n uitgawenommer, datum, prys (op die voorblad), en inhoudsopgawe (bladsy 1), redaksionele inligting en kommentaar (bladsy 2). Die laaste uitgawe van *Spado* (Feb. 1981) bevat ook die uitgawenommer, datum en prys op die buiteblad, 'n redakteursbrief op die binne-voorblad met die inhoudsopgawe op bladsy 1.

'n Rubriek wat in nommer 2 en 3 van *Spado* voorkom, is "Bad News Goor Nuus", geskryf deur Amanda Strydom. Hierin word interessantheide oor letterkunde en ander wêreldgebeure uitgelig.

Die inhoud van *Spado* word glad nie op 'n vasgestelde manier op die bladsy georden nie. Soms verskyn die outeur se naam langs die titel van die stuk, en soms word die outeur eers aan die einde van die werk aangedui. Verskeie tekste verskyn soms op dieselfde bladsy, wat verwarring kan veroorsaak.

4.7.2 Struktuur van *Graffier*

Graffier is struktureel baie beter georden as *Spado*. Die interne struktuur is op die tematiese ordeningsbeginsel (kyk 2.5.1 a) gegrond, dit wil sê die inhoud is volgens subgenres (administratiewe inligting, redaksionele kommentaar, kortnuus, onderhoude, briewe, artikels, kortverhale en poësie) georden.

Die eksterne struktuur kan soos volg beskryf word: die buiteblaaie bevat al die nodige inligting soos die jaargang, nommer, datum, prys, asook 'n bondige opgawe van die inhoud. Op bladsy 2 word die redaksie uiters noukeurig aangedui, tesame met ander administratiewe inligting soos die name van verteenwoordigers in ander

provinsies, en die keurkomitee (*Graffier* 1 en 2). Ander besonderhede wat gewoonlik op bladsy 2 voorkom, is die prosedure vir die aanstuur van boeke en bydraes, die naam van die borg (met 'n vrywaring van assosiasie met die inhoud van die tydskrif), en verdere belangrike aankondigings soos die samesmelting van *Spado* met *Graffier*. Die jaargang en nommer, en die redakteursbrief (indien enige) van die tydskrif is gewoonlik op bladsy 2 of 3 geleë.

Daar is wel soms belangrike redaksionele aankondigings op die agterblad, soos die onttrekking van Perskor Uitgewery as borg, wat op die agterblad van *Graffier* 5 (Somer 1982) aangedui is. Geen inhoudsopgawes kom voor nie, behalwe in *Graffier* 5. In *Graffier* 4 (Aug. 1981) verskyn daar 'n indeks, opgestel deur A.D. Pienaar, van die nommers wat in 1980 verskyn het (kyk Figuur 4.7).

GRAFFIER: INDEKS VAN 1980 – UITGAWES (OPGESTEL DEUR A.D. PIENAAR)		No.	Bl.	6. Nuis en Aktueel/News and Views	
1. Artikels – Literêr – Wetenskaplik				A. Berigte	
Hambidge, Joan	Soveel mense, soveel menings			Kortnuus	1 3
	Bespreking van Marlie Joubert se <i>Kipkus</i> , Kaapstad 1978	2	13	Van Zyl, Irma	Amnesie wil nou net skryf
Hugo, D.J.	Die Literêre verwyng in <i>Na die Geliefde Land</i>	1	6	Nuusredaksie	Twee debite uit die Kaapse Groep
Pienaar, A.D.	Poesie as Versinde Taal – 'n Voorlopige bloopie van die verband tussen taalkunde en letterkunde aan die hand van beskouing van Roman Jacobson.	2	12	B. Brieue	
Van Celler, H.P.	Sommekyn en Chevrolet	2	14	Du Toit, André	Die nul-punt?
Van Zyl, Irma	Daar is plek vir vernuwng	2	15	le Roux	Holloway,
2. Resensies				Suznel	
Dan	<i>Kommas uit 'n Boomzol</i> . "Dan Roodt moet nog die harde pad loop" (Dawid de Villiers)	1	5	Swanepoel, Eduan	Is punkafrikaans sodanig nuut?
3. Essays				Van Wyk, Johan	
Botha, MC	'n Paar Notas oor skryf	2	20	Noem ons eerder Internasionale Afrikaners	
De Jongh, Francois	Om 'n heeldjie te kap	1	12	C. Onderhoude	
De Kock, Lochner	Huisgodsiens	1	12	met: Le Roux, André	As dit maar duur (Christo Leach)
De Lange, Johann D.	The show must go on	1	12	Ondenaar, Welma	Welma Ondenaar kap literêre establishment (Leon Blignaut en Etienne van Heerden)
Devereux, Stephen	Hengelaar	2	18	Perskor (Gerry de Melker)	
Du Plessis, Phil	I Cannot Forget	2	17	Skrwers en Uitgewers – Perskor (Louis Krüger)	
Du Toit, André	II (ek is magtig)	1	10	Tafelberg (Danie van Niekerk)	
le Roux	III (ek soek 'n vlugkaart na 'n paradys)	1	10	D. Redaksioneel	
Esterhuizen, Louis	die rokpante van ons erfenis	1	11	(Van Heerden, Etienne)	No. 1
Greeff, Rachelle	Ontdekkingsgatos	2	17	(Van Heerden, Etienne)	No. 2
	Sê god vir die mens	1	11	E. Rubrieke	
	verbode terrein	1	11	Kruger, Louis	Skrwyende nou van onder tot bo (No. 2)
Kellerman, Gawie	papirusrol – oxyrhynchus winter 1895-96	2	18		
Leach, Christo P.	dit god goed met het volk . . .	1	10		
Le Roux, André	hoogwinter in wes-transvaal – of dan 'n exit op die pienk niet	2	16		
Pelzer, Chris	klein ars poetica	2	18		
Pienaar, A.D.	rede	2	18		
Rasch, Carsten	'n Dag vol son voor die reën	2	16		
Saier, Mark	Fas de deux	2	16		
Snyders, Peter	op sy boers geskryf	1	11		
Swanepoel, Eduan	spoorwegstasie – 'n semafoor	1	11		
Van den Heever, Gerhard	van wysies: om te laat onthou	1	11		
Van der Merwe, Daan	The Skeleton	1	12		
(pseud: D.J. Hugo)	Good King Wenceslas	2	17		
Van der Merwe, Willie	(ons het 'n deurmekaar christo & woonsitel)	2	17		
Van der Merwe, Willie	op sy boers geskryf	1	11		
Van Wyk, Johan	spoorwegstasie – 'n semafoor	1	11		
Zeeman, Henk	van wysies: om te laat onthou	1	11		
5. Kortverhale					
De Kock, Leon	The lucky son of a tomato who started life as a speck in a carrot	1	9		
Du Toit, André	god kom per vliegtuig	2	19		
le Roux	god kom per vliegtuig	2	19		
Van Heerden, Etienne	Slap Grensdrade	1	7		

Figuur 4.7
In *Graffier* 4 (Aug. 1981) verskyn daar 'n indeks, opgestel deur A.D. Pienaar, van die uitgawes wat in 1980 verskyn het.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Die eksterne struktuur van die tekste self is baie eenvormig. By briewe, artikels, en kortverhale verskyn die titel bo aan, met die outeur se naam daaronder. By poësie verskyn die digter se naam bo aan, met die titel van die gedig daaronder.

4.7.3 Struktuur van *Stet*

Soos by *Spado*, kan die interne struktuur van *Stet* as willekeurig of onreëlmatig (kyk 2.5.1 c) beskryf word.

Die eksterne struktuur van *Stet* (volgens die ondersoek van geselekteerde nommers) kan soos volg beskryf word: die buiteblaaie bestaan uit 'n kunswerk van een of ander aard. *Stet* 1(1) s'n bestaan uit 'n woordeboekbeskrywing van die woord "stet".

S T E T


DESEMBER 1987
Jaargang 5, nommer 1



INHOUD

Voorblad: Ian Bekker	1
Briewe	2
Njabulo S. Ndebele: <i>Against Pamphleteering the Future</i>	8
Conrad Steenkamp: <i>Bossies en baie gif</i>	12
Marianne de Jong: <i>Louoond: libido as politiek</i>	15
Ivan Kovacs: <i>The Bardo of Love</i>	20
Leon de Kock: <i>Bessie Head</i>	22
O.P. Stoker: <i>Insig en die bybedoeling</i>	24
Leonard Koza: <i>Peoples' Education</i>	26
Frikkie Potgieter: <i>Kuns en vervreemding</i>	27
Peter Handke: <i>Willose ongeluk deel 3 (slot)</i>	33
Agterblad: Walter Meyer	


FORCES' FAVOURITES



Forces' Favourites is Taurus se bydrae tot die 'grensliteratuur'.

PRYS: R19,00 plus AVB, posvry
TAURUS
Bus 85218, Emmarentia, 2029

BRIEWE



Meneer

Daar is iets waaroor ek as gewone leser by STET wil kla. Nou hoop ek maar die olannas lees die tydskrif. Waarom verskyn daar resensies in die dagblaaie en tydskrifte van Afrikaanse boeke wat nog nie beskikbaar is nie? Ek behoort nog tot die klein minderheid wat resensies lees, hoegenaamd lees, maar dit vind ek 'n perverse wan-toestand.

Verder verneem ek dat dit deesdae die gewoonte word om aan keurders die bladsproewe in plaas van die boek te stuur. Die volgende stap sal seker wees dat hulle reeds die manuskrip toegestuur kry.

Wat 'n arrogansie! Dit beteken dat so 'n resensie nie die kans kry om iets oor die buiteblad en tegniese versorging van 'n boek te sê nie. Al ons boeke is mos pragtig.

Dis maar een van die kwalike effekte. Veel erger is dat boeke vooraf gelees en die leser dus voorgesê word. Ons word nie met 'n boek vertrou voordat die resensente vertel het wat ons daarvan moet dink nie. Dis 'n kommerstele en perverse vorm van kanoniserings waaraan ons blootgestel word.

Mag ek vra dat alle resensente weier om bladsproewe te lees of resensies te lewer voordat die boek vryelik beskikbaar is? Of as hulle te gretig is om hulle naam in die koerant te kry, dat *redakteurs* van boekebladsy weier om 'n resensie aan te vra alvorens die boek op sy lessenaar lê? As dit nie gebeur nie, sal die beskaafde leserspubliek weier om langer iets te make te hê met die koopmansgedoente wat die Afrikaanse literatuur aan die word is.

Leser
Johannesburg



BYDRAES
Bydraes moet gestuur word aan Die redaksie, Posbus 104, Wits, 2050. *Let asb. daarop dat dit 'n nuwe adres is.* Bydraes moet vergesel wees van 'n gefrankeerde koewert indien u hulle terug wil ontvang. Geen korrespondensie word oor bydraes gevoer nie.

REDAKSIE
STET staan onder redaksie van Tienie du Plessis, Elza Miles, Gerrit Olivier en Hans Pienaar en word deur Taurus-uitgewers geborg.

REKLAME
Advertensie-tariewe vir STET is R100 per volblad, R75 per halfblad en R50 per kwartblad. Skakel (012) 341 2702.

INTEKENING
STET kos R3,00 per nommer as u dit regstreeks van die redaksie bestel. Die intekengeld bedra R12,00 per jaargang van vier nommers. Meld asseblief met watter nommer u intekening wil laat begin. Tjeks moet aan STET uitgemaak word.

VORIGE NOMMERS
Daar is nog eksemplare van alle vorige nommers van STET behalwe jaargang 2 nr. 1 oor. Nommers uit die eerste drie jaargange word teen 'n verminderde prys van R1,50 stuk verkoop.

2

Figuur 4.8
Bladsy 2 van *Stet* 5(1) bevat die inhoudsopgawe en administratiewe inligting soos besonderhede oor bydraes, briewe, intekening en bestel van vorige nommers. Briewe en 'n Taurus-advertensie verskyn ook op hierdie bladsy.

Die buiteblad van uitgawe 2(1) is 'n kunswerk van Julien Venter. 3(1) bevat 'n foto geneem deur Ivan Muller. Die buiteblad van uitgawe 4(1) is 'n collage deur Christo Coetzee. 5(1) se voorblad bestaan uit 'n foto deur Ian Bekker en op die agterblad 'n collage deur Walter Meyer. Op die voorblad van 6(1) is 'n fotocollage deur Tienie du Plessis. Op die buiteblaaie verskyn die jaargang, nommer, datum en name van die bydraende outeurs in die uitgawe.

Bladsy 2 bevat die inhoudsopgawe en administratiewe inligting soos besonderhede oor bydraes, briewe, intekening en bestel van vorige nommers. Die redakteursbrief, ander briewe, Taurus-advertensies en ander aankondigings verskyn soms op hierdie bladsy. In *Stet* 3(1) van Feb. 1985 verskyn daar 'n klein artikeltjie, "Boergons: Afrikaans buite die woordeboek" met interessante alternatiewe verklarings van Afrikaanse woorde.

Die eksterne struktuur van die tekste self is meestal eenvormig. By briewe, artikels, kortverhale, poësie, ensovoorts verskyn die titel bo aan die werk, dan volg die werk self en die outeur se naam verskyn onder aan die werk (kyk Figuur 4.14). Vanaf jaargang 6 (1990) skuif die posisie van die outeursnaam tot reg na die titel (kyk Figuur 4.15).

4.7.4 Struktuur van *Standpunte*

Die interne struktuur van *Standpunte* kan gedurende die tagtigerjare steeds (soos in 3.7.4) as willekeurig of onreëlmatig (kyk 2.5.1 c) beskryf word.

Die eksterne struktuur van *Standpunte* (volgens die ondersoek van die geselekteerde nommers) kan as volg beskryf word: Die buiteblaaie van nommer 153 (Jun. 1981) en nommer 159 (Jun. 1982) bevat 'n foto, die titel en die nommer van die betrokke uitgawe (kyk Figuur 4.4). Op bladsy 3 van nommer 153 en 159 verskyn die naam, *Standpunte*, die jaargang en nommer van daardie jaar, die maand en reeksnommer.

Standpunte 153

Derde reeks, Jaargang 34, nr. 3, Junie 1981

Redaksie

D.J. Opperman, A.P. Grové, Karel Jonckheere, C.J.D. Harvey, T.T. Cloete, Ernst van Heerden, P.G. du Plessis, Chris Barnard, J.C. Kannemeyer, P.J. Gillié, J.C. Steyn, Fanie Olivier, Marlene van Niekerk.

Voorblad

Marlene van Niekerk

Inhoudsopgawe

Marlene van Niekerk Gedigte, 2
J. du P. Scholtz: Voorgeskiedenis van die publikasie van *Enklaves van die lig*, 6
Stephan Boucher Twee gedigte, 13
Jan de Bruyn Verse, 15
Mada Reinecke Verse, 18
H. le R. Slabbert eine kleine nachtmusik, 23
Hennie Aucamp Op Moedverloor se pleine, 24
Karel Schoeman Onderbreking, 28
D.J. Hugo Die geval Olaf Andresen, 31
Johann D. de Lange Die flaminke, 34
Casper Schmidt Drie verse, 35
Theunis Engelbrecht Verse, 38
Paul Edmunds Poems, 41
Paula Maud Gedigte, 43
Albert Nieuwoudt Four poems, 44
Dietloff van der Berg Twee verse, 46
Johann Lodewyk Marais Twee verse, 47
Jennifer Fletcher Gedigte, 48
Chris Mann Poems, 50
Peter Louw Twee verse, 53
Gerrit Olivier D.F. Spangenberg se „ander” *Bart Nel*, 54
Irene Janssen, Truida Lijphart en Barbara van Ijzeren Over de vertel-situatie in *Die swerfjare van Poppie Nongena*, 57
L.S. Venter Kritiek en literêre didaktiek, 67
J.D.U. Geldenhuys Ex Africa aureum, 73
W.S.H. du Randi Die stem van die poësie, 74
Koois Kakamas, 79
Regstelling, 80

Standpunte word uitgegee deur Nasionale Boekhandel Bpk., Posbus 122, Parow, 7500. Gelitografeer en gebind deur Nasionale Boekdrukkery, Goodwood.

Standpunte 165

Derde reeks, Jaargang XXXVI: 3 Junie 1983

Redaksie

D.J. Opperman, A.P. Grové, Karel Jonckheere, C.J.D. Harvey, T.T. Cloete, Ernst van Heerden, P.G. du Plessis, Chris Barnard, J.C. Kannemeyer, P.J. Gillié, J.C. Steyn, Fanie Olivier, Marlene van Niekerk, R.H. Pheiffer

Stuur alle Afrikaanse boeke en bydraes ter resensie aan prof. J.C. Kannemeyer, Posbus 91073, Aucklandpark, 2006.

English contributions and English books for review should be sent to Prof. C.J.D. Harvey, 10, Binnekering Road, Dalsig, Stellenbosch, 7600.

Bydraes moet in getikte vorm, met dubbele spasiering, geleë word en vergesel gaan van 'n geadresseerde en voldoende gefrankeerde koevert, anders kan dit nie teruggestuur word nie. Medewerkers word ook versoek om hul inkomste-belastingverrekeningsnommers saam met bydraes voor te lê. Die outeur se naam en adres moet prominent in die boonste regterkantste hoek van die eerste bladsy vermeld word; in die geval van gedigte op elke afsonderlike bladsy. Oor bydraes kan slegs in uitsonderlike gevalle korrespondensie gevoer word. Voornemende intekenaar word versoek om die uitgewer te nader, nie die redaksie nie.

Intekengeld per jaargang in Suid-Afrika en S.W.A.: R21,00. Buiteland: R24,00.

Standpunte word uitgegee deur Nasionale Boekhandel Bpk., Posbus 122, Parow, 7500. Gelitografeer en gebind deur Nasionale Boekdrukkery, Goodwood.

Figuur 4.9

Die struktuur van bladsy 3 van nommer 153 (Jun. 1981) verskil duidelik van dié van nommer 165 (Jun. 1983) (Figuur 4.10). Dit bevat wel die inhoudsopgawe, maar geen besonderhede oor die aanstuur van bydraes nie.

Figuur 4.10

By bladsy 3 van nommer 165 (Jun. 1983) word die besonderhede oor die aanstuur van bydraes wel gegee, maar die inhoudsopgawe verskyn elders. Let op die effektiewe gebruik van wit spasie en horisontale spasiering (kyk 4.11.4).

Hieronder verskyn die redaksielys, byskrif van die voorbladfoto, en inhoudsopgawe. Onder die inhoudsopgawe volg die uitgewery- en drukkerybesonderhede (kyk Figuur 4.9). Geen besonderhede word gegee oor die aanstuur van bydraes nie.

Die buiteblaaie van nommer 165 (Jun. 1983), 171 (Jun. 1984), 177 (Jun. 1985) en 183 (Jun. 1986) is gelyksoortig (kyk Figuur 4.5). Dit bestaan uit die titel “Standpunte”, wat oor die lengte van die linkerkant van die voorblad gedruk is, gevolg deur die nommer van die tydskrif. Die inhoudsopgawe verskyn aan die regterkant van die voorblad, met die jaargang, nommer en datum daaronder.

Bladsy 3 van hierdie nommers bevat die naam, *Standpunte*, die jaargang en nommer van daardie jaar, die maand en reeksnommer. Hieronder verskyn die redaksielys, en daaronder besonderhede vir die aanstuur van bydraes. Dit word gevolg deur die uitgewery- en drukkerbesonderhede (kyk Figuur 4.10).

Uit die ondersoek van die geselekteerde uitgawes van *Standpunte* blyk die struktuur ten opsigte van die onderskeie tekste wat die inhoud opmaak eenvormig te wees vir die tydperk 1981 tot 1986. Die die titel van die werk word bo aan die bladsy geplaas, gevolg die outeur se naam, met die teks self hieronder. Voetnote verskyn onder aan die meeste van die bladsye (kyk Figuur 4.16).

Daar is geen voorwoord nie. Redaksionele kommentaar en aankondigings kom egter aan die agterkant van die tydskrif voor in 'n rubriek genaamd "Aantekeninge".

4.8 Vergelyking van struktuur (C2)

Spado, *Stet* en *Standpunte* se interne struktuur kan as willekeurig of onreëlmatig beskryf word. Hierdie tipe interne struktuur behels dat die onderskeie elemente nie liniêr of hiërargies georden is nie, en dat daar ook geen ander vaste patroon of struktuur in die ordening van materiaal vasgestel kan word nie. *Graffier*, aan die ander kant, maak gebruik van die tematiese ordeningsbeginsel. Hierdie tipe interne struktuur behels dat die onderskeie elemente volgens onderwerp georden word (Odendal & Gouws 2000:1148). In die geval van *Graffier* word die inhoud volgens subgenres georden.

Wat die eksterne ordening betref: meestal het die redakteurs van die tydskrifte redelik suksesvol daarin geslaag om die administratiewe inligting duidelik aan te dui. Onder administratiewe inligting val: die reeks, nommer, jaargang, datum, prys, redaksie, inhoudsopgawe, inligting oor die aanstuur van bydraes, uitgewers- en drukkerbesonderhede, ensovoorts. In die eerste uitgawe van *Spado* is daar egter

geen sprake van watter nommer dit is, wanneer dit verskyn het (datum) of wie die uitgewer is nie. Daar is ook glad nie 'n inhoudsopgawe nie. In nommer twee en drie word dit egter wel verstrekk.

Van die ses uitgawes van *Graffier* bevat slegs een uitgawe, nommer 5, 'n inhoudsopgawe. Al ses uitgawes bevat egter lusmakers (*teasers*) oor die inhoud van die tydskrif op die voorblad van elke nommer (kyk Figuur 4.2).

Stet dui altyd op die voorblad aan wie die bydraers tot die spesifieke nommer is (kyk Figuur 4.3), en gee ook 'n volledige inhoudsopgawe binne die tydskrif. Vanaf 1983 verskyn *Standpunte* se inhoudsopgawe weer op die voorblad van die tydskrif (kyk Figuur 4.5), soos dit in die sestigerjare die geval was (kyk 3.11.4).

4.9 Styl (D1)

4.9.1 Styl van *Spado*

Avril Beukes, redaktrise van *Spado*, beskryf *Spado* nie as "n literêre tydskrif" nie, maar eerder "n forum vir die jong intellektueel". Dit moes 'n "oop" tydskrif wees, "wat skryfwerk van gehalte oor alle kunsvorme bevat met geen bepaalde beleid nie" (*Graffier* 1(4):3).

Volgens Louis Krüger (*Graffier* 1(3):3) laat Johan van Wyk hom soos volg uit: "Die probleem is dat jonger digters se werk nie verstaan word nie. Daarom wil *Spado* 'n kykie gee in die baaierd van dié digters. Van die artikels handel oor punk rock en wetenskapfiksie" (Aug. 1980). Dit is egter nie al waarop *Spado* fokus nie. Anders as die ander letterkundige tydskrifte, publiseer *Spado* ook artikels oor musiekgroepe, lirieke, en resensies van films, boeke en langspeelplate.

4.9.2 Styl van *Graffier*

In die eerste uitgawe van *Graffier* word die doelstellings daarvan uiteengesit. Volgens die redaksie wil *Graffier* "... 'n tweetalige tydskrif vir die jong skrywer en die jong letterkundige daarstel, 'n tydskrif wat gestig en beheer word deur die jonges, en waar hulle self standarde aanlê by die keuring van materiaal ... 'n standhoudende tydskrif ... wat buite die gevestigde literatuur staan, 'n tydskrif wat stimuleer, eerder as boekstaaf. 'n Tydskrif wat stof opskop, eerder as spog. 'n Tydskrif wat groter onmiddellikheid verskaf en wat benewens skeppende bydraes ook onderhoude plaas, briewe, [en] artikels" (1980:2).

Die briewekolom is 'n baie unieke element omdat min letterkundige tydskrifte briefwisseling kon/wou akkommodeer. Dit was egter vir die redaksie van *Graffier* 'n belangrike forum waarin belangstellendes hulle idees kon verwoord.

4.9.3 Styl van *Stet*

Op die voorblad van die eerste uitgawe (1982) word *Stet* beskryf as 'n "[l]iterêre tydskrif met belangstelling in politiek en sake van die dag ... [k]atoliek van smaak, maar met 'n voorkeur vir ongewone bydraes ... [t]een apartheid, teen sensuur".

Volgens Kannemeyer was *Stet* "...militant teen sensuur en die politiek van die gesagsorde gerig ..." (1983:243). *Stet* was die "anti-establishment" tydskrif, en die redaksie het glad nie geskroom om te sê wat hulle van enigiets of enigiemand dink nie.

Stet het ook nie in gekultiveerde, "opgevoede" literatuur belang gestel nie; in Desember 1983 voer Gerrit Olivier en Tienie du Plessis aan dat "STET [belang stel] in alle stemme wat in Afrikaans nie gehoor word nie. Want tussen die literêre handelsreisigers se praatjies hoor 'n mens dikwels 'n ontstemmende stilte. Op straathoeke

en in kroeë, op stasieperonne en in die voorstede, word die taal gepraat wat ons wil hoor. Ons vra ons bydraers om dááror te skryf – nie fynsinnig en met ironie en afstand ens. ens. nie, maar regstreeks, sonder smuk, in die taal soos wat hy gepraat word” (*Stet* 2(2):2).

4.9.4 Styl van *Standpunte*

Tekenend van sy gevestigdheid, standhoudendheid en konserwatisme, het die styl van *Standpunte* oor die veertig jaar van sy bestaan oorwegend dieselfde gebly. Volgens Barend J. Toerien, in *Die Burger* se “Boekpraatjies”, het “elke blad ... sy eie beleid en *Standpunte* s’n was nog altyd ‘behoudend’ in die goeie sin van die woord...” (30 April 1986). In ’n brief wat saam met die eerste uitgawe van *Graffier* versprei is, beskuldig die redaksie van *Graffier Standpunte* daarvan dat hulle “oorvol” is, dat “die wagtyd vir publikasie ±13 maande beloop!” en dat “gevestigde skrywers ... voorkeur geniet” (Sept. 1980). In *Stet* 3(3 en 4) sê Dan Roodt dat *Standpunte* geboikot moet word omdat, onder andere, “...*Standpunte* die literêre mondstuk van die NP [is]...”, “*Standpunte* se redaksie ... ‘slegs blankes’ [is] ...” en steeds uit dieselfde persone bestaan al is Brink die nuwe eindredakteur – geen vernuwing sal plaasvind nie, “[d]ie akademiese standaard van *Standpunte* veel te wense oor[laat]”, en dat “[o]m in *Standpunte* te publiseer, ’n klad [is] wat geen mens op sy of haar naam wil hê nie” (1986:4–5).

Maar die nuwe eindredakteur van *Standpunte*, André P. Brink, maak in nommer 138 [39(3)], die volgende opmerking: “Dit verheug die redaksie dat – in weerwil van ’n onlangse bisarre eenmansoproep tot ’n boikot-aksie – die bydraes hierin strek oor die hele spektrum van Afrikaanse skrywersgenerasies van Elisabeth Eybers tot Theunis Engelbrecht...” en “[t]erwyl ons hoop om steeds ruimte te bied aan stewige akademiese werk wil ons graag voortaan ál meer klem op skeppende werk laat val. Op die duur is ’n blad se enigste *raison d’être* die aard en gehalte van sy bydraes” (1986:64).

4.10 Vergelyking van styl (C2)

Soos in die sestigerjare (kyk 3.10) is dit in die tagtigerjare weereens die geval dat die jonger skrywers se werk nie byval vind by die gevestigde letterkundige tydskrifte (soos *Standpunte*) nie. Die jong skrywers van die tagtigerjare, die Tagtigers, was moeg vir die "literêre establishment", moeg daarvoor om maande te wag voor hulle werk gepubliseer word, moeg vir die sensuurwette en selfs moeg vir die boek.

In *Graffier* 1(1) kritiseer Welma Odendaal die hardeband-boek wanneer sy sê: "Ek sien die boek as 'n kommoditeit. Dit moet goedkoop wees, beskikbaar vir almal. Maar uit die aard van ons bestaande struktuur is dit onmoontlik. Een uitweg is klein tydskrifte, wat teen 40c in plaas van R8,50 verkoop" (1980:3). Die Tagtigers wou letterkunde meer toeganklik maak vir almal en omdat boeke so verskriklik duur geword het, het die hulle al hoe meer in tydskrifte of "little magazines" gepubliseer.

Die ooreenkomste tussen *Spado*, *Graffier* en *Stet* is dus dat hulle aan die Tagtigers 'n podium gebied het om hulle werk te publiseer. Hulle was teen die "literêre establishment", waarin *Standpunte* een van die hoofspelers was. Hulle was toeganklik vir almal en het nie gediskrimineer teen jong skrywers nie. Inteendeel: op 'n stadium (Des. 1980) het *Graffier*, "n Tydskrif vir jong skrywers", aangedui dat die afsny-ouderdom ("ouderdomsplafon") vir bydraers 35 jaar is (*Graffier* 2:2). *Standpunte*, aan die ander kant, was steeds "behoudend" en was (volgens die redaksie van *Graffier*) grootliks ontoeganklik vir die jong skrywers van Tagtig omdat hulle aan gevestigde skrywers voorkeur gegee het (kyk 4.9.4).


4.11 Uitleg (E1)

4.11.1 Uitleg van *Spado*

Die eerste uitgawe van *Spado* verskyn in A4-formaat. Die uitleg van *Spado* is baie eenvoudig en herinner aan die uitleg van die tydskrifte van die sestigerjare, spesifiek



Figuur 4.11
Spado 1 (1980) verskyn in A4-formaat en die teks word in twee of drie kolomme uitgelê.



Figuur 4.12
Spado 3 (Feb. 1981) verskyn in A5-formaat en die teks word slegs in een kolom uitgelê.

Wurm (kyk 3.11.2). Die blaaië is op 'n standaard tikmasjien getik (12 pt. *serif* - Courier lettertipe), afgerol en dan met krammetjies gebind. In die eerste *Spado* word daar geëksperimenteer met tipografie, lettertipe en -grootte van die opskrifte. Die teks self lyn aan die linkerkant op, is geset in een, twee of drie kolomme en verskeie foto's kom voor. Die tipografie en taalversorging is egter uiters slordig, met woorde wat op die verkeerde plekke afgekap word, geen spasies na punte nie, ensovoorts, en mens moet dikwels soek na waar 'n spesifieke teks vervolg. Daar word ook meer as een teks op dieselfde bladsy ingeprop en dit is soms moeilik om die verskillende tekste van mekaar te onderskei.

In die redakteursbrief van *Spado 2* erken die redaksie: "[b]laie het gekla oor die tipografiese onleesbaarheid van die eerste uitgawe" (Sept. 1980:2). *Spado 1* se voorblad is op glanspapier gedruk en bevat 'n swart-en-wit foto sonder enige byskrif. Dit

bestaan uit 50 bladsye. Met *Spado 2* en *3* verander die tydskrif se grootte van A4 na A5. Die blaai is steeds getik en afgerol, maar die teks beslaan slegs een kolom op die kleiner bladsye. Die teks self het nie juis 'n kenmerkende uitleg nie, behalwe dat dit links oplyn en dat die lynspasiëring hoofsaaklik een-en-'n-half is. Soms is die titels van die onderskeie werke in hoofletters, soms in kleinletters en soms onderstreep. Geen uitsonderlike tipografiese verwerkings kom voor nie, maar wel verskeie illustrasies en kunswerke.

Spado 2 (Sept. 1980) se buiteblad en die kunswerke in die tydskrif is geskep deur Steve Lowery en Geoff Naus, en die tydskrif bestaan uit 56 bladsye. *Spado 3* (Feb. 1981) se buiteblad is geskep deur Thys de Wit. Dit bestaan uit 62 bladsye.

4.11.2 Uitleg van *Graffier*

Graffier verskyn in A4-formaat en die eerste tekens van moderne uitleg is in hierdie tydskrif sigbaar. Die teks en grafika word op 'n visueel estetiese wyse op die bladsye gerangskik. Foto's, illustrasies, blokke en lyne word in die bladuitleg gebruik. Die lettertype wat in *Graffier 1* tot *6* vir die teks gebruik word, is 'n *serif* van ongeveer 10 pt. en die lynspasiëring is enkel. Die teks is aan weerskante geblok en in twee kolomme verdeel. Die feit dat die teks aan weerskante geblok word, veroorsaak dat min tipografiese wit (kyk 2.7.2) sigbaar is, en dus is die tipografiese tonale digtheid baie hoog (kyk 2.7.3 b). Aankondigings verskyn in hoofletters en vetdruk in blokke wat oor 'n kolom strek. Die teks word vertikaal in die blokke gesentreer, en soms verskyn 'n aansienlike hoeveelheid tipografiese wit om hierdie teks in die blok. Dit trek aandag en sodoende word meer klem op die aankondigings gelê.

Die titels van briewe, artikels en kortverhale verskyn groot, in ongeveer 'n 16 pt.-grootte, die subopskrifte (12 pt.) is in vetdruk en gesentreer. Die name van die outeurs en hulle plekke van herkoms verskyn in vetdruk, soms in hoofletters en soms in kleinletters.



Figuur 4.13
 Graffier verskyn in A4-formaat en die eerste tekens van moderne uitleg is in hierdie tydskrif sigbaar. Die teks en grafika word op 'n visueel estetiese wyse op die bladsye gerangskik.

Die uitleg van die poësie in *Graffier* is eenvormig in al die uitgawes. Die naam van die skrywer verskyn bo aan die gedig in kleinletters en vetdruk, tussen twee lyne van omtrent 2 pt.-dikte wat oor die hele kolom strek (daar is twee kolomme per bladsy). Die titel van die gedig verskyn hieronder, ook in kleinletters en vetdruk.

Graffier 1, 2 en 3 gebruik dieselfde voorblad, wat ontwerp is deur John Pym en Peter Brookes. Op die voorblad van *Graffier* 4 en 6 is kunswerke deur Nick Curwell, en die voorblad van *Graffier* 5 is 'n ets deur M. Müller.

Graffier groei met elke uitgawe in dikte vanaf 12 bladsye vir *Graffier* 1 tot 32 bladsye vir *Graffier* 5. *Graffier* 6 bestaan uit 20 bladsye.

4.11.3 Uitleg van *Stet*

Soos *Graffier*, verskyn *Stet* ook in A4-formaat en word hierdie tydskrif deur moderne uitleg gekenmerk. Ook in *Stet* word foto's, illustrasies, blokke en lyne in die blauduitleg gebruik. Anders as in *Graffier*, word daar in *Stet* meer met tipografie gespeel, en kom baie verskillende lettertipes en -groottes in die uitleg voor (kyk Figuur 4.14 en 4.15).

Die lettertipe wat meestal vir die teks in *Stet* gebruik word, is 'n serif in ongeveer 10 pt., en die lynspasiëring is enkel. Daar is soms afwykings, waar 'n sans serif of 'n ander lettergrootte gebruik word, maar dit is baie skaars. Die teks is aan weerskante geblok en in twee of drie kolomme verdeel.

PEOPLE'S EDUCATION IS A DEMOCRATIC EDUCATION (FOR ALL, IRRESPECTIVE OF COLOUR OR CREED)

In many reactionary and extreme rightwing circles a negative attitude towards people's education is being entertained. Because most of the reactionary forces have been wrongly 'educated', it is very difficult for the totalitarian mind to understand that People's education is simply an education which meets the demands required by all the citizens of the State irrespective of colour or creed.

Nobody can or has denied the crucial fact that education is essential for the human development of a country. Because education has to do with the human mind the argument of colour becomes irrelevant unless it is not true and sincere education as understood in civilized circles. To educate a person is to develop his faculty of thinking to the best of his ability. The faculty of thinking is none other than the mind of a person. What then is the mind if not its thoughts and feelings? By damaging the thoughts and feelings of a person you damage his mind. It means that if the faculty of thinking is wrongly fed it wouldn't develop to required civilized standards and thus the so-called 'educated' but low mentalized person' whereby human minds reveal inhuman reactions to the realities of the day. After all it is the developed mind that understands, mends and moulds and the animal type of mind that divides, breaks and folds.

What then is the purpose of a people's education? It has never meant to replace democracy with totalitarianism but to serve as a yardstick in order to guide South Africa towards a goal where discrimination, prejudices and exploitation would be something of the past. People's education could be defined as the type of education agreed upon by all sections of the community for the whole community. The syllabus would suit the demands set by the time to build one unified nation. It would be an education to produce only free South Africans irrespective of colour. It won't make masters of the minority and servants or slaves of the majority. The noble function is that neither would it make masters of the majority but it will serve one nation in one South Africa. If White teachers can teach in Black schools, why can't Black and White attend the same school?

People's education would make it normal for the pupils of Epping and Goodwood to attend Elites River High School or Vaballa High. It would also be quite normal for pupils of Ravensmead and Uitsig to attend J.J. du Preez if they so wished because the syllabus would be the same. The primary aim of a People's Education is not to build a strong upper class or middle class but to equip the young to meet the realities and demands of one non-racial democratic South Africa so that Hippos and Casspirs could take long leave from school grounds. White hatred and Black fear would be something of the past. Of course it won't come overnight. Every South African must work very hard to make it a reality.

Please don't get me wrong, for there will be obstacles, obstructions and anti-democratic forces who would try to stifle the achieving of a People's Education goal. There would be peace, prosperity and human compassion as soon as there is an awakening realization that People's Education includes all the people and not only a section of the population. We need an education which will enrich our assessment of human values. Degrees, diplomas and certificates must not only be obtained in order to get more access to material wealth and then build high vibracete walls in order to ignore the working class neighbour in a diplomatic way. Education should not shut us off from the working class but it must include the latter in our development program. The worker's child should foresee no problems in pursuing the highest ideals in the different fields namely science, fine arts, medicine, law and commerce or whatever direction he or she wishes to attempt.

Ironically, 'Bantu' means People, but every sane person is well aware what the purpose of Bantu Education is. It is an indoctrination labelled education to make Blacks subservient to Whites. It is an 'education' forced on the majority of Blacks by Whites in order to ensure eternal unchallenged privileges for the latter. It is interesting and yet unbelievable to note that the educated or shall we say the 'verfittened' totalitarian mind of the oppressor never anticipated any resistance from the Black students. They were so sure of their dose of indoctrination that when Black Resistance against Black education reached its peak in 1976, communists who up till today were never identified were blamed for kindly telling the pupils that they were getting an inferior education. Our educational standard would never improve unless all sections of the South African population have reached consensus on what must be taught. The neo-colonialist attitude towards education has forced a great section of the population to believe that a good standard of education is reserved only for certain people namely the idle rich. No more does the majority today believe that through fate they have to accept an inferior education.

Not so long ago a Minister of Bantu Education forced the teaching of a language onto an unsatisfied section of the population. That very minister is partly to be blamed for the political upheavals which took place in Black schools. Since then the country's educational policy in Black schools has never functioned normally again. Education must not be forced on anybody. The Minister of Bantu Education at that time exposed the inferior motives of Bantu education by claiming 'Ons bepaal want ons betaal'. Every South African who loves his country is concerned about the true and sincere implementation of a People's educational system. It won't be so easy as adding 'three houses' to 'another house', but the dividends would in the long run be more beneficial to South Africa as a whole. What is more is that People's education would enable 'Oom Piet' to enjoy his 'kaffie en boerebeskuit' without his poisonous 'wepens' or without worrying whether Boetie is still alive on the border. It's only a people's education that would teach us how to share the culture and wealth of the country together in freedom and peace.

Leonard Kooza



26

Figuur 4.15 >
In *Stet* word skeppende werk (bv. kortverhale en dramas) in twee kolomme uitgelê, soos hier sigbaar in *Stet* 6(1) (1990:30).

< **Figuur 4.14**

In *Stet* word artikels en briewe oor drie kolomme uitgelê, soos hier te sien is in *Stet* 5(1) (1987:26).

DIE PSIGOPAAT

J P du Toit

DIE MEISIE KYK na haar eie beeld in die spieël en borsel dan vinnig weer haar hare. Sy wend nog 'n klein bietjie lipstiftie aan en knip haar rooi handsakke toe. Tien voor agt, sê die wekker op die bodkassie. Sy trek die deur op slot en ry met die hyshak af na die grondverdieping. Twee verdiepinge. Twee weke. Twee weke sedert Henk weg is. Sedert sy hom gevaar het om te gaan.

Sy stap met die vroeë-moue straat af na die bushalte. Agter haar maak 'n deel van die gebou se skadeweë homself los en dwaal agter haar aan. By die bushalte hou hy haar van 'n afstand af dop. Sy gesig skuil donker in sy stoppelbaard. Hy ken elke tyd van haar dag. So bly hy staan tot sy op die bus klim. Dan wendwyn hy die stad in.

Sy dae is net dieselfde waar hy haar sien. Sodra sy weg is verkiel dit van dag tot dag. Sommige dae hoor hy 'n blouffim by die Griek in die ou buurt. Of by dwaal deur die stad. By op en af in die hyshakke. Kyk na die lang bene in kort rokies. Lipstiftiesmeersels op verlepte stakkes sneespapier. Altyd rooi. Hy sien altyd rooi.

Eenkeer het hy 'n jong meisie vasgekeer in 'n afgesondeerde hyshak. Sy was nog baie jonk, bet by agtma eers besef. 'n Maagd. Hy het afgekyk. Daar was bloed aan sy hande. Dit was die eerste keer dat hy dit gedoen het vandat sy gesê het hy moet loop. Sy hande glijp speels om haar wit nek. Twee weke al. Net háár nek. Hy kyk af. Daar is bloed aan sy hande.

Vandag stap sy vinnig toe sy van die bus afstap. Sy wil nie laat wees nie. Maar toe dit negu-ur is, sit sy voor haar tikmasjien. Sy haal die kleedjie af en speel oor die toetse. Haar naels is kort, maar netjies versorg. Die wit papier glijp oor die rol van die tikmasjien. Haar hande word warm.

Treedyd kom Johan na haar toe. "Wij jy nie vanand saam met my na 'n Chopin-uitvoering gaan nie?" vra hy. "Ek het twee laarjies present gekry." Sy glimlag. Hy wou haar lankal uitvra, maar toe was Henk daar. Sy huise. "Ek sal jou ná middag-ete sê." Hy knik en stap terug na sy kantoor toe.


Tussen een en twee gaan eet sy altyd haar toebrودies in die park. Vanmiddag bly daar onverwags 'n aantal onnodige oomblikke oor. Sy dwaal deur die wandelhal. Skielik staan hy voor haar. Met sy stoppelbaard. "Middag, Henk," groet sy en stap verby. Dat hy bleek geword het merk sy nie op nie. Onaangenaam, maar onskuldig was die ontmoeting vir haar. Maar hy het bleek geword in die gesig.

"Wat maak sy hier? Sy is nie deel van sy middag nie. Was nooit nie. Maar nou sien hy haar net soggens en saans. Die wansinnig pluk aan sy mond. Hy staar skuldig na haar werksaak-sing was wegloop in 'n winkeltrester. Soos sy ontroosheid vermoed het is dit boekom sy gesê het hy moet gaan? Kyk hoe rooi is sy hande nou. Hoe wit is haar nek. Hy onthou haar sagte mens-nekkeleis. Altyd.

"Ja," sê sy ná die middagete vir Johan. "Ek kry jou sewe-ur," sê hy net.

Voer haar tikmasjien kyk sy eers in haar handspieëljie. Sy trek haar lippe koketterig op 'n plooi en lag vir Rina wat

30 STET



oortrek haar sit. Hoogtyd, dink sy by haarself. Dan maak sy gou al haar werk klaar sodat sy die vroeë bus kan haal. Johan is tog gaaf. Sy sal kan leer om van hom te hou.

By die woonstel glijp sy uit haar rok uit onder die koue stort in. Sy maak gou vir haar 'n te-ete. Die blou kol op haar nag het al amper grotten verkleur. Pyn en genot, het Henk altyd gesê. Dieselfde senuweepunte. Is dit moontlik? wonder sy. Kan seerkyr lekker wees? Maar nie só nie, besluit sy en doen haar hare in 'n los bolle. Nou-ou kom Johan haar haal. Gewe saggende Johan. ("Vervelge Johan," bet Rina gesê.)

Die aand het nag geword. Nagskadu's langs die trapposaal. Die gesig het weggesink in die stoppelbaard. Net die oë blink af en toe as die sinistertig dansop werksaats. Veertien nagte al. Hy skram weg van voetstaple wat teen die trap opgaan. Elke nag. Die voetstaple gaan staan. Háár deur gaan oop. Haar deur gaan noot in die nag op nie. Tog vernag. Hy bewe. Voetstaple teen die trappe af. Haar skoen. Haar lippe. Haar bene to die trappe. Daar is 'n rooi serp om haar wit nek. Hy kyk af na sy hande. Dis rooi. Die nag se skadeweë klim by haar badkamer-vervenster in. Wit stakkes onderkerre. Wit.

Sy voel net Johan se sagte sweterige hand teen haar elmbog as hulle by die trappe van die outitorium afstap. Hy wend geen verdere poging aan om haar aan te raak nie. Nie eens per geval nie. Dieselfde senuweepunte. Dieselfde niks voel nie. Vervelge Johan. Sy en Henk. Pyn. Sy donker sterk hande met die swart haartjies. Krul om haar nek. Snaak na haar asem. Wit onderkerre met bloeivlekke op. Hy byt haar in die nek. Sagte, wit nek.

Henk het haar gevolg van die werk af. Die tweede aand het sy hom laat inkom. Sy wou. Hy het haar klete van haar lyf af geskeur. Sy het getuul en op haar lip gebly. Pyn en plester. Slaan haar met sy lersgordel. Twee weke lank. Toe by met die nes begin, het sy gesê hy moet loop. Twee weke lank. Twee weke gelede. Agt-en-twintig dae. Agt-en-twintig nagte. Vandag.

Die feit dat die teks so geblok word, veroorsaak dat min tipografiese wit (kyk 2.7.2) sigbaar is, dus is die tipografiese tonale digtheid baie hoog (kyk 2.7.3 b). Soos dit uit hierdie studie (van geselekteerde nommers) blyk, is daar 'n redelik standhoudende reël ten opsigte van die uitleg. Artikels en briewe word uitgelê in drie kolomme, en skeppende werk, soos kortverhale, poësie en dramas, in twee kolomme.

In die uitleg van *Stet* word daar veral gespeel met die tipografie van die koppe (of titels) van die onderskeie tekste. Verskille kom voor in die lettertipe, lettergrootte en selfs in die skakerings van grys (kyk 2.7.3 a) wat in die uitleg gebruik word. Die name van die outeurs is egter meestal in 'n 10 pt. *serif* en gekursiveer, aan die einde van die werk, behalwe in die geval van strokiesprente en fotoverhale. Vanaf jaargang 6 (1990) skuif die posisie van alle outeursname tot reg na die titel (kyk Figuur 4.15).

Anders as in *Standpunte* (kyk 4.11.4) word die titels van die onderskeie werke in die inhoudsopgawe van *Stet* gekursiveer, terwyl die name van die outeurs in gewone druk verskyn.

Stet bestaan uit 32 tot 40 bladsye, met 64 bladsye vir Julie 1990 se "DubbelStet", *Stet* 6(1 en 2).

4.11.4 Uitleg van *Standpunte*

Soos reeds genoem in 3.11.4, is *Standpunte* gebind in A5-formaat en is die uitleg nie net baie eenvoudig nie, maar ook hoofsaaklik eenvormig. Die tydskrif is in swart-en-wit gedruk en slegs die buiteblaaie bevat kleur.

Soos reeds genoem, is 'n moontlike rede vir hierdie eenvormigheid dat *Standpunte*, as gevestigde tydskrif, veel meer formeel en akademies van aard was, en dat die eenvormige uitleg bygedra het tot die status en geloofwaardigheid van die blad.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Die buiteblad van nommer 153 (Jun. 1981) bevat 'n foto van Marlene van Niekerk (kyk Figuur 4.4) en die nommer. Nommer 159 (Jun. 1982) bevat 'n foto van Etienne le Roux saam met A.P. Grové by die oorhandiging van die Hertzogprys vir *Magersfontein, o Magersfontein!* op 21 Junie 1979 in Stellenbosch. Beide hierdie nommers bestaan uit 80 bladsye.

Die uitleg van die titelbladsye (bladsy 3) van nommer 153 en 159 (kyk Figuur 4.9) kan soos volg beskryf word: die lettertipe wat deurgaans vir die teks gebruik word, is 'n *serif*, en die teks lyn aan die linkerkant van die bladsy op. Die titel van die tydskrif, "Standpunte", en die reeksnommer verskyn in kleinletters en in 'n *sans serif* lettertipe. Hieronder verskyn die reeks, jaargang en nommer en die datum, met daaronder 'n streep wat dwarsoor die bladsy loop. Vervolgens verskyn die eerste hofie, "Redaksie", in kleinletters, met die redaksielys daaronder. Vervolgens verskyn die hofie "Voorblad", waaronder 'n byskrif oor die voorblad volg. Die hofie "Inhoudsopgawe" verskyn daaronder; bo die inhoudsopgawe. In die inhoudsopgawe word die name van die outeurs in kursiefletters gelys. Tweedens volg die titel van die teks. Dit is in gewone druk geset en word van die titel geskei deur 'n spasie. Die bladsynommer, in gewone druk, volg op die outeursnaam en word deur 'n komma van laasgenoemde geskei. Die inhoudsopgawe word weer afgesluit met 'n lyn wat dwarsoor die bladsy loop. Onder die inhoudsopgawe verskyn besonderhede van die uitgewer en drukker, alles in 12 pt. *serif*, gewone druk.

Die buiteblaai van nommer 165 (Jun. 1983), 171 (Jun. 1984), 177 (Jun. 1985) en 183 (Jun. 1986) is gelyksoortig (kyk Figuur 4.5). Dit bestaan uit die woord "Standpunte" wat oor die lengte van die linkerkant van die voorblad gedruk is, met die nommer van die tydskrif daarby. Die woord "INHOUD" verskyn in hoofletters aan die regterkant van die voorblad met die inhoudsopgawe, jaargang, nommer en datum daaronder. Die teks wat in die inhoudsopgawe gebruik word, is 'n 12 pt. *serif*. Die outeur se naam verskyn eerste in kursief, daaronder verskyn die titel van die werk, effens ingekeep, met die bladsynommer daarnaas. Dié tendens om die

inhoudsopgawe op die voorblad van die tydskrif te plaas, is 'n voortsetting van die uitleg van *Standpunte* in die sestigerjare (kyk 3.11.4).

Al hierdie nommers bestaan uit 64 bladsye, en die uitleg van die titelbladsye (telkens bladsy 3) kan soos volg beskryf word (kyk Figuur 4.10): Die lettertipe wat deurgaans vir die teks gebruik word, is steeds 'n *serif*, en die teks lyn aan die linkerkant van die bladsy op. Die titel van die tydskrif, "Standpunte", en die reeksnommer verskyn in kleinletters en in 'n *sans serif* lettertipe. Hieronder verskyn die reeks, jaargang en nommer en die datum, ook in 'n *sans serif*. 'n Streep dwarsoor die bladsy loop daaronder.

Vervolgens verskyn die eerste hofie, "Redaksie", in kleinletters, met die name van die lede van die redaksie in 12 pt. kleinletters daaronder. Volgende verskyn die besonderhede vir die aanstuur van bydraes, en daaronder die uitgewers- en drukkerij- besonderhede. Die grootste verskil tussen die uitleg van die inhoudsopgawes van 1981 en 1982 en hierdie nommers s'n, is die groot hoeveelheid tipografiese wit (kyk 2.7.2) en horisontale spasiëring (kyk 2.7.2 a) wat by laasgenoemde voorkom. Dit laat die titelbladsye baie skoner en beter gestruktureerd voorkom (kyk Figuur 4.10).

In die nommers van *Standpunte* wat in 1981 – 1986 verskyn het, is die uitleg en tipografie met betrekking tot die onderskeie tekste soos volg (kyk Figuur 4.16): Die naam van die outeur/skrywer van die werk verskyn bo aan die bladsy in 'n 12 pt. *serif*, in kursiefletters. Die titel volg hieronder in 'n 12 pt. *serif*, in vetdruk.

Subopskrifte is ook geset in 'n 12 pt. *serif*, in vetdruk. Dan volg die teks self, steeds aan weerskante geblok (soos in die sestigerjare) en in 'n 12 pt. *serif*. Die lynspasiëring is enkel en aanhalings is ingekeep en verskyn in 'n 10 pt. *serif*. Dit is soms gekursiveer. Horisontale spasiëring (kyk 2.7.2 a) speel nie werklik hier 'n rol nie, maar daar is wel sprake van vertikale spasiëring (kyk 2.7.2 b) met die hoofteks wat aan weerskante geblok is en die inkeping van die aanhalings. Soms word die

Stephan Bouver
Twee gedigte

Cecil Beaton (1904–1980)
(vir Neels Hansen)

*Sir Cecil is saliger
sonder kind of kraai
– soos dit maar met vrygeselle gaan –
en ná vandag is al die dinge
waarmee hy die lewe wou verfraai
ook maar van die baan*

Dis 'n dynserige somerdag
hier by Reddish House, Broad Chalke, Salisbury
– komplete 'n tafereel uit Thomas Hardy –
maar die beul wat so breed glimlag
kom nie uit 'n storieboek nie
maar is 'n afslaer van Messrs. Christie

So pas in dié stampvol marquee
was daar vele gawe winskopies
– skilderye, foto's, kostuumontwerpe,
'n goue maatglasie vir jenever-sopies –
('n Skatryk versamelaar uit Seattle
is nou die eienaar van die Barok-settee)

Maar dié vendusie het tog 'n troos vir romantici:
ná die verkoop van vase en beeldjies by die krat
– snuisterye wat lewenslank met liefde geboen is –
het 'n jong Nieu-Seelander, Gary Rogers,
teen £750 'n vergeelde roos gekoop wat
een nag, in 1932, deur Greta Garbo gesoen is.

Londen, 11 Junie 1980

Figuur 4.16

In die nommers van *Standpunte* wat in 1981 tot 1986 verskyn het, lyk die uitleg en tipografie met betrekking tot die onderskeie werke eenvormig.

paragrafe in sommige van die aktuele en/of akademiese artikels van mekaar geskei deur 'n asterisk, soms deur gewone numering en soms deur Romeinse syfers.

4.12 Vergelyking van uitleg (E2)

Die eerste uitgawe van *Spado* is in A4-formaat, waarna dit in A5 verander vir die laaste twee uitgawes voor dit met *Graffier* saamsmelt, wat (soos die eerste *Spado*) 'n A4-publikasie was. *Graffier* is die tydskrif wat die meeste groei toon, vanaf 12 bladsye met sy eerste uitgawe, tot 32 bladsye in *Graffier* 5. *Stet* verskyn ook in A4-formaat, maar die getal bladsye bly tussen 32 en 40 bladsye, met 64 bladsye vir 'n "DubbelStet". *Standpunte* verskyn steeds in A5-formaat, soos in die sestigerjare, met 'n vaste getal bladsye van 80, tot die uitleg effens verander en die bladsye na 64 verminder vir die res van sy leeftyd.

Spado en *Stet* gebruik verskillende voorblaaie met elke uitgawe, terwyl *Graffier* se eerste drie voorblaaie dieselfde is en die laaste drie telkens verskil. Uit die nommers van *Standpunte* wat ondersoek is, verskil die voorbladfoto's van die eerste twee jaar, waarna dieselfde voorbladontwerp gebruik word vir die laaste vier jaar.

Wat tipografie en uitleg betref, is *Stet* en *Graffier* die waaghalsigste en modernste van die vier tydskrifte. Die teks en grafika word op 'n visueel estetiese wyse op die bladsye gerangskik. Foto's, illustrasies, blokke en lyne word gebruik in die bladuitleg. In vergelyking met *Stet* (1982–1992) en *Graffier* (1980–1983) is *Spado* (1980–1981) se uitleg en tipografie eintlik uiters swak. *Standpunte* is, soos altyd, netjies en formeel sonder om enigsins waaghalsig te wees. Die gebruik van interessante tipografie kom voor in *Spado* 1 en *Stet*. In *Graffier* word lettergrootte en vetdruk gebruik om die hiërargie van opskrifte aan te dui, maar in *Standpunte* lyk die hoofopskrifte en subopskrifte dieselfde.

In *Spado* is daar nie werklik sprake van horisontale spasiëring (kyk 2.7.2 a), vertikale spasiëring (kyk 2.7.2 b) of tipografiese wit (kyk 2.7.2) nie. Die bladsye is bloot op 'n tikmasjien van bo tot onder volgetik. In *Graffier* en *Stet* kom daar definitief voorbeelde van horisontale spasiëring en goeie gebruik van tipografiese wit voor. Die uitleg is gebalanseerd en die inhoud van dié tydskrifte lyk interessant, nie vermoeiend nie. Vertikale spasiëring in beide *Stet* en *Graffier* kan veral opgemerk word in die gebruik van twee of drie kolomme in die uitleg. In *Standpunte* speel horisontale spasiëring nie werklik 'n rol nie, maar daar is wel sprake van vertikale spasiëring, met die hoofteks wat aan weerskante geblok is en die inkeping van die aanhalings.

4.13 Opsommend

Die verlede herhaal homself en die skrywers van Tagtig voel dieselfde drang na vernuwung as wat die Sestigters gevoel het. Hulle sit met dieselfde probleme: die gevestigde tydskrifte, of "literêre establishment" soos die Tagtigers hulle gedoop het, is nie

gretig om die vernuwende werk van die jong skrywers te publiseer nie. En al sou hulle dit ook doen, neem dit langer as 'n jaar om te verskyn. Dus is die gevolg dat klein letterkundige tydskrifte of "little magazines" opspruit soos paddastoele na die reën. Ongelukkig is dit 'n feit dat geen publikasie sonder finansiële steun kan oorleef nie, en daarom het die meeste "little magazines" doodgeloop nadat hulle borge hulself aan die tydskrif onttrek het. Ander is verban of verbied nog voor hulle geld kon opraak.

Wat die bydraende skrywers betref, is daar menige oorvleuelings tussen die vier tydskrifte van die tagtigerjare en selfs met die skrywers van Sestig (kyk Aanhangsel A). Die subgenres in die letterkundige tydskrifte het egter uitgebrei om briewe, lirieke, foto's, fotoverhale, ensovoorts in te sluit.

Behalwe vir die tematiese verandering in die inhoud, glo ek die grootste verandering ten opsigte van die letterkundige tydskrifte van die sestigerjare en dié van die tagtigerjare was in die uitleg en tipografie, die inkorporering van grafiese elemente, soos illustrasies, spotprente, kunswerke, foto's en fotoverhale in die tydskrifte. Moderne tye bring moderne tegnologie mee, en die "little magazines" het dit benut.

Hoofstuk 5 – Tydskrifte van '00

[D]alk voel ons dat die taal van ons afhanklikheid daarvan [sic] sal bly bestaan; dalk raak die binne-bitter die stank op papier; dalk word daar soos ons voorgangers gerebelleer teen als wat óns nie pas nie; of dalk hoop ons, ons *confusion* bring vrede...
(Kleyn, *Driepootpot* 1(1):3)

5.1 Inleiding

Vooruitgang in tegnologie, en veral die ontstaan van die Internet (kyk 2.8), het 'n groot invloed op die publikasie van letterkundige tydskrifte in die 2000's gehad. Die grootste bydraende faktor tot die kwynt van "little magazines" in hierdie tydperk kan myns insiens toegeskryf word aan die ontstaan van *LitNet* in 1999. *LitNet* bied ruimte aan sowel gepubliseerde as ongepubliseerde outeurs om hulle werk bekend te stel, en omdat kuberruimte op die web (kyk 2.8.1) oneindig groot is, is daar baie meer ruimte vir die publikasie van 'n wyer verskeidenheid werk as in gedrukte tydskrifte. Volgens Etienne van Heerden (2000), die redakteur van *LitNet*, het "LitNet ... kenners wat versigtig kyk na bydraes en keur. Ons gee eeffe meer skiet as wat 'n papierjoernaal met 'n groter frons op die voorkop sou doen, maar die kwaliteit is onteenseglik daar." Hoewel werk dus steeds streng vir kwaliteit gekeur word, bied *LitNet* aan skrywers van hierdie era 'n uitlaatklep omdat dit steeds moeilik is om werk in die reeds gevestigde letterkundige tydskrifte (soos *Tydskrif vir Letterkunde*, *Stilet*, *Literator*, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, *TNA*) te publiseer. Hierdie studie fokus egter op gedrukte media en daarom word daar nie indringend na *LitNet* as "letterkundige tydskrif" gekyk nie (kyk 6.9 vir meer hieroor).

Die gedrukte tydskrifte wat wel in hierdie era die lig gesien het, kan eerder beskryf word as "little little magazines" omdat hulle meestal hoogstens drie redaksielede het, gewoonlik slegs die werk van ongepubliseerde (en onbekende) skrywers publiseer, en nie oor 'n groot of wye verspreiding beskik nie.

In hierdie hoofstuk word daar na vyf letterkundige tydskrifte van die dekade van tweeduisend gekyk: *Driepootpot*, *PENorent* en *seepdoos SOAPBOX* (in verwysings hierna slegs *seepdoos* genoem) as die afwykings/uitsonderings, met die nommers van *Tydskrif vir Letterkunde* wat sedert 2000 verskyn het as die konvensie/reël. *Tydskrif vir Letterkunde* word in hierdie dekade (en hoofstuk) as konvensie gestel, omdat *Standpunte* (wat in hoofstuk 3 en 4 gebruik is), in 1986 doodgeloop het en dus nie meer beskikbaar was vir vergelykingsdoeleindes nie.

Daar word ook gekyk na *Spilpunt* – die nuutste aanbod op die letterkundige mark – wat nie regtig as ‘n “little magazine” beskryf kan word nie, en moontlik een van die groot spelers in die Suid-Afrikaanse literêre mark kan word (kyk 5.3).


5.2 Biografiese inligting van geselekteerde tydskrifte

5.2.1 Biografiese gegewens van *Driepootpot*

Driepootpot het vanaf Oktober 1999 maandeliks verskyn tot en met Desember 2001/ Januarie 2002. Die redaktrise, Leti Kleyn, was verantwoordelik vir al die nommers van *Driepootpot* wat verskyn het. Medewerkers wat met sommige uitgawes gehelp het, sluit Samantha Miller, Diederick Meij, Anetha Erasmus en Deon Erasmus in.

Daar is ‘n nota in die eerste uitgawe wat sê: “Persons attempting to find a motive in this narrative will be prosecuted; persons attempting to find a moral in it will be banished; persons attempting to find a plot in it will be shot.” Hoewel die risiko van vervolging bestaan, is dié tydskrif myns insiens begin om ‘n toeganklike medium te skep vir ongepubliseerde skrywers om hulle werk in te publiseer.

In ‘n persoonlike onderhoud met Leti Kleyn (14 Mei 2004) het sy aangevoer dat die tydskrif gestaak is omrede sy haar baccalaureusgraad voltooi het, voltyds moes begin werk, deelyds verder vir haar honneursgraad studeer het, en nie tyd gehad het om met die publikasie voort te gaan nie.




Figuur 5.1
Hierdie voorblad, ontwerp deur Ronel van Heerden, pryk voor op die Februarie 2001-uitgawe van *Driepootpot* 2(4).

5.2.2 Biografiese gegewens van *PENorent*

Die drie uitgawes wat van die letterkundige tydskrif *PENorent* verskyn het, is gepubliseer in September 2002 (uitgawe 1), Desember 2002 (uitgawe 2) en April 2003 (uitgawe 3). *PENorent* is deur Oryx Publikasies uitgegee onder redaksie van Danie Knipe.

Knipe voer aan dat hy *PENorent* begin het om "letterkunde en poësie te bevorder en in die meentime 'n jol te hê" (*PENorent* 1:2). In die eerste redakteursbrief filosofer Knipe oor waarom soveel nuwe letterkundige publikasies afsterf en belowe plegtig om (indien *PENorent* sou ophou bestaan) 'n verklaring daarvoor te gee. Dit is egter duidelik dat die sluiting van *PENorent* onverwags was aangesien daar geen aanduiding van so 'n moontlikheid in die laaste uitgawe voorkom nie.



Figuur 5.2

Dié voorblad van die tweede uitgawe van *PEN orent* (Des. 2002) word verkeerdelik aangedui as jaargang 1, vol. 1. Die strokiesprent is geteken deur John House.

5.2.3 Biografiese gegewens van *seepdoos*

Die eerste (en moontlik enigste) uitgawe van *seepdoos* verskyn in Februarie 2004 onder redakteurskap van Rousseau Pienaar. Volgens Pienaar is "The (*seepdoos*) SOAPBOX ... an independent bilingual publication filled with all things of an opinionated and creative nature ... it serves as a place for emotional release, a podium for all to rant and rave from" (*seepdoos* 1:2).

In persoonlike korrespondensie met Rousseau Pienaar verklaar hy: "die *seepdoos* het 'n stil dood gesterf. Of eerder, is in hibernasie stadium [sic]. Die *seepdoos* het baie min kopieë verkoop, en 'n gebrek aan terugvoer en bydraes het die tweede uitgawe vir eers op ys geplaas. Die redes vir die min verkope is dalk gekoppel aan oneffektiewe bemerking, maar dis 'n ander storie ... Die moontlikheid van 'n tweede uitgawe later vanjaar bestaan wel, maar ek kan geen beloftes maak nie, en ook geen datum gee nie" (2004/05/19).



Figuur 5.3
Die voorblad van die eerste (en moontlik enigste) uitgawe van *seepdoos SOAPBOX*, wat in Februarie 2004 verskyn het.

5.2.4 Biografiese gegewens van *Tydskrif vir Letterkunde*

Volgens Kannemeyer (1988:104-105) is die Afrikaanse Skrywerskring in 1934 deur C.M. van der Heever en T.J. Haarhoff gestig. “[D]ie doel [van die Afrikaanse Skrywerskring is] om Afrikaanse skrywers met mekaar in kontak te bring, literêre probleme te bespreek, die verspreiding van die Afrikaanse boek plaaslik en in die buiteland te bevorder, gereelde oorsigte oor die Afrikaanse letterkunde te publiseer, van tyd tot tyd die beste boeke aan te wys en in ’n adviserende hoedanigheid by die voorskryf van boeke op te tree.”

In 1936 publiseer die Afrikaanse Skrywerskring die publikasie *Jaarboek*, wat in 1951 vervang word deur *Tydskrif vir Letterkunde*. Die leidende redakteurs was agtereenvolgens: C.M. van den Heever, Abel Coetzee, Coenie Rudolph, Elize Botha, H.J.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Pieterse en Hein Willemse. Daar word duidelik aangedui dat "...Tydskrif vir

Letterkunde aanvanklik heelwat swak werk publiseer maar onder die redaksie van

C.F. Rudolph en later veral Elize Botha geleidelik verbeter" (Kannemeyer 1983:242).

Van Niekerk (1999:349) staaf Kannemeyer se siening oor die gehalte van die bydraes

wanneer sy beweer: "Tydskrif vir *Letterkunde* publiseer aanvanklik minder goeie

werk maar onder redaksie van Elize Botha sedert die sewentigerjare verbeter die

standaard aansienlik."

In hierdie hoofstuk word daar egter op die uitgawes van die 2000's gefokus. In die


jaar 2000 verskyn daar twee uitgawes van *Tydskrif vir Letterkunde*: jaargang 38(1

en 2) vir Feb./Mei en 38(3 en 4) vir Aug./Nov.). In 2001 (jaargang 39) verskyn daar

ook twee uitgawes met dieselfde intervalle as die vorige jaar. H.J. Pieterse, van die

Figuur 5.4 >>

Die voorbladontwerp van *Tydskrif vir Letterkunde* 39(1/2) is gebruik vir al die uitgawes van 2000 en 2001.



<< Figuur 5.5

Die voorblad van die mees onlangse nommer van *Tydskrif vir Letterkunde* 41(1). Let op die globale aanslag deur die gebruik van verskillende tale vir die woord "Somer".

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Departement Afrikaans aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA), was die redakteur. In 2002 het daar egter probleme ontstaan met die administrasie van die blad en het daar geen uitgawes verskyn nie.

In 2003 neem Hein Willemse, hoof van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria, as redakteur oor. Onder sy redakteurskap verander die voorkoms, taalbeleid (van hoofsaaklik Afrikaans tot die insluiting van Engels, Frans en Nederlands), en redaksionele styl heeltemal. In 2003 verskyn een uitgawe (40(1)), en 'n verdere uitgawe in die somer van 2004 (41(1)).

5.2.5 Biografiese gegewens van *Spilpunt*

In Mei 2004 verskyn die eerste uitgawe van die letterkundige tydskrif *Spilpunt*. Die kernredaksie bestaan uit Leti Kleyn (redaktrise), Gerrit Brand (artikels), Dan Roodt (boeke), Braam Smit (musiek), H.J. Pieterse (poësie), Johann Lodewyk Marais (prosa) en Petrus de Kock (rubrieke).



Figuur 5.6

Die voorblad van *Spilpunt*, die jongste letterkundige tydskrif op die mark. *Spilpunt* se eerste uitgawe het in Mei 2004 verskyn.

Die medewerkers aan die eerste uitgawe is Johan Pienaar, Jeanette Ferreira en roadkillvisiontoilettries. Die uitleg en ontwerp is gedoen deur Hanli Deysel, en Lydia van Eeden was verantwoordelik vir advertensies in die blad. Volgens die administratiewe inligting in die eerste uitgawe sal *Spilpunt* vier keer per jaar verskyn.

5.3 Algemene biografiese vergelyking

Volgens my verskil die stigtingsdoel van die letterkundige tydskrifte *Driepootpot*, *PENorent* en *seepdoos* van dié van hulle eweknieë in die 1980's (*Spado*, *Graffier* en *Stet*) en in die 1960's (*Sestiger*, *Kol* en *Wurm*). Die "little magazines" van die 1960's en 1980's is gestig omdat daar, net soos vandag, 'n groot behoefte onder die skrywers van daardie eras was om hulle werk te publiseer, maar dat daar geen ander opsies as gevestigde tydskrifte soos *Standpunte* of *Tydskrif vir Letterkunde* was nie. Vandag bestaan daar miljoene klein e-tydskrifte op die Internet, om nie eers te praat van die grootste letterkundige e-tydskrif, *Litnet*, nie. Dus was die behoefte van die stigters/redakteurs/redaksielede in die 2000's nie soseer om hulle werk gepubliseer te sien nie, maar eerder om 'n projek aan te pak wat geskoei was op hulle belangstelling – letterkunde – en, soos Danie Knipe dit stel, "in die meantime 'n jol te hê" (*PENorent* 1:2). Dit was dus eerder 'n tydverdryf of stokperdjie as 'n doelbewuste poging om 'n verandering in die letterkundige wêreld teweeg te bring.

Spilpunt, aan die ander kant, beskik oor al die elemente wat nodig is om 'n groot rolspeler in die Suid-Afrikaanse letterkunde te kan word. Die blote feit dat bekende name soos Dan Roodt, H.J. Pieterse en Johann Lodewyk Marais aan die redaksie gekoppel word en dat *Spilpunt* bydraes van gevestigde skrywers soos Hans Pienaar, Marlise Joubert en Jeanette Ferreira bevat, verleen alreeds status aan die blad. 'n Verdere bydraende faktor is die feit dat *Spilpunt* se eerste uitgawe reg oor die land versprei word en gratis aan al die invloedryke letterkundiges gestuur is sodat hulle daarvan kennis kon neem.

Die blote voorkoms van *Spilpunt* is ook 'n aanduiding dat dit in 'n ander kategorie as *Driepootpot*, *PENorent* en *seepdoos* val. *Spilpunt* is professioneel gedruk, dit beskik oor 'n glansbuiteblad in kleur, en die uitleg en ontwerp is uiters professioneel. Dieselfde geld natuurlik vir die nuwe *Tydskrif vir Letterkunde*. Die nuwe volkleur buiteblad op glanspapier en die professionele uitleg en ontwerp, tesame met die meer omvangryke en Afrika-gerigte inhoud en verskillende buiteblaaie met elke nommer, dui op die koms van 'n nuwe era vir die Suid-Afrikaanse letterkundige tydskrif.

5.4 Die letterkundige tydskrif as genre (A1)

Die bespreking in 3.4 (hoofstuk 3) is net so van toepassing op hierdie hoofstuk.

5.5 Inhoud (B1)

5.5.1 Inhoud van *Driepootpot*

Die inhoud van *Driepootpot* (wat uit Afrikaanse en Engelse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Gwen Fouche, Quinten Knox, Samantha Miller, B. Smit en Kabous Verwoerd.
- **Briewe** deur Dirk-Dirk, Ou Antie, Mev. E. Badenhorst, Bertus Blomsteel, Braambos Brand, Mev. Breed, Marius Brits, Rone de Beer, Nadia du Toit, Pierre du Toit, Mev. Groenewald, G. Groenewaldt, Lena Labuschagne, Ina le Roux, Susara Maritz, N.S. Matsamela, Kobus Nel, Dirk Scheepers, Riaan Smit, Peter Snyders, Hanri Steyn, L. Strydom, Ben Swart, Jaap Terreblanche, Ilze van As, Linette van der Merwe, Ronel van Heerden, B. Vermaak, Hendrik Viljoen, Vinkie Visagie, Karla Visser, Matrone Visser, Lena Vos en Mary Yanson.
- 'n **Drama** deur Dèdrè Scaumann.
- **Kortverhale** deur Lourens Buitendach, Kellogs Cornflakes, Miquette de Preez [sic], Marina du Toit, Pierre du Toit, Leti Kleyn, Charles Miller, Samantha Miller,

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Peter Snyders, Angeline Sutherland, Jan van Aarde, Ilze van As, Roux van Zyl, Marilette von Wielligh en Adam Willemse.

- **Poësie** deur Blackman, Dread I, Eva, Plasticboer, Roots, Karen Baadjes, Andries Bezuidenhout, Jan Blaar, Elizabeth Blair, René Bohnen, Döhne Bolsens, Anneke Booysen, Niklaas Botha, Braambos Brand, Elsje Breedt, Marius Brits, Lourens Buitendach, Marlene Burger, Prieska Buthelezi, Eckhard Cloete, Petri Coetzee, Rudi Coetzer, André de Ath, Rone de Beer, Natalie Delport, Jeanne Marie Deyssel, Marina du Toit, Pierre du Toit, Paula Els, Neb Fontein, André Fourie, Ronel Gerrits, Anton Goosen, Tim Isabirye, Marenet Jordaan, Noeline Joubert, Riaan Joubert, Vusi Mahlasela Ka-Zwane, Mariëtte Keyser, Leti Kleyn, Jan Klip, Quinten Knox, Neels Kruger, Anneke Loubser, Marissa Louw, Logic M., Alfred M. Mahlangu, Jubelile Maluleka, Johan Maritz, N.S. Matsamela, Hennie Meyer, L. Meyer, Challos Miller, Samantha Miller, Peter Molepo, Pieter Nagel, Lance Nawa, Olivia Norden, Hèrle Oelschig, Juané Oosthuysen, Johan Piennaar, Louis Pretorius, Willem Punt, Anèlda Reinecke, Gavin B. Rens, F.T. Sathekge, Christiaan Schaap, Zey Scrooby, Sjaka S. Septembir, Yabadaka Shamah, Jerry Tumelo Sibanyoni, Melt Sieberhagen, Jah Man Slow, Braam Smit, Jacques Smit, Betty Smith, Peter Snyders, Carina Stander, Koeka Stander, Estèè Stephenson, Hanri Steyn, Stephan Steyn, Angeline Sutherland, Jan Swart, Deon Terblanche, Eugene Terre'Blanche, Uys du Toit van Aardt, Ilze van As, Maritz van den Berg, Linette van der Merwe, Antonius van der Westhuizen, Ronel van Heerden, Renee van Loggerenberg, van Mollendorff, Elke van Niekerk, Jannes van Vuuren, Anetha van Zyl, Roux van Zyl, A.J. Venter, J.P. Verster, Kabous Verwoerd, Nomsa Vil, Elsa Volschenk, Marilette von Wielligh, Louise Wessels, Adam Willemse en Vusimzi Zisiwe.
- **Strokiesprente** deur Ewald Cress, Joe Dog, Sjaka S. Septembir en Ronel van Heerden.

5.5.2 Inhoud van *PENorent*

Die inhoud van *PENorent* (wat uit Afrikaanse en Engelse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Danie Knipe en Francois Weideman.
- **Foto's** deur Philip de Vos.
- **Poësie** deur Gerrit Bezuidenhout, Robert Edward Bolton, Abraham Brink, Boudewijn Büch, Almari Cloete, Liezel Heigers, John House, Tertius Kapp, Danie Knipe, Moo Mamma, Willem Mulder, Ronel Nel, Alexander Omega, Luzaan Potgieter, Janka Steenkamp, Ray Theron, Marius Titus, Tanya van Tonder en Francois Weideman.
- 'n **Strokiesprent** deur John House.

5.5.3 Inhoud van *seepdoos*

Die inhoud van *seepdoos* (wat uit Afrikaanse en Engelse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Eckhard Cloete, Lindie Erasmus, Cheverra Muendo Masquerat, Rooi Aksie en Jan Stook.
- 'n **Drama** deur Joan-Mari Barendse.
- **Foto's** deur Rousseau Pienaar en Jaco-Ben Roos.
- **Kortverhale** deur Joan-Mari Barendse, Hertzog Hardelewe en Riku Lähti.
- **Poësie** deur J.B., Joan-Mari Barendse, Rozanne Cloete, A'Roux Kamoux, Cheverra Muendo Masquerat, Eckard Smuts en Jan Stook.

5.5.4 Inhoud van *Tydskrif vir Letterkunde*

Die inhoud van *Tydskrif vir Letterkunde* (wat uit Afrikaanse, Engelse, Nederlandse en Franse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Hennie Aucamp, Arnold Blumer, André P. Brink, Willie Burger, Neil Cochrane, Karen de Wet, S.C. Ferreira, Ronel

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Foster, Francis Galloway, Jurie Geldenhuys, Ingrid Glorie, Rosemary Gray, Joan Hambidge, Daniel Hugo, Philip John, J.C. Kannemeyer, Hanmari Kloppers, Christo Lombaard, Lucas Malan, David Medalie, Elsa Nolte, Heinrich Ohlhoff, Hans Pienaar, Hetta Potgieter, Fransjohan Pretorius, Henriette Roos, Wim Rutgers, Salaka Sanou, J.P. Smuts, Maritha Snyman, H.P. van Coller, Heinrich van der Mescht, Dolf van Niekerk, Piet van Rooyen, Helize van Vuuren, Jerome-Alexander van Wyk, Wium van Zyl en Hein Willemse.

- **Dramas** deur Joan Hambidge en George Weideman (fragmente).
- **Foto's** deur Omar Badsha.
- **Kortverhale** deur Achmat Dangor, Johann de Lange, Tom Dreyer, Helon Habila, Marié Jacobs, Anna Kemp, Corene Koen, Rick Moody, Elias Nel, Heinrich van der Mescht en Pieter Wagenaar.
- **Poësie** deur Hennie Aucamp, Toast Coetzer, Leon de Kock, Aline de Witt, Louis Eksteen, Louis Esterhuizen, Diana Ferrus, Gilbert Gibson, Joan Hambidge, George A. Hill, Peter Horn, Neels Jackson, Marlise Joubert, Tertius Kapp, Elsibe Loubser, Renée Marais, Carl Mischke, Melt Myburgh, Charl-Pierre Naudé, Elmarie Otto, Hans Pienaar, Henning J. Pieterse, Johannes Prins, Rina Prinsloo, H.P. van Coller, Dolf van Niekerk, F.I.J. van Rensburg, Ilse van Staden, Nelia Vorster en Jelleke Wierenga.
- **Vertaling** deur Zandra Bezuidenhout.

5.5.5 Inhoud van *Spilpunt*

Die inhoud van *Spilpunt* (wat slegs uit Afrikaanse bydraes opgemaak word) kan soos volg opgesom word:

- **Akademiese en/of aktuele artikels** deur Petrus de Kock, Johann Lodewyk Marais, Dan Roodt en Braam Smit.
- **Kortverhale** deur Jeanette Ferreira, Hans Pienaar en Kabous Verwoerd.
- **Poësie** deur Louis Esterhuizen, Marlise Joubert, Tertius Kapp, Leti Kleyn, Johann Lodewyk Marais, Hennie Meyer, Hans Pienaar en Cas Vos.
- 'n **Strokiesprent** deur Daan du Plessis.

5.6 Vergelyking van inhoud (B2)





Verskeie ooreenkomste en verskille kom voor wat die inhoud en bydraende skrywers van *Driepootpot*, *PENorent*, *seepdoos*, *Tydskrif vir Letterkunde* en *Spilpunt* betref. Akademiese en/of aktuele artikels en poësie is subgenres wat in al vyf tydskrifte voorkom. Briewe verskyn slegs in *Driepootpot* en vertalings slegs in *Tydskrif vir Letterkunde*. Dramas word in *Driepootpot*, *seepdoos* en *Tydskrif vir Letterkunde* gepubliseer, foto's in *PENorent*, *seepdoos* en *Tydskrif vir Letterkunde*, en strokiesprente in *Driepootpot*, *PENorent* en *Spilpunt*. Kortverhale verskyn in al die tydskrifte behalwe *PENorent*.


Dit is verder interessant om die **getal bydraende skrywers** tot elke subgenre in die vyf tydskrifte te ondersoek:

Tabel 5.1: Getal bydraende skrywers tot verskillende subgenres in die '00's

Subgenre	<i>Driepootpot</i>	<i>PENorent</i>	<i>seepdoos</i>	<i>Tydskrif</i>	<i>Spilpunt</i>
Artikels	3	2	5	37	4
Briewe	34	0	0	0	0
Dramas	1	0	1	2	0
Foto's	0	1	2	1	0
Kortverhale	15	0	3	11	3
Poësie	107	19	7	31	8
Strokiesprente	4	1	0	0	1
Vertalings	0	0	0	1	0

Vervolgens grafiese voorstellings van die **getal bydraende skrywers** van die drie grootste subgenres (artikels, poësie en kortverhale) en die persentasie waarin hulle in *Driepootpot*, *PENorent*, *seepdoos*, *Tydskrif vir Letterkunde* en *Spilpunt* voorkom.





Met oorheersende getalle bydraers van poësie blyk dit die grootste subgenre in *PENorent* en *Driepootpot* te wees. Die tweede grootste getal bydraers in *Driepootpot* is van kortverhale, terwyl *PENorent* geen bydraers van kortverhale bevat nie. *seepdoos*, *Tydskrif vir Letterkunde* en *Spilpunt* is meer “gebalanseerd” wat bydraers van artikels, kortverhale en poësie aanbetref. Die getal bydraende skrywers van kortverhale is egter in al drie gevalle in die minderheid.

Driepootpot, *PENorent* en *seepdoos* word al drie uit Afrikaanse en Engelse bydraes opgemaak. *Driepootpot* en *PENorent* se redaksionele kommentaar kom in Afrikaans voor, terwyl *seepdoos* se redaksionele kommentaar in Afrikaans en Engels verskyn. *Tydskrif vir Letterkunde* word uit Afrikaanse, Engelse, Nederlandse en Franse bydraes opgemaak, en die redaksionele kommentaar word in Engels en Afrikaans aangebied. *Spilpunt* bestaan slegs uit Afrikaanse bydraes en bevat geen redaksionele kommentaar nie.

Kyk **Aanhangsel A** vir ’n verdere uiteensetting van *Driepootpot*, *PENorent*, *seepdoos*, *Tydskrif vir Letterkunde* en *Spilpunt* se inhoud wat die bydraende skrywers, die subgenres waarin hulle geskryf het, en ook waar hulle werk gepubliseer is, betref.

5.7 Struktuur (C1)

5.7.1 Struktuur van *Driepootpot*

In *Driepootpot* se interne struktuur word daar hoofsaaklik van die tematiese orderingsbeginsel (kyk 2.5.1 a) gebruik gemaak (kyk Figuur 5.7).

Die eksterne struktuur kan soos volg beskryf word: Die buiteblaaie bevat die mashoof, wat bestaan uit 'n ikoon ('n simbool waaraan 'n sekere betekenis geheg kan word), die naam *Driepootpot*, en die kredo "Alles in een pot *gemix* en *gestir*". Verder verskyn die jaargang en nommer, datum, prys, grafika en opgawe van die inhoud op die voorblad.

Die binnevoorblad (bladsy 2) van uitgawe 1(1) tot 2(5) bevat die redaksielys, drukkerbesonderhede, besonderhede vir die aanstuur van bydraes en voorwaardes

<p>REDAKSIE: <i>The big giant head:</i> Leti Kleyn leti@mighty.co.za 0823479982 <i>Mini me:</i> Samantha Miller</p> <hr/> <p>Drukwerk word gedoen deur: DUPLICO 27 ESSELENSTRAAT SUNNYSIDE TEL: 341 5824</p> <hr/> <p>Stuur enige Afrikaanse en Ingelse bydraes (foto's, mites, fiksie, skertse, sketse, <i>cartoons</i>, wysshede, filosofieë, artikels, briewe, <i>mounery</i>, boererate, borge, skenkings, poësie, poemetrie, limirieke, dramas, kortverhale, kort-kortverhale, vonkfiksie, ballades, sagas, elegieë, sonette, kwatryne, kwadrate, haikoe, sesteds, koeplette, koekresepte, afrikana, geskenkbewyse, uitnodigings, gelukwensings, debatte of enige iets wat sin maak tussen die tjol wat almal praat) aan: Driepootpot Posbus 28209 Sunnyside 0132 driepootpot@mighty.co.za</p> <hr/> <p><i>Fine print</i> Enige bydraes is onderhewig aan verandering wat werke meer <i>gebruikersvriendelik</i> kan maak sonder om skade aan die inhoud, betekenis of oorspronklikheid te doen. Bydraes moet vergesel word met: 'n naam en van, asook telefoon nr of e-pos adres.</p> <hr/> <p>Kopiereg Geen gedeelte van hierdie blad mag gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middele weergegee word, sonder die skriftelike toestemming van die onderskeie outeurs of samestellers van DRIEPOOTPOT nie. ©Kopiereg 1999 Driepootpot Alle regte voorbehou</p>	<p>INHOUDSOPGAWE</p> <p>Redaksioneel: Trap op sy kop dan is hy dood.....3</p> <p>Briewe.....4</p> <p>Poësie: Juane Oosthuysen Rone de Beer.....5</p> <p>Leti Marilette von Wielligh Braam Smit.....6</p> <p>Maritz van den Berg Willem Punt.....7</p> <p>'n fles vol vlieë.....8</p> <p>BITTERKOMIX.....9</p> <p>Prosa: Rembrandt.....9</p> <p>Poetry & Prose: Marilette von Wielligh Jacques Smit Döhne Bolsens.....10</p> <p>Live venues.....11</p> <hr/> <p>A gay remembrance can clear away a storm of fractured emotions... Samantha Miller</p> <hr/> <p>Om seker te maak die April uitgawe van DRIEPOOTPOT bereik u. Pos R5 (plus R3.50 pos en verpakking) aan: DRIEPOOTPOT Posbus 28209 Sunnyside 0132</p>
---	---

Figuur 5.7

In hierdie inhoudsopgawe van *Driepootpot* 1(5) (Mrt. 2000), is die tematiese orderingsbeginsel duidelik sigbaar.

[University of Pretoria etd – Rall, S \(2005\)](#)

en vrywaring by verandering van bydraes, kopieregbesonderhede, die inhoudsopgawe, een of ander aanhaling, besonderhede vir intekening en 'n kennisgewing wat die redaksie vrywaar ten opsigte van die inhoud van die tydskrif. Bladsy 3 van hierdie uitgawes bevat die redakteursbrief en/of briewe van lesers.

Vanaf uitgawe 2(6) (Apr. 2001) verander die struktuur van die binnevoorblad (bladsy 2) effens. Die inhoudsopgawe en besonderhede vir intekening skuif van bladsy 2 na bladsy 3 (om te verskyn saam met die lesersbriewe), en word vervang deur die redakteursbrief. 'n Verdere verandering tree in vanaf Julie 2001 (uitgawe 2(9)). Lesersbriewe, die inhoudsopgawe en intekenbesonderhede (voorheen op bladsy 3) skuif na bladsy 2, en die redaksielys, drukkerbesonderhede, besonderhede vir die aanstuur van bydraes, voorwaardes vir publikasie, kopieregbesonderhede, die redakteursbrief en een of ander aanhaling (voorheen bladsy 2) verskuif na bladsy 3. Die Augustus 2001-uitgawe (2(10)) keer terug na die struktuur wat in die eerste jaar gevolg is, en in die daaropvolgende uitgawe (2(11)) verskyn die lesersbriewe, inhoudsopgawe en aanhaling op bladsy 2, en administratiewe inligting en die redakteursbrief op bladsy 3.

Ongelukkig was nommer 3(1 en 2) van *Driepootpot* nie beskikbaar nie, en dit is dus nie in hierdie studie ingesluit nie. Die laaste uitgawe van *Driepootpot*, wat in Desember 2001/Januarie 2002 verskyn het (3(3)), se voorblad wyk van die norm af en bevat nie die name van bydraers nie. Die tweede bladsy bevat die redaksielys, drukkerbesonderhede, besonderhede vir die aanstuur van bydraes, voorwaardes vir publikasie, kopieregbesonderhede, 'n aanhaling en die redakteursbrief (of, in hierdie geval, redakteursnota). Lesersbriewe verskyn op bladsy 3 en die inhoudsopgawe van 'n ander publikasie kom voor waar *Driepootpot* se inhoudsopgawe veronderstel is om te wees.

Die veranderde voorblad en struktuur is waarskynlik daaraan te wyte dat dit die laaste uitgawe van *Driepootpot* was en die redaktrise vrye teuels aan haar kreatiwiteit kon gee.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Die inhoud self, in al die nommers, is onderskeibaar deur subgenre-opskrifte bo aan elke bladsy. Die naam van die skrywer word gevolg deur die titel van die werk en daaronder volg die werk self (kyk Figuur 5.13).

Op die laaste (soms ook tweede en derde laaste), bladsy(e) van *Driepootpot* kom daar gewoonlik advertensies van "live venues", poësie-aande, Emmer Uitgewers, asook boekvrystellings en nuwe bundels wat onlangs verskyn het en te koop is, voor.

5.7.2 Struktuur van *PENorent*

Die interne struktuur van *PENorent* kan as willekeurig of onreëlmatig (kyk 2.5.1 c) beskryf word.

Die eksterne struktuur kan soos volg beskryf word: Die buiteblaaie bevat die mashoof, *PENorent*, bo aan, gevolg deur die jaargang en nommer, die datum en die titel van die spesifieke uitgawe. Uitgawe 1 staan bekend as "die virgen uitgawe [sic]", 2 as "die krismisboks uitgawe [sic]" en 3 as "die fees uitgawe [sic]". Vanaf uitgawe 2 word grafika op die buiteblad gepubliseer, en word die name van die bydraers en die prys ook op die buiteblad gelys.

Die eerste bladsy (binnevoorblad) van elke uitgawe bevat die inhoudsopgawe (kyk Figuur 5.8) en die tweede bladsy die redaksionele artikel/nota ("editorial"), met 'n karikatuuerskets van die redakteur, Danie Knipe.

Die inhoud self (oorwegend gedigte) word netjies en maklik onderskeibaar op die bladsye georden. Die titel van die werk is bo aan, daarnaas is die naam van die digter met die gedig self daaronder. Die middelblaaie van elke uitgawe bevat 'n profielskets van 'n skrywer, en in die tweede uitgawe (Des. 2002) word 'n bladsy afgestaan ter nagedagtenis aan Ralph John Rabie (Johannes Kerkorrel), wat op 12 November 2002 gesterf het.

<u>inhoud</u>		
editorial	2	Danie Knipe
rooivlagdraer	3	Francois Weideman
Ongetiteld		Janka Steenkamp
dit loop hier		Ronel Nel
Vir my pa, 'n sin	4	Willem Mulder
het 'n walvis inne blik gedruk en nou's ek diktril		Alex Omega
Ek neem jou vanaand	5	Almari Cloete
A Soft Whisper At The Door Of The Day	6	Rob Bolton
An Unmarked Absence	7	Rob Bolton
In Memorium: Ralph Rabie	8	(Red.)
Profiel: Ted Hughes	9	Francois Weideman
moenie die president vermoor nie	11	Tertius Kapp
'n onbekende vrou	12	Danie Knipe
happy sypaadjies	13	Francois Weideman
Study Centre		MooMamma
'n woordspeling in die transkei	14	Danie Knipe
Net so bietjie liefde		Willem Mulder
Treingsprekke	15	Tanya van Tonder
ek is een van daai vroue wat drink		Ronel Nel

Figuur 5.8

In die tweede uitgawe van *PENorent* (Des. 2002) word 'n bladsy afgestaan ter nagedagtenis aan Ralph John Rabie (Johannes Kerkorrel), wat op 12 November 2002 gesterf het.

Op verskeie plekke waar daar spasie oop is tussen die gedigte word kennisgewings of aanhalings geplaas. Bladsy 16 van al drie uitgawes bevat 'n *PENorent*-intekenvorm, en op bladsy 17 verskyn advertensies van restaurante/kuierplekke in Stellenbosch. 'n Advertensie vir Oryx Publikasies verskyn op bladsy 18 van al die uitgawes, en op die agterblad word Oryx Publikasies se logo en e-posadresse gepubliseer.

5.7.3 Struktuur van seepdoos

Die interne struktuur van *seepdoos* kan as willekeurig of onreëlmatig (kyk 2.5.1 c) beskryf word.

Die eksterne struktuur kan soos volg beskryf word: Die buiteblad bevat die datum, nommer, titel (*seepdoos*), 'n opgawe van die subgenres waaruit die inhoud bestaan, lys van bydraers, grafika en die prys (kyk Figuur 5.3). Die binnevoorblad (bladsy 2) bevat die redakteursbrief, kontakbesonderhede, foto-erkenning, kopiereginligting, dankbetuigings, die inhoudsopgawe en 'n aanhaling wat as 'n kredo gebruik word (kyk Figuur 5.9).

Welkom by die seepdoos SOAPBOX se eerste uitgawe!

The (seepdoos) SOAPBOX is an independent bilingual publication filled with all things of an opinionated and creative nature. Stories and poetry, pictures, satire and articles... it serves as a place for emotional release, a podium for all to rant and rave from.

The (seepdoos) SOAPBOX is a work in progress. The publication will grow and evolve, as any publication fueled by creative energy should! New work and voices from the public rainbow will be added. Current contributors will contribute again. This first run contains stories and features which will continue into future issues...

So neem en geniet, en versprei aan die wat moet hoor waar klop die hart die warmste. Verstaan die ongelooflik unieke ervaring van regte mense wat mooigoed staanmaak om geloof, hoop en liefde se onthawe en vir nie 'n sent meer nie. Hoor die magtige dreuning en verkondig dit van die dakke af!
Die seepdoos is hier!

Rousseau Pienaar (ed)

KONTAK ... BYDRAES ... BESTELLINGS
E-mail enige menings, klagtes, komplimente of dreigemente na die seepdoos. Maar belangrik...

get published in seepdoos SOAPBOX no 2
Skep so dat u meestersukke ons bereik teen
5 April 2004
seepdoos@hotmail.com rousp@mweb.co.za

rousseau pienaar, 27/01/2004

photo credits
jeff mitchell/ Reuters / Landov
image edited by rousseau pienaar
independence day imagery from
www.id4.com... edited by jan stook
jaco-ben roos — ingryping om Soetdoring-
boompies (Acacia karoo) te bewaar teen
verwoestende munispale grassnyers.
Ligging: Semi-natuurlike grasveld noord van
Atterburyweg, tussen Lois Laan en Genl.
Louis Botha rylaan. Datum: 20/11/2003

seepdoos SOAPBOX NO. 1
Kopiereg/ copyright © 2004 Rousseau Pienaar (selection) and all individual contributors. All Rights Reserved. No part of this publication may be reproduced or utilized in any form or by any means, electronic or mechanical, including photocopying and recording, or by any information storage and retrieval system, without prior written permission from the editors.

Editing and layout Rousseau Pienaar and Dawid-Willem Pienaar Contact @ 083 413 1716

"We'll get clean together, and i'll find me a soapbox where I can shout it" The White Stripes

DANKIE AAN ALLE BYDRAENDE PARTYE / PARTYJIES
Payment is the traditional motivation behind doing anything which takes time and effort. What kind of person creates simply for the love, the hell and the heaven of it? A few such people do live, breathe and write between the cracks of capitalism and here is the proof. Dank maanlig en goedkoop whiskey vir die digters en skrywers en kunstenaars en argilekte en liedjemakers en een familie lid wat bygedrae het tot hierdie eerste uitgawe. Dank lakens, aande sonder televisie, puberteit en liefdesteleurstellings dat hierdie mense leef, voel, en skep, en nie skroom om hul gedagtes los te laat nie.

TABLE OF CONTENTS inhoudsopgawe

P3	she came in through the bathroom window (joan-mari barendse)
P4, 5	die memoirs van laaitjie roets (riku lötti)
P6	Truth Bites (dawid-willem pienaar)
P7	gedagtes vir die nag (eckard cloete)
P8	gids tot platinum afrikaanse treffers (jan stook)
P9	hoe lyk die pad dan? (cheverra muendo masquerat)
P10	poetry/poësie
P11	eckard smuts • jb • rozanne
P12	cloete • a'roux kamoux •
P13	cheverra muendo masquerat
P14,15	die perverse introvert (joan-mari barendse)
P16	die dagboek van daanljie donnerbos (heftzog hardlewe)
P17	the healing power of sound (lindie erasmus)
P18	Sam (joan-mari barendse)
P19	kersgesang (eckard smuts) tanie (jan stook)

Figuur 5.9
Die binnevoorblad van seepdoos 1(1) bevat die redakteursbrief, kontak-besonderhede, foto-erkennings, kopiereg-inligting, dankbetuigings, die inhoudsopgawe en 'n aanhaling wat as 'n kredo gebruik word.

Die werke self word gepubliseer saam met 'n subgenre-beskrywing, die titel en die naam van die skrywer. Grafika kom ook op verskeie plekke in die tydskrif voor. Die agterblad bevat 'n lemma (woordeboekbeskrywing) vir die woord "soapbox", grafika, 'n aanhaling en seepdoos se e-posadresse.

5.7.4 Struktuur van Tydskrif vir Letterkunde

Die vier uitgawes van Tydskrif vir Letterkunde wat in 2000 en 2001 verskyn het, blyk 'n willekeurige of onreëlmatige (kyk 2.5.1 c) interne struktuur te hê.

Die eksterne struktuur kan soos volg beskryf word: Die voorblaai bevat die titel, Tydskrif vir Letterkunde, die jaargang, nommer, datum, Tydskrif vir Letterkunde-ikoon, 'n paar hooftrekke oor die inhoud, Nasionale Pers se logo en die ISSN.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Die titelblad bevat die titel, *Tydskrif vir Letterkunde*, die name van die hoofredakteur, redakteurs en skakelredaksie, en die *Tydskrif vir Letterkunde*-ikoon. Die binnevoorblad bevat administratiewe inligting en "Voorskrifte aan medewerkers". Op die "imprint"-bladsy verskyn die redaksionele en administratiewe adres, inligting oor intekening, die vrywarings, die ISSN, tipografiese en drukkersinligting en die logo van Nasionale Pers Beperk. Die volgende bladsy bevat die inhoudsopgawe (kyk Figuur 5.10).

Die uitlegformaat van die onderskeie werke is soos volg: die naam van die skrywer verskyn eerste, dan volg die titel gevolg deur die teks van die werk self (kyk Figuur 5.16). Agter in die laaste nommer van elke jaargang word 'n lys gepubliseer van nuwe Afrikaanse boeke wat in die vorige jaar verskyn het.

Inhoud	
Anna Kemp Hein Willemse	Avatara in Westville 1 Die simboliese subteks van "Angela se verhaal", 'n Melvin Whitebooi feuilleton 13 Verse 22
Joan Hambidge Elsa Nolte George A. Hill, Neels Jackson, Jelleke Wierenga Johannes Prins Gilbert Gibson, Ilse van Staden Maritha Snyman	Die sprokie: Deel II 28 Verse 37 Die plek van die jeugreeksboek in die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde 46 Christo Lombaard: Taal: kuns of kens? 60 Verse 62
Literêr-aktueel Elsibe Loubser, Melt Myburgh, Tertius Kapp, Renée Marais	
Lys van nuwe Afrikaanse boeke: Januarie tot Desember 2000 69	

Figuur 5.10
Die inhoudsopgawe van *Tydskrif vir Letterkunde* 39(1 en 2), wat in Februarie/Mei 2001 verskyn het.

INHOUDSOPGAWE / CONTENTS	
5	Shylock in Afrika – Hans Pienaar
8	Om ruim in Afrika te leef – Hein Willemse
23	Afrika en Afrikaans: die beskouings van Herman Charles Bosman en Van Wyk Louw – Willie Burger
34	Thomas Pringle en die Boesmans – Helize van Vuuren
44	Die sprokie: "Die kalkoning" – Hanmari Kloppers en Hetta Potgieter
54	Boerneef en die volkspoësie – Wium van Zyl
PHOTO ESSAY	
71	Remembrances of the Road to Harar – Omar Badsha
76	Oorlog en poësie: primêr 'n Celliers-perspektief – Heinrich Ohlhoff
97	Twee Kersverhale van Henriette Grové – J.P. Smuts
109	Hoe skryf môre se skrywers vandag? – Jurie Geldenhuys
121	Muses van die modder – Hennie Aucamp
139	Die agtergrond van Hubert du Plessis se Afrikaanse liedere (2) – Heinrich van der Mescht
SKEPPEND / CREATIVE	
158	Gedigte / Poetry
173	Kortverhale
180	Drama

Figuur 5.11
Die inhoudsopgawe van *Tydskrif vir Letterkunde* 40(1), wat in 2003 verskyn het.

Soos reeds in 5.2.4 genoem is, het 'n nuwe redakteur die teuels van *Tydskrif vir Letterkunde* in 2003 oorgeneem. Na hierdie oornamereflekteer die interne struktuur nou die tematiese ordeningsbeginsel (kyk 2.5.1 a).

Die voorblad van die uitgawes van 2003 en 2004 bevat die name van die bydraers, die jaargang en nommer, die *Tydskrif vir Letterkunde*-ikoon, die masthead en grafika. Die 2004-uitgawe vertoon ook die woord "Somer" in vier tale (Afrikaans, Engels, Frans en Nederlands). Die binnevoorblad bestaan uit 'n advertensie vir 'n uitgewery.

Bladsy 1 bevat die titel, jaargang en nommer, 'n verkleinde weergawe van die voorblad, met besonderhede van die kunstenaar, die *Tydskrif vir Letterkunde*-ikoon, die ISSN en uitgewerybesonderhede. 'n Redakteursnota (in Afrikaans en Engels) verskyn in die 2003-uitgawe. Bladsy 2 bevat administratiewe inligting: die name van die hoofredakteur, redakteurs, administrateur, ontwerper, adviesraad, raadplegende redaksie en drukker. Verder verskyn die *Tydskrif vir Letterkunde*-ikoon en die ISSN weer, tesame met die fisiese adres, telefoon- en faksnommer, e-pos- en webadres. Die inhoudsopgawe verskyn op bladsy 3 (kyk Figuur 5.11) en 'n intekenvorm kom op bladsy 4 voor.

Die onderskeie werke word gepubliseer saam met die naam van die skrywer, 'n kort beskrywing van die skrywer, die titel, en soms 'n subgenre-beskrywing (kyk Figuur 5.17). Dit word gevolg deur die werk self. Aan die einde van elke tydskrif word riglyne gepubliseer vir skrywers wat bydraes aan *Tydskrif vir Letterkunde* wil voorlê. Die binne-agterblad en die agterblad bevat weereens advertensies van uitgewerye.

5.7.5 Struktuur van *Spilpunt*

Daar word van die tematiese ordeningsbeginsel (kyk 2.5.1 a) in die interne struktuur van *Spilpunt* gebruik gemaak.

Die eksterne struktuur kan soos volg beskryf word: Die voorste buiteblad bevat slegs die *Spilpunt*-ikoon – geen mashoof kom voor nie. Op die agterblad is die prys, naam, datum, jaargang en nommer, name van bydraers en die ISSN gepubliseer.

Die binnevoor- en binneagterblad bevat advertensies van uitgewerye. Bladsy 1 bevat die naam *Spilpunt*, die nommer en jaargang en die inhoudsopgawe (kyk Figuur 5.12). Administratiewe inligting, die redaksielys en kontakbesonderhede van die tydskrif kom ook op hierdie bladsy voor. Bladsy 2 bevat advertensies en die inhoud begin op bladsy 3.

Die onderskeie werke bevat 'n subgenre-beskrywing, die naam van die skrywer en die titel, gevolg deur die werk self.

INHOUD SPILPUNT 01 01	
Boeke	
Eugène N. Marais bly fassineer, Johann Lodewyk Marais	3
Grass-roman bring grondverskuiwing, Dan Roodt	9
Poësie	
Louis Esterhuizen	14
Cas Vos	15
Leti Kleyn	16
Tertius Kapp	17
Marlise Joubert	18
Johann Lodewyk Marais	19
Hennie Meyer	20
Hans Pienaar	21
Stripkuns	
Grim broers, Daan du Plessis	22
Prosa	
Vuurhoutjies, Hans Pienaar	23
Die boom, Jeanette Ferreira	31
Toe deur, Kabous Verwoerd	34
Musiek	
fokopolisiekar, Braam Smit	37
Rubriek	
Bergwoord 1 ('n Rubriek), Petrus de Kock	38

Spilpunt verskyn 4 keer per jaar.
Bydraes op enige terrein word in Afrikaans verwelkom,
en kan aan die kernredaksie gerig word.

Redaktrise: Leti Kleyn
Artikels: Gerrit Brand
Boeke: Dan Roodt
Musiek: Braam Smit
Poësie: Herminie Pieterse
Prosa: Johann Lodewyk Marais
Rubriek: Petrus de Kock

Medewerkers: Johan Pienaar, Jeanette Ferreira, raadskilvisioentoleries
Uitleg en ontwerp: Hanli Deyzel

Kontak Lydia van Bodeen om in SPILPUNT te adverteer:
082 925 0294
lydia.van_bodeen@gvaudan.com

SPILPUNT letikleyn@mweb.co.za 082 347 9982 Posbus 12936 Hatfield 0028

Figuur 5.12

Die inhoudsopgawe van die eerste uitgawe van *Spilpunt* (Mei 2004).

5.8 Vergelyking van struktuur (C2)

PENorent, *seepdoos* en *Tydskrif vir Letterkunde* (2000 en 2001) se interne struktuur kan as willekeurig of onreëlmatig beskryf word. Hierdie tipe interne struktuur behels dat die onderskeie elemente nie liniêr of hiërargies georden is nie, en dat daar ook geen ander vaste patroon of struktuur in die ordening van materiaal vasgestel kan word nie. Aan die ander kant maak *Driepootpot*, *Spilpunt* en die laaste twee uitgawes

van *Tydskrif vir Letterkunde* (2003 en 2004), gebruik van die tematiese ordeningsbeginsel. Hierdie tipe interne struktuur behels dat die onderskeie elemente volgens onderwerp georden word (Odendal & Gouws 2000:1148). In die genoemde tydskrifte met tematiese ordening word die onderskeie subgenres as tematiese ordeningsbeginsel gebruik.

Omtrent die eksterne struktuur van dié tydskrifte kan die volgende opmerkings gemaak word: *Driepootpot*, *seepdoos*, *Tydskrif vir Letterkunde* en *Spilpunt* bevat administratiewe inligting en inhoudsopgawes. Dit word voor in die tydskrif aangebied. *PENorent* bevat wel 'n inhoudsopgawe, maar min of geen administratiewe inligting nie. Die besonderhede van die uitgewer is egter agter op gedruk. *PENorent* en *Tydskrif vir Letterkunde* (2003 en 2004) se inhoud sluit ook 'n intekenvorm in.

Redaksionele kommentaar verskyn voor in *Driepootpot*, *PENorent* en *seepdoos*. *Tydskrif vir Letterkunde* bevat slegs een "Redakteursnota" voor in die uitgawe van 2003 – die eerste een deur die nuwe redakteur, Hein Willemse. Geen redaksionele kommentaar verskyn in *Spilpunt* nie.

5.9 Styl (D1)

5.9.1 Styl van *Driepootpot*

In die redakteursbrief wat in die eerste uitgawe van *Driepootpot* verskyn, skryf Leti Kleyn: "DRIEPOOTPOT is nie 'n post-modernistiese beweging, wat vir 'n afgevaardigde paar bestaan, en poog om die Franse strukturaliste se siening: om die kuns te probeer vervreem, te her-formuleer [sic]; die vrekkerige Afrikaans te probeer red; teen die heersende politici te betoog of die *establishment* af te breek nie. Ons moedig jong (ongepubliseerde) skrywers, wat nog nat agter die ore, maar almal goed gesout is, aan om deel te vorm van die kleinhuisie vol talent, wat in stilte bestaan."

Sy voer verder aan dat "[d]ie redaksie en skrywers ... van DRIEPOOTPOT ... deur die heining wat om hulle gespan word gebreek [het, en] 'n eie kans om hulself te verwoord geskep [het] ... hier kan jy sommer net praat, jy hoef nie éérs te vra nie!" (*Driepootpot* 1(1):3).

5.9.2 Styl van *PENorent*

PENorent bevat geen uitlatings oor die styl van die tydskrif nie, behalwe dat dit gestig is om "... letterkunde en poësie te bevorder ..." (*PENorent* 1:2). Dit was egter 'n uitvloeisel van Oryx Publikasies, wat gestig is deur 'n paar skrywers, onder andere Francois Weideman en Danie Knipe, om hulle bundels te publiseer.

PENorent self bevat slegs poësie in Afrikaans en Engels van meestal onbekende, ongepubliseerde skrywers en 'n profiel van een of ander skrywer in elke uitgawe.

5.9.3 Styl van *seepdoos*

Volgens Rousseau Pienaar, redakteur van *seepdoos*, is "[t]he (*seepdoos*) SOAPBOX ... a work in progress. The publication will grow and evolve, as any publication fueled [sic] by creative energy should! New work and voices from the public rainbow will be added. Current contributors will contribute again. This first run contains stories and features which will continue into future issues..." (2004:2).

5.9.4 Styl van *Tydskrif vir Letterkunde*

Daar is baie min opgeteken oor *Tydskrif vir Letterkunde*, waarskynlik omdat dit nog springlewendig is, en dit is dus moeilik om veel oor die styl te sê sonder om indringend na die inhoud te kyk. [Dit val egter buite die omvang van hierdie studie (kyk 1.4)].

Dit word wel duidelik deur Kannemeyer (1983:242) en Van Niekerk (1999:349)

aangeteken dat *Tydskrif vir Letterkunde* aanvanklik werk van swak kwaliteit publiseer maar later verbeter (kyk 5.2.4). In 1994 skryf Ia van Zyl egter in *Die Burger* van 26 April: "Soos ons dit al van dié tydskrif [*Tydskrif vir Letterkunde*] gewoond is, bied dit weer volop pitkos. En bewys dit – hoewel dit deur sommiges as konserwatief beskou word – dat dit bereid is om almal hul stem te laat hoor."

Nege jaar later, in 2003, word redakteurskap van *Tydskrif vir Letterkunde* deur 'n nuwe redakteur, Hein Willemse, oorgeneem. In die redakteursnota van sy eerste uitgawe (jaargang 40) spreek hy hom soos volg uit: "*Tydskrif vir Letterkunde* het sedert 1951 reeds verskeie fases van verandering beleef. 'n Paar nuwighede sal die gereelde leser in hierdie omnibusuitgawe opval. Terwyl *Tydskrif* soos in die verlede steeds verslag oor die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse letterkundes sal doen, gaan ons ons voortaan ook toespits op verslaglewering deur literatore en skrywers van regoor die Afrika-kontinent en die Afrika diaspora [sic]. Met die 'letterkunde' in *Tydskrif vir Letterkunde* verstaan ons nie net bellettrie nie maar ook uiteenlopende kulturele praktyke wat vorm en betekenis aan ons bestaan gee" (2003:1).

5.9.5 Styl van *Spilpunt*

In 'n persoonlike onderhoud (22 Mei 2004) met die redaktrise van *Spilpunt*, Leti Kleyn, vertel sy dat daar doelbewus geen redakteursbriewe in *Spilpunt* geplaas word nie, omdat hulle geen uitlatings wil maak oor wat met die tydskrif beplan word nie. Sy het wel laat blyk dat hulle beplan om sommige van die uitgawes oor 'n spesifieke tema uit te bring en dat hulle graag 'n opvoedkundige rol wil speel deur mense in te lig oor, byvoorbeeld, die ontstaan en ontwikkeling van "film noir".

Kleyn het verder aangevoer dat hulle graag 'n gesonde balans wil handhaaf tussen gepubliseerde en ongepubliseerde skrywers, en dat hulle ook graag werk wil plaas van mense wat wel reeds debuteer het, maar lank laas iets gepubliseer het, soos Marié Blomerus, om sodoende te sien wat van hulle geword het.

5.10 Vergelyking van styl (D2)

Driepootpot, *PENorent* en *seepdoos* bied 'n podium vir jong, meestal ongepubliseerde skrywers om hul werk te publiseer. *Tydskrif vir Letterkunde*, aan die ander kant, is 'n meer akademiese tydskrif en bied weer 'n platform vir gevestigde, gepubliseerde skrywers. *Spilpunt* poog om 'n balans te handhaaf tussen nuwe en gevestigde skrywers om sodoende die wye spektrum van die Afrikaanse letterkunde te dek.

5.11 Uitleg (E1)

5.11.1 Uitleg van *Driepootpot*

Driepootpot verskyn in A4-formaat. Dit is gedruk op A3-velle, dubbel gevou en gekram. Die uitleg van *Driepootpot* is eenvormig vir die duur van sy bestaan. Die teks lyn meestal aan die linkerkant op, en is geset in 'n 10 pt. *serif* in enkel lynspasiëring oor twee kolomme. Gewoonlik beskik die verskillende bladsye oor 'n subgenre-beskrywing in die hoek bo (kyk Figuur 5.13). By die poësie verskyn die outeur se naam bo aan die bladsy in ongeveer 12 pt. vetdruk. Hieronder verskyn die titel van die werk in 10 pt. vetdruk, met die gedig in 10 pt. gewone druk daaronder. By die kortverhale en artikels verskyn die titel van die werk weer in ongeveer 12 pt. vetdruk met die naam van die skrywer daaronder in 10 pt. vetdruk. Die werk self volg dan hieronder in 10 pt. gewone druk.

Al *Driepootpot* se voorblaaie is kenmerkend dieselfde, en tog verskillend genoeg om die maandelikse uitgawes uitmekaar te ken. Die mashoof figureer baie prominent met die wit *Driepootpot*-ikoon en wit letters op die swart blok (kyk Figuur 5.1).

Nog 'n kenmerkende eienskap is dat daar altyd 'n lynskets, skildery of ets op die voorblad gedruk is, tesame met 'n opgawe van die inhoud en bydraers. By die voorblaaie van nommer 1–4 van die eerste jaargang het dié opgawe onder die kunswerk

Figuur 5.13

Let op die subgenre-beskrywing regs bo in die hoek en in die middel van die regterkolom van hierdie bladsy uit *Driepootpot* 1(5) (Mrt. 2000).


verskyn, met die woorde "In hierdie uitgawe" as opskrif. Van die vyfde nommer af verskyn 'n tematiese ordening van die bydraers se name, onder subgenre-beskrywings soos "Poësie", "Prosa", ensovoorts, aan die regterkant van die kunswerk (kyk Figuur 5.1). 'n Aspek wat *Driepootpot* uitsonder van die ander

publikasies van die era wat hier bespreek word, is dat die redaksie van *Driepootpot* gereeld vir sy lesers 'n "geskenkie" saamgegee het. Voorbeelde hiervan is 'n dosie vuurhoutjies in nommer 2(2 en 3) (Des. 2000/Jan. 2001), rastakrale in nommer 2(8) (Jun. 2001), 'n plastieksoldaatjie in nommer 2(10) (Aug. 2001), ensovoorts.

Ongelukkig word daar nie in elke uitgawe van *Driepootpot* aangedui wie die kunswerk op die voorblad geskep het nie. Die volgende kunstenaars word wel genoem: Dilene Joubert 1(1); André Fourie 1(4); Elna Conradie; Elmarie van der Walt 1(9); Sumi 2(1) en Ronel van Heerden 2(4), 2(6), 2(7).

Die laaste nommer van *Driepootpot* 3(3) se voorblad verskil heeltemal van die res in die reeks. Hierdie voorblad bestaan uit 'n bladsy wat uit die telefoonboek geskeur is met graffiti daarop aangebring. Geen name van bydraers word op hierdie voorblad aangedui nie.


Driepootpot se nommers wissel in omvang tussen 12 en 20 bladsye, met 'n dubbelnummer wat 24 bladsye dik was.



5.11.2 Uitleg van *PENorent*

PENorent verskyn in A5-formaat. Dit is op gewone tikpapier gedruk, dubbel gevou en met krammetjies gebind (saalkram). Die uitleg is baie eenvoudig en eenvormig vir al drie uitgawes wat gepubliseer is.

Die inhoudsopgawe (binnevoorblad) is soos volg uitgelê: Die woord "inhoud" verskyn bo, gesentreer, in ongeveer 14 pt., *sans serif*, kleinletters en onderstreep. Die titels van die werke word links gelys; in die middel verskyn die bladsynommers en regs die name van die outeurs (kyk Figuur 5.8). Die redakteursbrief verskyn op bladsy 2. Bo aan die bladsy verskyn die woord "editorial", gesentreer, in ongeveer 14 pt., *sans serif*, kleinletters en onderstreep, met die datum daaronder binne 'n blok. Onder hierdie blok verskyn daar aan die linkerkant 'n karikatuurskets van die redakteur, Danie Knipe, met die redakteursbrief daarnaas. Die lettertipe wat vir die uitleg van die teks gebruik word, is 'n 10 pt. *sans serif*, en behalwe by die poësie word die teks deurgaans aan weerskante geblok.



Figuur 5.14
'n Bladsy uit *PENorent* 1(2)
(Des. 2002) se "krismis-
boks uitgawe" [sic].

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Die werke self se titels verskyn in vetdruk en onderstreep, met die naam van die outeur daarnaas in hakies in gewone druk (kyk Figuur 5.14). Bladsy 9 en 10 van elke uitgawe bevat 'n profiel van een of ander skrywer. Die opskrif verskyn in 'n blok wat dwarsoor die middelblad getrek is. Die profiel bevat soms ook blokke met teks in vetdruk, of foto's.

Die voorblad van *PENorent* 1(1) bestaan uit die woord "penorent", wat herhaaldelik netjies in 'n blok getik is in 'n *serif*-lettertipe van ongeveer 12 pt. Die titel van die tydskrif verskyn in dieselfde lettertipe bo aan die bladsy in 'n groter lettergrootte. Die jaargang en nommer, die titel van die uitgawe ("die virgen uitgawe" [sic]) en die datum verskyn onder die titel in 'n 12 pt. *serif*. Vanaf die tweede uitgawe het die tydskrif 'n mashoof.

Die tweede uitgawe (verkeerdelik aangedui as jaargang 1, vol. 1) bevat die *PENorent*-mashoof, die jaargang en nommer, titel van die uitgawe ("die krismisboks uitgawe" [sic]) en die datum onder die mashoof in 'n 12 pt. *serif* (kyk Figuur 5.2). 'n Strokiesprent deur John House verskyn op die voorblad. Die name van die bydraers word in 'n 12 pt. *sans serif* op die voorblad aangedui onder die opskrif (in hoofletters en onderstreep): "IN DIÉ UITGAWE". Die onderwerp van die profiel word baie prominent onder die outeurs se name aangedui.

Aan die onderkant van die voorblad verskyn 'n swart blok met die woorde "Vi djou, my lanie, ons maka ntja prys, ni" in 'n 14 pt. *sans serif*. Hiernaas verskyn die woorde "slegs/ONLY/net" met die prys – R5-00 – daaronder.

Op die voorblad van die derde uitgawe verskyn die *PENorent*-mashoof met die jaargang en nommer, die titel van die uitgawe ("die fees uitgawe" [sic]) en die datum onder die mashoof in 'n 12 pt. *serif*. 'n Foto deur Philip de Vos verskyn op die voorblad. Die name van die bydraers word in 'n 12 pt. *sans serif* op die voorblad aangedui onder die opskrif (in hoofletters en onderstreep): "IN DIÉ UITGAWE". Aan die

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

onderkant van die voorblad verskyn 'n swart blok met die woorde "Vat hom al die pad huistoe Boeta!!!" in 'n 14 pt. *sans serif*. (Hierdie uitgawe het by die KKNK-fees van 2003 verskyn.) Hiernaas verskyn die woorde "slegs/ONLY/net" met die prys – R5-00 – daaronder.

PENorent bestaan tydens sy hele lewensduur van drie uitgawes uit 'n vaste getal bladsye per nommer, naamlik 16.


5.11.3 Uitleg van *seepdoos*

Soos *Driepootpot* verskyn *seepdoos* ook in A4-formaat. Dit is gedruk op A3-velle, dubbel gevou en gekram. Die voorblad bevat die datum en nommer (in 'n *sans serif*, ongeveer 14 pt.), die mashoof, subgenre-aanduidings in wit letters op swart blokke (aansluitend by die mashoof – kyk Figuur 5.3), die name van bydraers, 'n vertikale strook grafika, en die prys regs onder in die hoek. In die mashoof (in kleinletters) en subgenre-aanduidings (in hoofletters, *sans serif*, ongeveer 14 pt.) word die Afrikaanse woorde in gewone druk, en die Engelse woorde in vetdruk, weergegee. Die opskrif "contributions/ bydraes" is in ongeveer 12 pt. gewone letters, terwyl die name van die bydraers in 10 pt. vetdruk daaronder verskyn.

Die binnevoorblad bevat die redakteursbrief, administratiewe inligting, bedankings, en die inhoudsopgawe. Min tipografiese wit is sigbaar op hierdie bladsy en die inhoud kom effens deurmekaar voor (kyk Figuur 5.9).

Die inhoudsopgawe word soos volg in 'n 12 pt. *sans serif* uitgelê: die bladsynommers verskyn links, die titel van die werk in vetdruk daarnaas, en die naam van die outeur (tussen hakies, in gewone letters) daaronder.

Die poësie is in twee kolomme uitgelê en slegs 'n *sans serif*-lettertipe word gebruik. Die gedigtitel verskyn meestal in vetdruk van ongeveer 12 pt. Die gedigteks self is in



Figuur 5.15
'n Bladsy uit *seepdoos*
1(1) van Februarie 2004.
Let op die gebruik van
gryse (kyk 2.7.3 a) deur
die digter se van in 'n
effens ligter skakering as
sy naam uit te lê.

gewone druk van ongeveer 10 pt., en die outeur se naam verskyn in 12 pt. dwars aan die linker- onderkant van die gedig. Die digter se van is in 'n effens ligter skakering as sy naam (kyk Figuur 5.15). Hierdie gebruik van gryse (kyk 2.7.3 a) maak die swart-en-wit uitleg veel interessanter.

Verder blyk daar geen vaste uitlegstyl in *seepdoos* te wees nie, behalwe vir die volgende aspekte: Subgenre-beskrywings kom by elke werk voor, die naam van die skrywer word dwars in die kantlyn aangedui op dieselfde wyse as bo beskryf, en die titels van die werke (behalwe poësie) verskyn baie groot en dwars oor die bladsye. Op verskeie plekke in die tydskrif kom foto's, grafika en aanhalings voor. Op die agterblad verskyn die woordeboekdefinisie van die lemma "soapbox", en 'n strokiesprent met 'n aanhaling van Jan Stook.


seepdoos bestaan uit 20 bladsye.

5.11.4 Uitleg van *Tydskrif vir Letterkunde*

Tydskrif vir Letterkunde word in A5-formaat gedruk. Die uitgawes wat in 2000 en 2001 verskyn het, is eenvormig wat die voorblaaie en uitleg betref. Die voorblaaie bestaan uit drie kolomme, waarvan die buitenste twee gekleur en die middelste een wit is (kyk Figuur 5.4). Die wit blok bevat die titel, *Tydskrif vir Letterkunde*, in *sans serif*-hoofletters van ongeveer 14 pt. Daaronder verskyn die jaargang en datum, ook in *sans serif*, maar in gewone letters van ongeveer 10 pt. Hieronder is die *Tydskrif vir Letterkunde*-ikoon in dieselfde kleur as die twee buitenste kolomme. Dit word gevolg deur hooftrekke uit die tydskrif in 8 pt. *sans serif*-teks. Laastens verskyn die Nasionale Pers-logo en die ISSN.

Behalwe dat die lettertipe wat vir die inhoud van uitgawe 38(1) (*sans serif*) gebruik is, verskil van dié van die ander drie uitgawes – 38(2), 39(1) en 39(2) – wat in 'n *serif* geset is, is die uitleg eenvormig. Die teks verskyn in 'n 10 pt. lettergrootte in enkel lynspasiëring. Die opskrifte verskyn in 12 pt. en die subopskrifte in 10 pt. vetdruk. Aanhalings het 'n inkeping van 5 mm van die kantlyn af, en die voetnote en bibliografie is in 8 pt. geset. Die inhoudsopgawe word opgemaak uit die outeur se naam, die titel van die werk en die bladsynommer. Die teks is gewone letters in 'n 10 pt. lettergrootte. Die omvang van hierdie vier uitgawes wissel van 80 tot 136 bladsye.

Die uitleg van die 2003- en 2004-uitgawes verskil drasties van die vorige jare s'n. In die eerste plek bestaan die "tydskrif" uit soveel bladsye (192 bladsye) dat dit die fisiese formaat van 'n sagtebandboek aanneem. Die buiteblaaie is in volkleur gedruk, het 'n glansbedekking en verskil met elke uitgawe. Op die voorblad van nommer 40 (2003) is 'n swart-en-wit foto deur Omar Badsha afgedruk en 'n versameling keramiekteëls van Ruan Hoffmann verskyn op die voorblad van nommer 41(1) (Somer 2004 – kyk Figuur 5.5).



Figuur 5.16
 'n Bladsy uit *Tydskrif vir Letterkunde* 39(1 en 2), Feb./Mei 2001. Die een-vormige uitleg van die inhoud, wat vir al drie van die 2000- en 2001-uitgawes van *Tydskrif vir Letterkunde* dieselfde is, is hier duidelik te sien.



Figuur 5.17
 'n Bladsy uit die 2003-uitgawe van *Tydskrif vir Letterkunde* 40(1). Die invloed van die professionele ontwerper, Tienie du Plessis, is duidelik sigbaar. Hy gebruik tipografie (kyk 2.7.1) effektief by die uitleg van artikels, kortverhale en poësie deur *serif*- en *sans serif*-lettertipes met 'n spesifieke doel voor oë te gebruik.

Die verandering in die taalbeleid van die tydskrif (kyk 5.2.4) word ook weerspieël op die voorblad wanneer die woord "Somer" in vier tale – Afrikaans (Somer), Engels (*Summer*), Frans (*Été*) en Nederlands (*Zomer*) geset word.

Die invloed van die professionele ontwerper, Tienie du Plessis, is duidelik sigbaar. Hy gebruik tipografie (kyk 2.7.1) effektief by die uitleg van artikels, kortverhale en poësie deur *serif*- en *sans serif*-lettertipes met 'n spesifieke doel voor oë te gebruik. Die naam van die outeur verskyn links bo aan die bladsy in ongeveer 'n 9 pt. *sans serif*. Onder die naam is 'n kort beskrywing van die outeur in 'n 8 pt. *serif*. Dit is in 'n kolom geblok en lyn aan die regterkant op. Die titels van artikels, kortverhale en gedigte word in ongeveer 14 pt. *sans serif* geset, met die subopskrif in 'n 10 pt. *sans*

serif. Dit is in 'n kolom geblok langs die kolom wat die outeur se naam en besonderhede bevat, en lyn aan die linkerkant op.

By artikels verskyn daar onder die titel en outeurbesonderhede 'n vertaalde opsomming van die artikel (kyk Figuur 5.17). Die opskrif is in 'n 10 pt. *sans serif* in vetdruk geset. Dit lyn aan die linkerkant op in dieselfde kolom as die hoofopskrif van die artikel. Hieronder volg die opsomming in 'n 10 pt. *sans serif*. Dié lettertipe is egter anders (dunner) as die *sans serif* wat in die opskrifte gebruik word. Die teks het 'n inkeping van 20 mm en word aan weerskante geblok. By die artikel self word 'n *serif*-lettertipe van ongeveer 10 pt. gebruik. Die subopskrifte in die artikel self word in vetdruk gedruk, en die teks het 'n inkeping van 35 mm en is aan weerskante geblok. By poësie is die uitleg van die outeursbesonderhede en titel dieselfde as wat hierbo beskryf is, maar die teks self het 'n inkeping van 40 mm en lyn aan die linkerkant op. Kortverhale word met 'n inkeping van 35 mm uitgelê.

Soos by die inhoudsopgawes van 2000 en 2001 (kyk Figuur 5.10) is die teks van die inhoudsopgawes van 2003 en 2004 (kyk Figuur 5.11) te min om die hele bladsy te vul. Die verskil in die uitleg is egter opmerklik. In die latere uitgawes van *Tydskrif vir Letterkunde* word tipografiese wit (kyk 2.7.2) effektief benut deurdat daar 'n spasie oopgelos word tussen die opskrif, "INHOUDSOPGAWE / CONTENTS" (14 pt. *sans serif* in hoofletters), en die teks van die inhoudsopgawe.

Die teks self lyn aan die linkerkant op, en bestaan uit 'n 10 pt. *sans serif*, met die naam van die outeur in vetdruk. Subgenre-opskrifte word in hoofletters geset en van mekaar geskei deur spasies van tipografiese wit.

5.11.5 Uitleg van *Spilpunt*

Die letterkundige tydskrif *Spilpunt* verskyn in 'n formaat wat effens smaller is as A4 (w=160 mm x h=193 mm). Die voorblad bestaan uit 'n collage van die woord

“spilpunt” in rooi op wit (kyk Figuur 5.6). Die *Spilpunt*-ikoon verskyn links onder in wit.

Die tipografie van *Spilpunt* bestaan slegs uit 'n *serif*-lettertipe en die lynspasiëring is deurgaans enkel. Bladsy 3 is in twee kolomme verdeel. Bo in die regterkantste kolom verskyn die inhoudsopgawe (kyk Figuur 5.12). Die opskrif is in hoofletters en ongeveer 12 pt. groot. Die subgenre-opskrifte is ook 12 pt., maar in gewone letters, en die titels van die werke en outeurs in 9 pt.

Die name van die outeurs en bladsynommers is in vetdruk. Onder die inhoudsopgawe, in die linkerkantste kolom, verskyn administratiewe inligting in 8 pt. Die name van die redaksie en advertensie-vertegenwoordiger verskyn in vetdruk. Onder



Figuur 5.18
'n Bladsy uit *Spilpunt* 1(1), wat in Mei 2004 verskyn het. Let op die subgenre-beskrywing en naam van die outeur (regs bo) wat regs oplyn omdat dit op die regterkantste bladsy uitgelê is.

aan die bladsy word die kontakbesonderhede van die redaktrise gegee: in vetdruk en gesentreer.

Die werke self is soos volg uitgelê: heel bo verskyn die subgenre-beskrywing in 12 pt. vetdruk, daaronder verskyn die naam van die outeur in gewone letters en daaronder, in 9 pt., 'n opmerking. Hierdie hele gedeelte lyn aan die regterkant op in-dien dit op 'n regterkantste bladsy verskyn (kyk Figuur 5.18), en links op 'n linkerkantste bladsy. Na 'n stuk tipografiese wit (kyk 2.7.2) van ongeveer 22 mm verskyn die titel in ongeveer 14 pt., met 'n inkeping van ongeveer 18 mm. Die werk self verskyn hieronder in ongeveer 10 pt., met 'n 27 mm inkeping.

Die daaropvolgende bladsye van die werk behou 'n wit spasie van ongeveer 27 mm van bo en van die kant af op die bladspieël.

Die eerste uitgawe van *Spilpunt* bestaan uit 40 bladsye.

5.12 Vergelyking van uitleg (E2)

Die "little little magazines" word nie slegs so getipeer oor hul klein redaksie, onbekende bydraers en beperkte verspreiding nie; ook hulle fisiese voorkoms en uitleg dra by tot dié indeling. *Driepootpot* (12–24 bladsye), *Penorent* (20 bladsye) en *seepdoos* (20 bladsye) is nie net dunner as *Spilpunt* (40 bladsye) en *Tydskrif vir Letterkunde* (80–190 bladsye) nie, maar die produksieproses is ook goedkoper en eenvoudiger omdat dié tydskrifte op 'n kopieermasjien gereproduseer is en nie deur die drukproses nie. Die drukproses bepaal ook die kwaliteit van die omslae.

Wat die fisiese grootte (dimensies) betref, sien mens weereens dat A4 en A5 die gewildste groottes vir letterkundige tydskrifte is. *Spilpunt* se vreemde grootte (kyk 5.11.5) verdien egter meer aandag. Omdat dié tydskrif afwyk van die fisiese norm trek dit definitief meer aandag – 'n belangrike aspek as mens in gedagte hou dat letterkundige tydskrifte (soos die meeste ander publikasies) afhanklik is van verkope.

Die uitleg van *Tydskrif vir Letterkunde* (2003 en 2004) en *Spilpunt*, wat definitief groter begrotings tot hulle beskikking het, is tekenend van hul groter status in die literêre wêreld. Meer tyd en moeite is bestee om die inhoud esteties en leser-vriendelik uit te lê. Dit is duidelik in die keurige gebruik van tipografie, die ooglopende hiërargie van opskrifte, die goed waarneembare vertikale spasiëring (kyk 2.7.2 b) deur gebruik te maak van kolomme, inkepings en oplyn van teks aan die linker- of regterkant of aan weerskante, en die opmerklike horisontale spasiëring (kyk 2.7.2 a) deur die vryelike gebruik van tipografiese wit (kyk 2.7.2).

Daar word meestal van enkel lynspasiëring gebruik gemaak, en die enigste werklike voorbeeld van 'n groter tipografiese digtheid (kyk 2.7.3 b) is sigbaar in die nuwe uitleg van *Tydskrif vir Letterkunde* (2003 en 2004). Die opsommings van die artikels (kyk Figuur 5.17) is in 'n *sans serif*-lettertipe geset waarvan die letters baie nouer as die gewone is. Die "kerning" (die afstand tussen die letters) van dié lettertipe is dus ook kleiner, en dit veroorsaak 'n groter tipografiese tonale digtheid.

5.13 Opsommend

Soos die 1960's en 1980's bring die een-en-twintigste eeu sy eie geleenthede en uitdagings mee, met vooruitgang in tegnologie wat waarskynlik die grootste bydraende faktor is. Die Internet knou "little magazines" al hoe meer hoe verder ons in die jare 2000 inbeweeg. *Driepootpot* (1999 tot 2002) het die langste lewensduur gehad. *PENorent* (2002 tot 2003) het slegs drie nommers gepubliseer, en *seepdoos* (2004) slegs een. Hoewel die reproduksie van hierdie tydskrifte redelik maklik en redelik goedkoop gedoen kan word, is die belangstelling daarin maar skraps. Rousseau Pienaar van *seepdoos* bevestig hierdie stelling wanneer hy sê: "Die *seepdoos* het baie min kopieë verkoop, en 'n gebrek aan terugvoer en bydraes het die tweede uitgawe vir eers op ys geplaas" (2004/05/19).

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Tegnologie hou egter ook 'n menigte voordele in, veral waar dokumentontwerp betrokke is. Nuwe rekenaarsagteware laat uitlegkunstenaars toe om visueel estetiese ontwerpe te maak wat nie slegs die voorkoms nie, maar ook die gebruikersvriendelikheid van 'n teks verbeter. Goeie voorbeelde hiervan is te sien in die nuwe uitgawes van *Tydskrif vir Letterkunde* (2003 tot 2004), *Spilpunt* (2004) en selfs *seepdoos* (2004).

Hoewel die 2000's moontlik die begin van die einde vir die gedrukte "little magazine" kan wees, sal die gees van hierdie genre vir ewig in die kuberruimte bly voortbestaan in klein webwerwe of e-tydskrifte (kyk 2.8.2), soos www.skoppensboer.co.za, www.onseangeltjie.co.za en www.pro.co.za/hoorhier/.

Hoofstuk 6 – Gevolgtrekkings

6.1 Inleiding

Die doel van hierdie studie was om veranderende tendense in die dokumentontwerp van Suid-Afrikaanse letterkundige tydskrifte oor drie eras (1960's, 1980's en 2000's) na te vors (kyk 1.4). Genre, inhoud, struktuur, styl en uitleg is aspekte van die dokumentontwerp wat volgens Renkema se CCC-model (kyk 2.2) ondersoek is.

Na deeglike bestudering van die navorsingsmateriaal is die bevindinge volgens era in hoofstuk 3 (1960's), 4 (1980's) en 5 (2000's) aangeteken. Deur analise van hierdie aantekeninge kan gevolgtrekkings oor die dokumentontwerp van die tydskrifte van die onderskeie eras gemaak word. Hierdie gevolgtrekkings word, op grond van 'n vergelyking tussen al drie eras, vervolgens weergegee.

6.2 Genre-suiwerheid (A2)

Soos reeds in A1 (kyk 3.4) beskryf is, is die tydskrif as geskikte genre vir die publikasie van letterkundige inhoud ondersoek. Letterkundige tydskrifte word deur die volgende konvensies gekenmerk:

- Die inhoud is van 'n letterkundige aard.
- Die tydskrif verskyn gewoonlik ten minste twee keer per jaar.
- 'n Tydskrif beskik oor verskeie fisiese eienskappe wat dit van ander gedrukte media soos koerante of boeke onderskei:
 - Die belangrikste hiervan is waarskynlik die papier waarop die dokument gedruk is. Koerante word gedruk op koerantpapier (48g) terwyl letterkundige tydskrifte op 'n swaarder tipe papier gedruk word. Dit word op papier met omtrent die dikte van gewone tikpapier (80g) gedruk.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

- Tweedens is die fisiese grootte van die dokument insiggewend. Tydskrifte is baie selde groter as A4, en die meeste tydskrifte wat in hierdie navorsing gebruik is, is inderdaad in A4- of A5-grootte.
- Derdens beskik tydskrifte gewoonlik oor 'n afsonderlike buiteblad van dikker papier, en selfs al is dit nie die geval nie, is tydskrifte altyd gerugbind met gom, krammetjies of garing.

Tabel 6.1: Genre-konvensies van letterkundige tydskrifte

Tydskrifte uit 1960's, 1980's en 2000's wat in die studie gebruik is	Inhoud van letterkundige aard	Frekwensie van publikasie per jaar*	Dikker tipe papier (tikpaper)	Fisiese grootte van die tydskrif	Afsonderlike buiteblad vir tydskrif	Tydskrif gerugbind
<i>Driepootpot</i>	✓	±11 per jaar	✓	A4	✗	✓
<i>Graffier</i>	✓	±3 per jaar	✓	A4	✗	✓
<i>Kol</i>	✓	±8 per jaar	✓	A5	✓	✓
<i>PENorent</i>	✓	3 per jaar	✓	A5	✗	✓
<i>seepdoos</i>	✓	1 per jaar**	✓	A4	✗	✓
<i>Sestiger</i>	✓	4 per jaar	✓	A5	✓	✓
<i>Spado</i>	✓	3 per jaar	✓	A4 + A5	✓	✓
<i>Spilpunt</i>	✓	4 per jaar	✓	Smaller as A4	✓	✓
<i>Standpunte</i>	✓	6 per jaar	✓	A5	✓	✓
<i>Stet</i>	✓	4 per jaar	✓	A4	✗	✓
<i>Tydskrif vir Letterkunde</i>	✓	2–4 per jaar***	✓	A5	✓	✓
<i>Wurm</i>	✓	±4 per jaar	✓	Korter as A4	✓	✓

*Die meeste van dié tydskrifte het nie op gereelde tye verskyn nie en om dié rede word gemiddelde jaarlikse frekwensies gegee.

**Slegs een uitgawe van *seepdoos* het verskyn, maar die moontlikheid vir 'n tweede uitgawe vanjaar bestaan wel (kyk 5.2.3).

***Soms verskyn twee nommers in een band.

Dit is uit Tabel 6.1 duidelik dat al die tydskrifte wat in hierdie studie gebruik is aan meeste van die kenmerkende genre-konvensies wat in A1 (3.4) genoem is, voldoen.

6.3 Inhoud: ooreenkomste, verskille, gevolgtrekkings

Die beste metode om die volledigheid en konsekwentheid van die inhoud van die tydskrifreeks oor die drie eras heen te meet, is om dit in tabelformaat (kyk Tabel 6.2) uit te beeld.

Tabel 6.2: Subgenres van letterkundige tydskrifte ingedeel volgens drie kategorieë

Tydskrifte	Aforismes	Dramas	Kort-verhale	Poësie	Fragmente uit romans /novelles	Vertalings	Foto's	Foto-verhale	Kuns-werke	Strokies-prente	Artikels	Briewe	Onderhoude
<i>Sestiger</i>		✓	✓	✓	✓						✓		
<i>Wurm</i>		✓	✓	✓		✓			✓		✓		✓
<i>Kol</i>		✓	✓	✓	✓						✓		✓
<i>Standpunte '60</i>			✓	✓	✓						✓		
<i>Spado</i>			✓	✓		✓	✓		✓	✓	✓		
<i>Graffier</i>		✓	✓	✓		✓	✓		✓	✓	✓	✓	✓
<i>Stet</i>	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
<i>Standpunte '80</i>	✓		✓	✓	✓	✓					✓		✓
<i>Driepootpot</i>		✓	✓	✓						✓	✓	✓	
<i>PENorent</i>				✓			✓			✓	✓		
<i>seepdoos</i>		✓	✓	✓			✓				✓		
<i>Tydskrif vir Letterkunde</i>		✓	✓	✓		✓	✓				✓		
<i>Spilpunt</i>			✓	✓						✓	✓		
	skeppende/kreatiewe skryfwerk						kuns				aktueel		

University of Pretoria etd – Rall, S. (2005)

Indien 'n mens die subgenres wat in hierdie studie geïdentifiseer is, indeel in drie kategorieë genaamd skeppende/kreatiewe skryfwerk, kuns en aktueel, waar die kategorie skeppende/kreatiewe skryfwerk opgemaak word uit aforismes, dramas, kortverhale, poësie, fragmente uit romans/nouvelles en vertalings; die kategorie kuns uit foto's, fotoverhale, kunswerke en strokiesprente en die kategorie aktueel uit artikels, briewe en onderhoude, kan sekere insiggewende afleidings gemaak word:

Die sestigerjare is ongetwyfeld meer gefokus op die kategorieë skeppende/kreatiewe skryfwerk en aktuele werk. Hoewel daar geen briewe in die tydskrifte van die 1960's gevind word nie, is daar wel ruimte vir kommentaar van lesers in byvoorbeeld die "Korrespondensie"-rubriek van *Wurm* (kyk 3.7.2) en "KOLmentaar" in *Kol* (kyk 3.7.3). Behalwe vir die kunswerke wat in *Wurm* verskyn, bevat die tydskrifte van die sestigs geen verdere subgenres wat onder die kategorie kuns val nie.

Uit Tabel 6.2 is dit ook duidelik dat die 1980's verteenwoordigend was van al die subgenres in hierdie studie. Al die subgenres wat onder skeppende/kreatiewe skryfwerk, kuns en aktueel val, verskyn in die tydskrifte van die tagtigerjare.

Volgens Johann L[odewyk] Marais is "[t]agtig ... ongetwyfeld die tydperk van die tydskrif. Daar was nog nooit soveel tydskrifte van wisselende gehalte waar jong skrywers hulle werk kon publiseer nie. Hier word groei gestimuleer en dis 'n belangrike leerskool en sorteertafel vir latere publikasie" (*Beeld* 1983).

Al drie kategorieë kom redelik verteenwoordigend voor in die tydskrifte van die 2000's. In die kategorie skeppende/kreatiewe skryfwerk skitter die subgenre fragmente uit romans/nouvelles egter in sy afwesigheid. Miskien is dit daaraan te wyte dat die leser van vandag graag 'n groter verskeidenheid werke (uit verskillende subgenres, deur verskillende skrywers) tot sy beskikking wil hê en dit dus nie moontlik is om soveel ruimte in 'n tydskrif aan een skrywer af te staan nie.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Hoewel strokiesprente en foto's (die kuns-kategorie) nogal wyd voorkom in die tydskrifte van die 2000's is 'n verdere leemte die uitsluiting van kunswerke – hoewel ek glo dat *Tydskrif vir Letterkunde* in die rigting van insluiting van ander kunsvorme, by wyse van foto's, in die publikasie beweeg (kyk 5.9.4). In die 2003-uitgawe (40(1)) verskyn 'n foto-artikel wat redelik maklik onder die subgenre fotoverhale kan val, en op die omslag van die eerste uitgawe van 2004 (41(1)) verskyn foto's van Ruan Hoffmann se keramiekteëls (moontlik die begin van die insluiting van kunswerke?). Meer oor kunswerke op die voorblaai van tydskrifte volg in 6.6.

Wat die aktuele kategorie betref, word artikels deur die bank by die tydskrifte van 2000 aangetref, maar onderhoude en briewe ontbreek, behalwe in *Driepootpot*. Daar is gereelde ruimte aan briewe afgestaan, 'n onderhoud met Eugène Terre'Blanche het op hulle webwerf verskyn (*Driepootpot* 2(5):3) en 'n poging tot 'n onderhoud met Mzwakhe Mbuli het misluk "[w]eens die staat se onkunde om 'n verouderde hiërargiese bestuurstelsel te volg" (Kleyn, *Driepootpot* 2(11):3).

6.4 Struktuur: ooreenkomste, verskille, gevolgtrekkings

Die interne ordeningstruktuur van die tydskrifte in hierdie studie blyk in twee kategorieë te val. *Sestiger*, *Wurm* (1–3 en 5), *Kol*, *Standpunte*, *Spado*, *Stet*, *PENorent*, *seepdoos* en *Tydskrif vir Letterkunde* (2000- en 2001-uitgawes) maak van willekeurige of onreëlmatige ordening gebruik (kyk 2.5.1 c).

Wurm (4 en 6–12), *Graffier*, *Driepootpot*, *Tydskrif vir Letterkunde* (2003- en 2004-uitgawes) en *Spilpunt* maak van die tematiese ordeningsbeginsel gebruik (kyk 2.5.1 a).

Die ordeningstruktuur van die tydskrifte was waarskynlik gebaseer op die onderskeie redakteurs se persoonlike smaak. Die willekeurige of onreëlmatige ordeningsbeginsel gee aan die tydskrifte 'n tipe spontaneïteit wat nie deur liniêre (kyk 2.5.1 a) of

hiërargiese ordeningsbeginsels (kyk 2.5.1 b) verwerf kan word nie. 'n Verdere voordeel wat die gebruik van die willekeurige of onreëlmatige ordeningsbeginsel inhoud, is dat dit die uitleg van die tydskrif aansienlik vergemaklik aangesien die inhoud ingepas kan word soos die redakteur/uitlegkunstenaar goed dink, en dit nie volgens 'n voorafbepaalde struktuur in hoef te pas nie.

'n Tematiese ordeningsbeginsel, aan die ander kant, verleen aan die tydskrif 'n gestruktureerdheid wat nie slegs meer professioneel voorkom nie, maar ook dui op beplanning van die interne struktuur van die tydskrif. Die tematiese ordeningsbeginsel verhoog die gebruikersvriendelikheid van die tydskrif omdat die leser reeds met eerste oogopslag na die inhoudsopgawe kan bepaal watter subgenres in die tydskrif voorkom voordat hy/sy verder lees aan die titels van die onderskeie werke waaruit die inhoud bestaan.

Die gebruik van 'n tematiese ordeningsbeginsel impliseer vanselfsprekend dat daar subgenre-beskrywings in die onderskeie afdelings in die tydskrif sal wees, soos duidelik in byvoorbeeld *Spilpunt* (kyk Figuur 5.18) te sien is. Dus beïnvloed die interne struktuur ook die eksterne struktuur wat met hoofopskrifte, subopskrifte, ensovoorts gemoeid is (kyk 2.5.2). Die uitleg van die tydskrif (kyk 6.6), insluitend die tipografie (kyk 2.7.1) en wit spasie (kyk 2.7.2), oefen vanselfsprekend ook 'n groot invloed op die suksesvolle implementering van eksterne struktuur uit.

Dit is insiggewend dat die twee tydskrifte van die 2000's wat professionele ontwerpers vir die uitleg van die tydskrif gebruik (die "nuwe" *Tydskrif vir Letterkunde* en *Spilpunt*), beide ook van die tematiese ordeningsbeginsel gebruik maak.

6.5 Styl: ooreenkomste, verskille, gevolgtrekkings

Die styl van Sestig, wat deurgaans in *Sestiger*, *Wurm* en *Kol* voorkom, was 'n vernuwing in die letterkunde – 'n vernuwing wat plaasgevind het in reaksie op die

formaliteit en gestruktureerdheid van die verlede. Daar was geen vaste reëls of regulasies nie. Volgens Barnard was dit "’n soort ontvlugting... gestroop van vooropgestelde vooroordele, voorkeure en standpunte" (*Sestiger* 1(3):32). Volgens Kannemeyer (1983:239) bied *Sestiger* (die eerste "little magazine") aan "skrywers die geleentheid om hulle kragte saam te span, vryelik in nuwe rigtings te eksperimenteer, oor hulle werk te besin en polemies standpunt in te neem teen persone en toestande in die literêre wêreld en die samelewing as sodanig."

Tagtig was die "tydperk van die tydskrif" (kyk 6.3) en die publikasie van onder andere *Spado*, *Graffier* en *Stet* getuig hiervan. Marais beklemtoon egter die verskil tussen die *Sestiger* en die *Tagtiger* wanneer hy skryf: "Vervreemding en sosio-politieke probleme bedreig die *Tagtiger*. Betrokke literatuur soos dié van André P. Brink word nie geskryf nie. Dit is asof die *Tagtiger* nie in dieselfde mate oor sosiale onreg, ens. bekommerd is nie. Ook sensuur kry min aandag en weerstand van die kant van die jong skrywers! Hy sien homself nie as ’n woordvoerder vir die onderdrukte geslag nie. Die individu se persoonlike lotgevalle is belangriker. Opvallend baie jong skrywers doen in *Tagtig* diensplig of kom in opstand daarteen. Hierdie gegewe word in hulle werk betrek..." (*Beeld* 1983). Hierdie opstand teen diensplig, asook die stem van die bruin *struggle*-skrywer, figureer sterk in veral *Stet*.

Die meeste nommers van *Driepootpot*, *PENorent*, *seepdoos*, *Tydskrif vir Letterkunde* (vanaf 2000) en *Spilpunt* verskyn in ’n nuwe era en ’n nuwe millenium. Louise Viljoen (2000) is dit eens dat "[d]ie meeste ... nuwe stemme [van die 2000's] ... klaarblyklik voort[kom] uit ’n wêreld wat anders lyk as dié een wat hulle voorgangers gevoed het. Die informasietegnologie (wat meer as een van hulle se leeftog is waar baie van hulle voorgangers akademici was), ’n wêreldwye populêre kultuur (wat wemel van die films, televisie, musiek en grafika) en verskynsels soos dwelmverslawing en VIGS is deel van die wêreld wat hulle vorm. Verder voel hulle skynbaar onbetrokke by die waardes en ideologieë wat ’n groot deel van die Afrikaanse letterkunde in sy nasionalistiese óf versetsgewaad onderlê het en gaan hulle gemaklik om met dit wat buite die grense van Suid-Afrika lê, of dit nou Afrika of die wye wêreld is."

Dit is duidelik dat die geskiedenis, realiteite en aktualiteite van die onderskeie tydperke of eras (1960's, 1980's en 2000's) 'n beduidende invloed op die inhoud en styl van die verskillende publikasies gehad het.

6.6 Uitleg: ooreenkomste, verskille, gevolgtrekkings

Die beste metode om die volledigheid en konsekwentheid van die verskillende uitleg-elemente van die tydskrifreeks oor die drie eras heen te meet, is om dit in tabel-formaat uit te beeld (kyk Tabel 6.3).

Tabel 6.3: Uitleg-elemente van letterkundige tydskrifte

Tydskrifte	Aantal bladsye	Ontwerp van voorblaaie	Spel met tipografie	Vertikale spasiëring	Horisontale spasiëring	Tipografiese tonale digtheid
<i>Sestiger</i>	52-76	herhaal			<input checked="" type="checkbox"/>	laer
<i>Kol</i>	32	nuut	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>		hoër
<i>Wurm</i>	48-128	beide ⁺			<input checked="" type="checkbox"/>	laer
<i>Standpunte '60's</i>	62-70	herhaal		<input checked="" type="checkbox"/>		hoër
<i>Spado</i>	48-62	nuut	<input checked="" type="checkbox"/>			hoër
<i>Graffier</i>	12-32	beide ⁺	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	laer
<i>Stet</i>	32-40	nuut	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	laer
<i>Standpunte '80's</i>	64-80	beide ⁺		<input checked="" type="checkbox"/>		hoër
<i>Driepootpot</i>	12-24	nuut				hoër
<i>PENorent</i>	20	nuut				hoër
<i>seepdoos</i>	20		<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>		hoër
<i>Tydskrif vir L...</i>	80-190	beide ⁺	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	laer
<i>Spilpunt</i>	40		<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	laer

⁺Met "beide" word bedoel dat die ontwerp van die voorblaaie soms nuut (uniek) was en soms herhaal het.

Die aantal bladsye van 'n publikasie is baie insiggewend omdat mense meestal met die eerste oogopslag 'n waardebeoordeling oor 'n tydskrif maak. Indien 'n tydskrif dun is, word onderbewustelik aangeneem dat hy nie gewig dra nie of nie gesaghebbend is nie.¹

¹ Hoewel hierdie stelling nie uit die literatuur bewys is nie, het die navorser wel hierdie houding waargeneem in die praktyk. Sy is reeds tien jaar betrokke by die publikasie van verskeie tydskrifte en kan hierdie stelling staaf deur opmerkings van lesers en adverteerders in die bedryf.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Die voorblad van 'n tydskrif is een van die belangrikste ontwerp-elemente. Om dieselfde voorblad vir verskillende uitgawes te gebruik, mag voordelig wees om die naam te vestig, maar dit is ook belangrik om verskillende nommers van mekaar te onderskei om verwarring te vermy. Die beste opsie is waarskynlik om 'n sterk mashoof te behou en die grafika op die voorblad van elke nuwe nommer te verander. *Driepootpot* het dit baie geslaagd gebruik, so ook die "nuwe" *Tydskrif vir Letterkunde*.

Dit is interessant dat die gebruik van die naam van die tydskrif as collage, of 'n lemma (woordeboekbeskrywing) van die naam gereeld oor al drie eras heen deur verskeie tydskrifte gebruik is. Voorblaaie van *Sestiger*, *Kol*, *PENorent* en *Spilpunt* bevat collages van die naam. *Stet* bevat 'n lemma van die woord "stet" op die voorblad van sy eerste uitgawe en *seepdoos* 'n lemma van die woord "soapbox" op sy agterblad.

Dit is egter nie net ontwerpe met woorde wat op die voorblaaie van letterkundige tydskrifte voorkom nie. Kunswerke word gereeld gebruik as grafika voor op tydskrifte. Voorbeelde is duidelik te sien in Figuur 3.2 ('n kunswerk van Wopko Jensma voor op *Wurm*), Figuur 3.3 ('n kunswerk van Elza Botha voor op *Kol*), Figuur 4.1 ('n ontwerp van Thys de Wit voor op *Spado*), Figuur 4.2 ('n kunswerk van Nick Curwell voor op *Graffier*), Figuur 4.3 ('n Kunswerk van Julien Venter voor op *Stet*), Figuur 5.1 ('n kunswerk deur Ronel van Heerden voor op *Driepootpot*), Figuur 5.2 ('n strokiesprent deur John House voor op *PENorent*) en Figuur 5.5 ('n foto van keramiekteëls ontwerp deur Ruan Hoffman voor op *Tydskrif vir Letterkunde*).

Soos reeds in 6.4 genoem is, oefen die tipografie en tipografiese wit 'n invloed uit op die eksterne struktuur van die tydskrif. Onder tipografie val die lettertipe (*serif* of *sans serif*), lettergrootte, gewig (vetdruk of nie), skuinste (kursief of nie), hoofletters of kleinletters, en onderstreping of nie.

Die tipografiese tonale digtheid kan direk verbind word met die vertikale, maar veral horisontale spasiëring en lynspasiëring. 'n Hoë tipografiese digtheid laat 'n bladsy "besig" lyk en veroorsaak vermoeienis by die leser, terwyl 'n lae tipografiese digtheid, met goeie gebruik van tipografiese wit, gebruikersvriendelik, skoon en oop voorkom. Dit is duidelik dat ontwerpers en uitlegkunstenaars van die jare 2000 deeglik bewus is van bogenoemde ontwerp-elemente en dit baie effektief in die uitleg van *Spilpunt* en die "nuwe" *Tydskrif vir Letterkunde* toepas. Hulle beskik nie alleen oor die kennis om hierdie ontwerpe uit te voer nie, maar tegnologie (en veral die nuutste saggeware) bemagtig hulle met die tegnieke en toerusting daartoe.

6.7 Samevatting

Die beginsels en bevindinge van dokumentontwerp, die ontwikkeling van tegnologie in die vorm van die Internet, die uitlegproses, die drukproses, ensomeer, het dit met die verloop van jare makliker gemaak om dokumente optimaal vir hulle doel en teikengehoor te ontwerp.

Soos uit die resultate blyk, het die parameters van die dokumentontwerp van die letterkundige tydskrifte wat in hierdie studie bestudeer is, wel oor die veertig jaar verskuif, hoewel 'n groot getal beginsels ook oor die veertig jaar onveranderd gebly het.

Van die sestiger- tot die tagtigerjare het die **inhoud** aansienlik uitgebrei om nuwe subgenres (in veral die kuns-kategorie) in te sluit. Geen verdere uitbreiding vind egter van die 1980's tot 2000 plaas nie, en daar kan dus aangeneem word dat die subgenres in hierdie periode onveranderd gebly het.

Oor die veertig jaar heen bly die gebruik van óf willekeurige of onreëlmatige ordening óf tematiese ordening konsekwent. In die 2000's (veral 2003 en 2004) word die

interne **struktuur** egter meer prakties en gebruikersvriendelik benader, en word toepaslikheid van die tematiese ordeningsbeginsel meer direk aan die uitleg gekoppel.

Die **styl** van die inhoud en voorkoms of werkswyse verander deur die eras volgens die gebeurlikhede en knelpunte wat aan die orde van die dag is. Weens die kursoriese aard van hierdie kwalitatiewe meta-analise is dit egter nie moontlik om gevolgtrekkings en uitsprake oor die styl te maak nie.

Uitleg is egter die gebied waar die grootste progressie plaasgevind het. Soos reeds genoem, speel die studie van dokumentontwerp en die beskikbaarheid van sagteware 'n groot rol in die vooruitgang in die uitleg van dokumente. Lesers se behoeftes kan bepaal word, en die dokument kan op so 'n wyse ontwerp en gestruktureer word dat dit waarde toevoeg aan die inhoud, leesbaarheid en doel van die dokument.

6.8 Leemtes in studie

Hoewel hierdie studie reeds uitsonderlik omvangryk is in 'n kwalitatiewe hoedanigheid, kan dit slegs as 'n steekproef gesien word wat die dokumentontwerp van letterkundige tydskrifte betref. Slegs twaalf tydskrifte, uit 'n aansienlike hoeveelheid publikasies (kyk Aanhangel B), is geanaliseer en ontleed en daar is feitlik geen aandag aan elektroniese publikasies gegee nie.

Inligting oor die styl-aspekte van die onderskeie publikasies bestaan meestal uit aanhalings van persone wat betrokke was by die tydskrifte. Soos reeds in 6.7 genoem is, kon daar nie in fyn besonderhede en op 'n omvattende wyse na die inhoud van elke teks in elke tydskrif gekyk word nie. Dit was dus onmoontlik om my eie afleidings omtrent die styl van die tydskrifte te maak, en om dié rede is die direkte woorde van redakteurs, medewerkers en literatore gebruik om die styl (vir die doel van hierdie studie) te beskryf.

Verdere leemtes is dat daar geen navorsing ingesluit is oor die keurvereistes vir die insluiting van bydraes in enige van die tydskrifte nie, en dat inligting oor die drukoplae van die tydskrifte ook ontbreek.

6.9 Verdere navorsingsgeleenthede

In vele opsigte is hierdie studie 'n eerste in die vakgebied dokumentontwerp en die genre letterkundige tydskrifte. Die ontleding van die dokumentontwerp van letterkundige tydskrifte is (so ver my kennis strek) nog nooit vantevore nagevors nie, hoewel daar reeds studies oor die dokumentontwerp van koerante gedoen is (Schoenbach, K., Lauf, E., Stürzebecher, D. & Klobloch, S. 1999. Evaluating 350 newspapers – factors contributing to their success: A summary of a large-scale empirical study. *Document Design* 1(2):75–84.)

Hoewel daar reeds talle ondersoeke na letterkundige tydskrifte onderneem is (kyk 1.2), is hierdie die eerste studie waar die ontwerp-elemente van letterkundige tydskrifte ondersoek is. Omdat die omvang van 'n magistergraad egter beperk is, is daar vele ander aspekte wat verder ondersoek kan word. Hierdie kan dus as 'n verken-nende of loodsstudie gesien word wat die moontlikhede aandui vir verdere studie.

Daar is ook reeds navorsing op die terrein van elektroniese letterkundige media gedoen (De Wet, K. 2003. e-Publishing and Afrikaans Poetry: Why is the Advantages of Available Technology Slow to be Embraced in the Developing World. *International Journal of the Book* (1)), maar dit is nie uit die invalshoek van die dokumentontwerp geskryf nie. Verdere navorsing kan byvoorbeeld gedoen word oor die evolusie van papier na elektroniese media, die genre-konvensies van letterkundige e-tydskrifte, asook keurvereistes vir insluiting van materiaal in elektroniese media.

Bibliografie

- Abrams, M.H. 1999. *A Glossary of Literary Terms*, 7de uitg. New York: Harcourt Brace College.
- Bhatia, V.K. 1993. *Analysing genre: language use in professional settings*. London: Longman.
- Boekkooi, J. 1984. The latest essay in literary Brinkmanship. *The Star* 2 April*.
- Campbell, A. 1984. *The Graphic Designer's Handbook*. Pennsylvania: Running.
- Carstens, A. 2000a. *Oorredende Tekste*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Carstens, A. 2000b. *Principles of Document Design DDS 251*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Combrinck, W.G. 1945. Die Hollandse en Afrikaanse letterkundige tydskrifte van Suid-Afrika, 1824–1940. MA-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.
- De Wet, K. 2003. e-Publishing and Afrikaans Poetry: Why is the Advantages of Available Technology Slow to be Embraced in the Developing World. *International Journal of the Book* (1) [aanlyn].
Beskikbaar:
http://bc2003.publisher-site.com/ProductShop/view_product/9540/20362?c2c_OrderFrom=http%3A%2F%2Fbc2003.Publisher-Site.com%2FProductShop%2F%3Fstart%3D1
Besigtig op 2004/06/28
- Driepootpot* 1(1–12), 2(1–11), 3(3). 1999–2001. Pretoria: [sn].
- Dry, P.J.J. 1939. Ons Klyntji: sy historiese agtergrond, sy ontstaan, sy betekenis vir ons kultuur. MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Engelbrecht, T. 1990. Op agterpote oor *Standpunte* se geld. *Naweek-Volksblad* 11 Augustus*.
- Fowler & Fowler (reds.). 1960. *The Pocket Oxford Dictionary of Current English*, 4de uitg. Oxford: Clarendon.
- Graffier* 1–6. 1980–1983. Belville: Kaapse Groep.
- Groff, V. 1990. *The Power of Color in Design for Desktop Publishing*. Portland: MIS.

- Grové, A.P. (red.). 1963. *Letterkundige Sakwoordeboek vir Afrikaans*. Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery.
- Hambidge, J. 1992. Genre, in *Literêre terme en teorieë*, geredigee deur T.T. Cloete. Pretoria: HAUM-Literêr:148–150.
- Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur I*. Kaapstad: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur II*. Kaapstad: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1988. *Die Afrikaanse Literatuur 1652–1987*. Kaapstad: Academica, 'n afdeling van Human & Rousseau.
- Keys, E. 1993. Typography, Color and Information Structure. *Technical Communication* (4):638–654.
- Kleyn, L, Redaktrise, *Spilpunt*. 2004. Onderhoud deur outeur. [Transkripsie]. 14 & 22 Mei. Pretoria.
- Kol* 1(1–10). 1968–1969. Braamfontein: Boekhandel De Jong.
- Lindenberg, A. 1998. André P. Brink, in *Perspektief en Profiel I*, geredigee deur H.P. van Coller. Pretoria: J.L. van Schaik:294–329.
- Marais, J.L. 1983. Tydperk van die tydskrif. *Beeld* 21 Maart*.
- Meine, F.J. (red.). 1949. *The Consolidated-Webster Encyclopaedic Dictionary*. Chicago: Consolidated Book.
- Meyer, M. & Baber, R. 1995. *Computers in your future*. Indianapolis: Macmillan.
- Miles, J. 1968. Persverklaring oor publikasie van *Kol*.
- Odendal, F.F. & Gouws, R.H. (hoofreds.). 2000. *Verklarende Handwoordeboek vir die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.
- Ohlhoff, H. 1999. Perpektief op die Afrikaanse poësie: die poësie van voor 1900 tot 1960, in *Perspektief en Profiel II*, geredigee deur H.P. van Coller. Pretoria: J.L. van Schaik:21–243.
- Olivier, F. 1986. *Standpunte se toekoms in die weegskaal*. *Rapport* 10 Augustus*.
- Paltridge, B. 1997. *Genre, frames and writing in research settings*. Philadelphia: J. Benjamins.
- Peck, J. & Coyle, M. 1993. *Literary Terms and Criticism*. London: Macmillan.
- PENorent* 1(1–3). 2002–2003. Stellenbosch: Oryx.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

- Pienaar, R. (rousp@mweb.co.za). 2004/05/19. *Inligting verlang oor die publikasie seepdoos SOAPBOX*. E-pos aan S. Rall (suzanne@techsmart.co.za). Besigtig op 2004/05/19.
- Renkema, J. & Kloet, L. 2000. De toestand van een tekst: Een diagnose volgens het CCC-model. *Management & Communicatie: Dossier* (6)25–36.
- Roos, H. 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu, in *Perspektief en Profiel I*, geredigeer deur H.P. van Coller. Pretoria: J.L. van Schaik:21–117.
- Sawata, L. 1999. *Black-and-white and Two-color Design*. Massachusetts: Rockport.
- Schriver, K.A. 1997. *Dynamics in Document Design*. New York: Wiley Computer.
- seepdoos SOAPBOX* 1. 2004. Pretoria. [sn].
- Sestiger* 1(1–4) & 2(1–4). 1963–1965. Pretoria: Unie-Boekhandel.
- Schoenbach, K., Lauf, E., Stürzebecher, D. & Klobloch, S. 1999. Evaluating 350 newspapers – factors contributing to their success: A summary of a large-scale empirical study. *Document Design* 1(2)75–84.
- Spado* 1–3. 1980–1982. Johannesburg. [sn].
- Spilpunt* 1. 2004. Pretoria. [sn].
- Standpunte* 11(5 en 6). 1957. Parrow: Nasionale Boekhandel.
- Standpunte* 14(3); 15(2 en 3); 16(3); 17(3); 18(3); 19(3); 20(3); 21(3); 22(3); 23(3). 1961–1970. Parrow: Nasionale Boekhandel.
- Standpunte* 34(3); 35(3); 36(3); 37(3); 38(3); 39(3); 39(4). 1981–1986. Parrow: Nasionale Boekhandel.
- Stet* 1(1); 2(1); 3(1); 3(3 en 4); 4(1 en 2); 5(1); 6(1 en 2). 1982–1990. Bramley. Taurus.
- Suid-Afrika. 1974. *Wet op Publikasies, nr. 42, 1974*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Terblanche, H.J. & Odendaal, J.J. 1966. *Afrikaanse Woordeboek – Verklarend met woordafleidings*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Toerien, B.J. 1986. 'n Orkaantjie om 'lêpunte'. *Die Burger* 30 April*.
- Tydskrif vir Letterkunde* 38(1–2), 39(1–2), 40(1) en 41(1). 2000–2004. Pretoria: Tydskrif vir letterkunde-vereniging.

University of Pretoria etd – Rall, S (2005)

Uys, A.M. 1933. Die Hollandse letterkundige tydskrifte aan die Kaap tussen 1875 en 1900 as kultuur-historiese beeld van Suid-Afrika met besondere verwysing na die letterkundige. MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad.

Van der Zalm, C. (samest.). 2001. *Letterkunde van A tot Z*. Utrecht: Het Spectrum B.V.

Van Gorp, H. et al. 1991. *Lexicon van Literaire Termen*, 4de uitg. Nederland: Wolters-Noordhoff.

Van Heerden, E. 2000. 'n Gevaarlike ruimte. *LitNet* [aanlyn].
Besikbaar:
<http://www.litnet.co.za/wie/w03.asp>
Besigtig op: 2004/06/01

Van Heerden, E. et al. 1980. Brief wat die eerste uitgawe van *Graffier* vergesel het.

Van Niekerk, A. 1999. Die Afrikaanse vroueskrywer – van egotekste tot postmodernisme (18e eeu – 1996), in *Perspektief en Profiel II*, geredigeer deur H.P. van Coller. Pretoria: J.L. van Schaik:305–443.

Van Zyl, I. 1994. Vele stemme klink op uit *Tydskrif vir Letterkunde*. *Die Burger* 26 April*.

Viljoen, D. 1985. Brink redakteur van *Standpunte*. *Die Burger* 24 Oktober*.

Viljoen, L. 2000. Nuwe stemme in die Afrikaanse letterkunde. *LitNet Seminaarkamer, Die Burger*-lesingreeks, KKNK [aanlyn].
Besikbaar:
<http://www.litnet.co.za/seminaar/viljoen.asp>
Besigtig op 2004/06/14

Vraagteken oor *Standpunte*. 1983. *Die Volksblad* 8 Oktober*.

Wurm 1–12. 1966–1970. Pretoria. [sn].

* Bladsynommers nie beskikbaar nie – koerantartikels verkry uit knipsellêer-versameling, Akademiese Inligtingsdiens (Biblioteek), Universiteit van Pretoria.